ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

Vrye Weekblad

27 April 1990 Tel: (011) 836--2151 Fax: (011) 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

Die ekstreme regse groepe is bereid om selfs lede van die kabinet om die lewe te bring as dit nodig is vir 'n suksesvolle staatsgreep, sê die leier van die Boerestaat Party, Robert van Tonder, in 'n merkwaardig eerlike onderhoud met Hennie Serfontein op bladsye 12 en 13

'Dit wás Doepa se doepa'

JACQUES PAUW

LONDEN - Kaptein Dirk Coetzee, vol selfvertroue en netjies uitgevat in 'n grys pak, het gister hier in Suid-Afrika Huis sy vinger na die adjunk-kommissaris van Polisie, genl Lothar "Doepa" Neethling, gewys en gesê: "Hy hét vir my die gif gegee waarmee ek moes moor."

Neethling het Vrye Weekblad vir 'n R1 miljoen weens beweerde laster gedagvaar nadat die koerant dié bewering verlede jaar gepubliseer het. Die saak het nog nie voor die hof gedien nie.

Coetzee het die afgelope twee dae 'n verhaal van moord, aanranding, intimidasie, vergiftiging en verbranding aan die Harms-kommissie geskets oor sy sowat agtien maande as bevelvoerder van 'n polisiemoordbende.

Coetzee was die derde veiligheidspolisieman wat regter Louis Harms en minstens agt spanne regsgeleerdes probeer oortuig het dat hy as polisieman met amptelike goedkeuring teenstanders van die staat vermoor het. Hy het gedetaileerde weergawes gegee van die binnelandse moorde en operasies waarby hy en sy span Askari's betrokke was.

Aan die einde van sy getuienis het regter Harms saamgestem: "The evidence was heavy" en kruisondervraging tot vanoggend (Vrydag) verdaag.

Coetzee, wie se getuienis deur adv Dennis Kuny gelei is, het sy getuienis in Engels gelewer en waarnemers was dit na die tyd eens dat hy met groot selfvertroue gepraat het en die indruk geskep het dat hy 'n man is wat 'n las van sy skouers wil afkry.

Coetzee het aan die kommissie gesê dat hy as Veiligheidspolisieman verhewe bo die wet was en toegelaat is om dinge te doen wat vir ander polisiemanne verbode was. Hy het gesê die polisiemag het die kultuur van die Veiligheidspolisie gerespekteer en geen gewone lid van die mag het dit ooit gewaag om enige Veiligheidsoptrede te bevraagteken nie.

"Die Veiligheidsfamilie het spesiale beskerming wat hulle toelaat om bo die wet op te tree.

"Ons was betrokke in 'n skemerlig-oorlog waar dit nie altyd moontlik was om binne die wet op te tree nie."

Coetzee het dié aantygings teen senior lede van die mag, wat hy reeds in November verlede jaar in Vrye Weekblad gemaak het, herhaal.

Hy het dieselfde moorde weer beskryf en aan 'n geskokte gehoor vertel hoe die moordbende nie geskroom het om teenstanders tromp-op te skiet, te vergiftig en te verbrand nie.

Regter Harms het in 'n stadium aan Coetzee gevra: "Is daar enigiemand in Suid-Afrika wat jy nié impliseer nie?"

Coetzee het vandeesweek ook nuwe voorvalle genoem waarby hy as bevelvoerder van 'n moordbende betrokke was wat veral verband gehou het met die intimidasie van vakbond--leiers in Oos-Kaapland. Dit het onder meer die steel van voertuie ingesluit en 'n metode om telefoonrekenings die hoogte in te jaag.

Coetzee het vertel van die voorval waar hy twee ANC-lede, Vusi en Peter, probeer vergiftig het met slaapdruppels en poeiergif wat hy persoonlik by Neethling se huis gaan haal het.

Hy het gesê dat dit algemeen bekend was in veiligheidskringe dat Neethling gif verskaf waarmee ANC-lede vergiftig konword.

Hy het sy weergawe destyds in Vrye Weekblad bevestig en weer eens vertel hoe hy een Sondagoggend na Neethling se huis is om gif te gaan haal. "Ons wou Vusi en Peter vergiftig omdat niemand juis die hart gehad

Vervolg op bladsy 2

Aids in die SAP - p3

Daeraad van vrede

ELSABé WESSELS

DIE sluit van 'n voorlopige skietstilstand tussen die regering en die African National Congress op hul historiese eerste ontmoeting aanstaande week kan die daeraad van 'n nuwe era in die Suid-Afrikaanse politiek inlui.

'n Klipgooi van die Parlement het regeringsverteenwoordigers en 'n ANC-span onder die leiding van die organisasie se intelligensiehoof, Jacob Zuma, en 'n lid van die uitvoerende komitee, Aziz Pahad, dié week onder streng geheimhouding die laaste reëlings vir Woensdag se ontmoeting getref.

Die Lusaka-afvaardiging wat aan die driedaagse gesprekke gaan deelneem, kom vandag met 'n huurvlug in Kaapstad aan. Hulle is die sekretaris-generaal van die ANC, Alfred Nzo, die ANC se sekretaris van buitelandse sake, Thabo Mbeki, 'n lid van die ANC se uitvoerende komitee en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party, Joe Slovo, die hoof van Umkhonto we Sizwe, Joe Modise, en die ANC se hoof van godsdienssake, Ruth Mompati.

Hulle word vergesel van 'n ondersteuningspan, onder wie die voormalige UDF-leier van die Grens en lid van die uitvoerende komitee, Steve Tshwete, die ANC se grondwetkenner, Zola Skweyia, en Reg September, wat die Wes-Kaapse tak van die ANC sal aanvoer.

Die Lusaka-lede sal hulle in Kaapstad by die leier van die span, Nelson Mandela,

Vervolg op bladsy 2

Ondersoek dien geen nut

Lubowski-familie onttrek aan Harms-kommissie

CHRISTELLE TERREBLANCHE

DIE familie van die vermoorde Swapo-aktivis, Anton Lubowski, het hulle regsverteenwoordigers opdrag gegee om uit die verrigtinge van die Harms-kommisie van Ondersoek te onttrek. Hulle meen die ondersoek het, sover dit Lubowski betref, geen verdere nut nie weens die beperkte verwysingsraamwerk van die kommissie.

In 'n verklaring waarin die familie die kommissie op twaalf punte bevraagteken, word gesê dat hulle nie beoog om weer aan die ondersoek deel te neem voordat die Suid-Afrikaanse regering dit oopstel "op 'n manier waardeur 'n egte voorneme gedemonstreer word om die waarheid vas te stel, of om die woorde van die Staatspresident self te gebruik - dit tot op die been oop te vlek nie".

Die kommissie sit op die oomblik in Londen en sal sy werksaamhede in Suid-Afrika op 7 Mei hervat. Regter Harms het herhaaldelik aangedui dat die opdrag van die kommissie die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) se operasies in die buiteland asook die moord op Lubowski op 12 September verlede jaar uitsluit. Genl Magnus Malan, minister van Verdediging, se bewering dat Lubowski 'n betaalde agent van die SAW was, word egter ondersoek nadat die opdrag verruim is.

Luidens die verklaring maak die huidige beperkings dit vir die Lubowski-familie onmoontlik om die kommissie by te staan om die waarheid uit te vind.

Hulle noem onder meer die beëdigde verklarings van twee senior polisie-offisiere in die Hooggeregshof dat hulle vermoed dat die BSB verantwoordelik was vir die beplanning binne Suid-Afrika en die uitvoering in Namibia van die moord op Lubowski as 'n rede waarom hulle dit die kommissie se taak ag om die moord te ondersoek.

Die koppeling van Lubowski se dood aan sy beweerde spioenasie-bedrywighede deur Malan self, asook sy eksplisiete bereidwilligheid om saam te werk in die ondersoek na alle aantygings, is volgens hulle 'n verdere noodsaaklike rede vir die verruiming van regter Harms se opdrag.

Die familie is ook ontsteld omdat sy pogings om deel te neem aan die "kunsmatig geïsoleerde ondersoek na die spioenasie-aantyging ten einde Anton se naam te beskerm" ook deur die SAW in die wiele gery is.

"In 'n beëdigde verklaring aan die kommissie het genl Witkop Badenhorst die regter versoek om nie net die publiek nie, maar ook die regsverteenwoordigers uit getuienis oor die spioenasie-aantygings uit te sluit," sê die familie.

Die regsverteenwoordigers se pogings om ondersoek na Lubowski se bankrekenings in te stel, is ook gefnuik met 'n dreigement van vervolging kragtens die Verdedigingswet indien die bank inligting aan hulle sou verskaf.

Die familie is veral ontevrede omdat die regsverteenwoordigers nie die geleentheid gehad het om die SAW-getuienis oor die spioenasie-aantyging onder kruisverhoor te neem nie.

"Die gevolg is dat ons gedwing is om 'n saak aan te pak namens 'n dooie persoon wat nie sy kant van die storie kan vertel nie en sonder om die besonderhede van die aantygings teen hom te ken," verduidelik hulle.

Regslui verwelkom dié wysiging

AUDREY BROWN

STAPPE om Suid-Afrika se streng doodstrafwette te versag is landswyd deur regslui verwelkom, en sal volgens hulle beslis die pad na onderhandeling makliker maak nadat die Strafreg-wysigingswetsontwerp gister in die parlement ter tafel gelê is.

Volgens dié wetsontwerp sal die doodstraf nie meer outomaties toegepas word in gevalle waar geen versagtende omstandighede gevind kan word nie.

'n Persoon wat tot die dood veroordeel is, sal outomaties die reg tot appèl hê, maar sou dié appèl misluk, sal 'n gevangene se saak aan 'n paneel van regslui vir hersiening voorgelê word. As dié paneel die appèlhof se oorspronklike bevinding steun, gaan die saak wéér na die hof vir heroorweging, en dan eers word die finale uitspraak gelewer. Dié ingrypende maatreëls het reeds betrekking op gevangenes wat tans in die dodesel is.

Volgens Shucks Sefanyetso van Regslui vir Menseregte word dié stappe verwelkom, en sal teregstellings ingrypend afneem.

"Ons sal beslis nog mense kry wat tereggestel word, maar ons sal nie meer die galgehoofstad van die wêreld wees nie."

Hoewel die wetsontwerp nog in die parlement bespreek moet word, is Sefanyetso optimisties dat dit sonder enige veranderinge aanvaar sal word.

Verbod: Global wel betrokke

CHRISTELLE TERREBLANCHE

ALLE inligting en besonderhede rondom die bedrywighede van die beslote korporasie, Global Capital Investments, van Ernst Penzhorn is by die Harms-kommissie ingedien en is onderhewig aan Seksie 118 van die Verdedigingswet, wat 'n algehele verbod op die bekendmaking van inligting behels.

Die senior vennoot van Ernst en Young, die geoktrooieerde rekenmeesters waar die maatskappy sy geregistreerde kantore het, Edgar Bulling, het aan Vrye Weekblad bevestig dat dié wetgewing vanaf 21 Maart daarop van toepassing gemaak is.

Dit was dieselfde dag waarop regter Harms geselekteerde getuienis uit 'n in camera-verhoor oor Swapo-aktivis, Anton Lubowski, se beweerde spioenasie-bedrywighede bekend gemaak het. Harms het in 'n verklaring gesê twee bedrae van altesame R60 000 is in Lubowski se rekenings inbetaal. Die tjeks is deur die SAW aan 'n tussenganger uitgemaak wat dit toe aan Lubowski sou oorbetaal het. Die naam van die tussenganger(s) is nie bekend gemaak nie.

Vrye Weekblad het 'n week later aangevoer dat die "geheimsinnige tussenganger", wat volgens Harms die geld aan Lubowski sou oorbetaal het, 'n Pretoriase prokureur by name Ernst Johan Victor Penzhorn, 44, is. Hy het sy (bogenoemde) beslote korporasie vir die doel gebruik.

Telefaksboodskappe van die korporasie oor sake-transaksies is volgens inligting uit Windhoek na Lubowski se dood op 12 September verlede jaar tussen sy dokumente gekry.

Penzhorn het intussen ontken dat hy by die transaksies betrokke kon wees, aangesien hy die beslote korporasie vroeg in 1986 sou verkoop het.

Die Registrateur van Maatskappye, Mossie van Rensburg, het egter verlede week aan Eddie Botha van die Financial Mail gesê Penzhorn is steeds aanspreeklik vir alle eise teen Global Capital Investments, omdat geen dokumentasie van die oordrag van die korporasie by sy kantoor geregistreer is nie.

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sample Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

Redaksie

Redakteur: Max du Preez
Hoofredaksie: Elsabé Wessels, Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein
Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw
Sub-redakteur: Ryk Hattingh
Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson
Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo
Sportredakteur: Tinus Horn
Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh

Bestuur

Advertensies en bemarking: Manie Eagar, Gwynne Bramley Wray
Administrasie en verspreiding: Kee-Leen King
Redaksionele assistente: Laetitia Pople, Cathy Fennessy
Boekhouding: Clara Nkutha
Kantoorbestuur: Joseph Moetesi, Vernon Zulu, Hazel Woodward

Buitekantore

Kaapstad-kantoor: Elsabé Wessels. Tel (021) 22 2520
Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by Cathy Fennessy beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

'Doepa se doepa'

Vervolg van bladsy 1

het om hulle te skiet nie.., maar toe dit nie werk nie het Koos Vermeulen hulle agter die oor geskiet."

Toe Coetzee hierna deur Harms oor die betrokke voorval ondervra is, en waarom hulle juis Komatipoort gekies het om die twee te vergiftig en verbrand, het Coetzee geantwoord: "Ek weet nie of daar sin in my waansin was nie."

Coetzee het gister in sy getuienis brig Willem Schoon, Nic van Rensburg en Jan du Preez as medepligtiges tot die moorde uitgewys. Hulle en ander senior polisiemanne sal na verwagting terug in Suid-Afrika moet getuig.

Op 'n vraag van Kuny of hy besef dat verskeie van dié polisiemanne reeds beëdigde verklarings gemaak het waarin hulle verklaar dat hulle niks van dié moorde weet nie, het Coetzee gesê dat hy in sy polisieloopbaan verskeie beëdigde verklarings gemaak het waarin hy blatant oor Veiligheidsoptrede gelieg het. "Hulle kan uiteraard nie die moorde erken nie. Ek sou dit ook nie terug in Suid-Afrika kon doen nie."

Coetzee sê hy het die afgelope maande sy gewete skoongemaak van die verskriklike dinge wat hy gedoen het, en al moet hy nou vir die res van sy lewe in ballingskap woon, is dit ten minste met 'n skoon gewete.

Adv Sam Maritz, wat vir die individuele polisiemanne optree, het Harms gevra om die kommissie vir die dag te verdaag sodat hy hom vir sy kruisondervraging kan voorberei. Die verwagting is dat kruisondervraging etlike dae sal duur.

* Regter Harms het dié week gesê dat Vrye Weekblad voor die kommissie moet getuig sodra hy na Suid-Afrika teruggekeer het.

Daeraad van vrede

Vervolg van bladsy 1.

en die res van die afvaardiging aansluit. Die ANC-leiers Walter Sisulu, Kathy Cathrada en Archie Gumede kom ook vandag in Kaapstad aan, terwyl Mandela hom môre by die groep sal aansluit. Die ANC-afvaardiging na die regering, wat ook die kerkleier, dr Beyers Naudé en die Wes-Kaapse ANC-leier Cheryl Carolus insluit, sal hul in die loop van die volgende dae hier in Kaapstad in konsultasie met hul ondersteuningspan op hul ontmoeting voorberei.

Uitlatings van sowel Staatspresident FW de Klerk as Mandela dui daarop dat eensgesindheid oor die beëindiging van geweld as top-prioriteit op die agenda sal dien.

De Klerk het verlede week in sy begrotingspos die ANC se retoriese verbintenis tot die gewapende stryd veroordeel en beklemtoon dat die regering vereis dat die ANC sy gewapende stryd moet laat vaar. Die ANC op sy beurt eis dat die gewelddadige optrede en intimidasie van die land se veiligheidsmagte daadwerklik aan bande gelê word.

Nie die regering of die ANC was bereid om inligting oor die afgelope week se voorbereidende reëlings te verskaf nie. Daar word aangeneem dat sake soos die ANC-afvaardiging se veiligheid, protokol, waar die afvaardiging gehuisves sal word en die agenda vir die gesprekke, uitgestryk is.

Die Wes-Kaapse ANC-leier wat ook 'n lid van die ANC-afvaardiging uitmaak, Cheryl Carolus, het gister aan Vrye Weekblad gesê dat die regering as "gashere" vir die afvaardiging sal optree. Hoewel die plek vir die ontmoeting reeds bepaal is, kan dit nie bekend gemaak word nie, sê Carolus.

Groot opgewondenheid heers in Kaapstad waar top-ANC-leiers vandag vanuit Lusaka met 'n private vlug op die DF Malan-lughawe aankom. Dit is die belangrikste afvaardiging van ANC-leiers om sedert die sestigerjare en die vrylating van die veteraan ANC-leiers Nelson Mandela en Walter Sisulu hul voet op Suid-Afrikaanse grond te sit.

'n Groot ANC-saamtrek word Sondag by Lentegeur in Mitchell's Plain gehou, waar Nzo, Slovo en Mandela sal optree. Die saamtrek begin om twaalfuur. Die optrede van die hoofsprekers vanaf drie-uur die middag sal deur sprekers van ander politieke groepe toegespreek word.

Geheime verslag

Aids in die SAP

JACQUES PAUW

VOLGENS 'n geheime intelligensieverslag van die ANC is daar ses bevestigde Aids-gevalle op Vlakplaas, die hoogs geheime plaas waarvandaan die polisie se beweerde moordbendes die afgelope tien jaar opereer.

Die getuienis, wat binnekort voor die Harmskommisie genoem mag word, sê dat twee gevange PAC-lede, drie ANC-guerrillas en 'n swart polisiesersant die slagoffers van Aids is.

Volgens die verslag is die polisie besig om nog 'n geheime plaas naby Rustenburg in die Wes-Transvaal in te rig waar daar reeds sowat 200 gewese Koevoetlede gehuisves word.

Volgens die ANC se inligting is die Koevoetlede vanaf Namibia per trein na Pretoria vervoer waarvandaan hulle na die plaas geneem is. 'n Tentdorp met 100 tente bestaan reeds op dié plaas.

Die polisie het planne om meer permanente behuising vir die Koevoetlede by die ander gehieme plaas, Daisy, op te rig.

Dit blyk intussen ook dat die bedrywighede op Vlakplaas in die laaste paar jaar aansienlik uitgebrei het en dat Askari's nou saam met Koevoetlede as onder meer valskermsoldate opgelei word.

Dié verslag is opgestel in samewerking met Askari's wat op Vlakplaas gestasioneer was en na die ANC teruggevlug het, verneem Vrye Weekblad.

Die verslag bevat ook 'n weergawe van die polisie se pogings om in November verlede jaar tydens 'n mediabesoek die plaas so kalm en rustig moontlik te laat lyk. Groot vragte Russiese ammunisie is die dag vóór die persbesoek na 'n ander plaas geneem.

Die Aids-slagoffers se name word aangegee as: Ndam (ANC), Chipa (ANC), Joe (PAC), Stretcher (PAC), Manjane (ANC) en sersant Madliwa. Die vyf ANC en PAC-lede is op die plaas as informante geregistreer.

Die verslag meld ook dat die polisiemanne wat in die moordbendesage genoem is, en hulself tydelik geskors het, weer hul pligte by Vlakplaas hervat het. Gereelde vergaderings word op Vlakplaas gehou tussen brig Nick Van Rensburg, bevelvoerder van seksie C, maj Eugene De Kock, maj Koos Vermeulen, kol Jan Coetzee en konstabels Joe Mamasela, Brian Mqulungwa en sers Jeff Bosigo.

Die verslag sê dat Vlakplaas vandag dramaties verskil van die Vlakplaas wat Dirk Coetzee in 1982 agtergelaat het. Benewens die opgaar van Russiese krygstuig, is daar vandag meer as 20 blanke polisiemanne gestasioneer wat in beheer van nege groepe Askari's is. Die aantal werkers, het toegeneem van drie tot twaalf.

Die dag voor die mediatoer in November verlede jaar is sewe blanke offisiere onder leiding van 'n kapt Baker aangesê om Vlakplaas skoon te maak.

'n Wit Bedford-trok het die volgende wapens van die plaas verwyder:

Mortiere en mortierbomme, RPG 7's, landmyne, AK47-gewere, ligte en swaar masjiengewere, Makarof- en Tokaref-pistole, Russiese plofstof en ander kiste vol wapentuig.

Die wapentuig is vanaf Vlakplaas na Daisy geneem waar dit in 'n ondergrondse stoorkamer ingedra is.

'n Verdere arsenaal wapens is na 'n ander plaas naby Vlakplaas geneem waarheen Eugene De Kock se amptelike Toyota Cressida ook geneem is.

Dié plaas, wat volgens die verslag ook naby die Hennopsrivier geleë is, staan by die Askari's as die "plek van die varke" bekend. Ene luit Morkel wat op Vlakplaas gestasioneer is, bly in die huis op dié plaas.

Die verslag gee ook 'n beskrywing van hoe die wapens op Vlakplaas gekom het. In 1989 is De Kock en 'n maj Naudé na Oshakati in Namibia waar hulle ongeveer 'n week lank gebly het. Hulle het teruggekeer met 'n groot trok en sleepwa vol wapentuig.

Die aantal Askari's op Vlakplaas het in die laaste jare van 20 tot meer as 70 aangegroei. Tydens die mediabesoek is alle Askari's behalwe die sogenaamde Soweto-groep, van die plaas af verwyder. Die verslag sê dat van die Askari's nou uiters gesofistikeerde opleiding ontvang en onder meer as valskermsoldate opgelei word. Elkeen van hulle moet twaalf spronge voltooi.

'KP verstaan die bui van die mense,' sê Koos

ELSABÉ WESSELS

DAT blankes maklik die wapen kan opneem, is vir Koos Van der Merwe 'n gegewe. "Daar is 'n massa wapens in omloop - oor die twee miljoen. Dis 'n wesenlike feit dat wit Suid-Afrikaanse mans tot die tande toe gewapen is en deeglik opgelei is in die kuns van oorlogvoering," sê Van der Merwe. Die wapens wat na bewering deur Piet Rudolph en sy helpers buitgemaak is, is vir hom net 'n druppel in die emmer.

In 'n gesprek met Van der Merwe is dit duidelik dat die KP versigtig is om die militantes in die regse politieke hoek te vervreem.

"Die metode om nou 'n skietpsigose te skep, is 'n metode wat die KP verwerp. Maar die KP verstaan die bui van die mense," sê Van der Merwe.

Hoewel Van der Merwe en ander KP-leiers op 'n reguit vraag sal ontken dat hulle geweld steun, veroordeel hulle nie die militante wind wat in regse geledere waai nie. Dis vir hulle 'n belangrike sektor van die kieserspubliek - by die stembus is hul steun belangrik. Distansieer die KP hom van die regses se revolusionêre veldtog? "Nee," sê Van der Merwe. "Ons strewe is dieselfde. 'n Eie vaderland vir alle blankes. Maar ons metode verskil."

"Daar kan 'n stadium kom wanneer blankes dit ernstig kan oorweeg om tot geweld oor te gaan, en dit is wanneer alle metodes gefaal het en waar 'n kommunistiese regering op Afrikaners afgedwing word. 'n Swart meerderheidsregering sal outomaties 'n kommunistiese regering wees," sê hy.

Volgens hom verwerp die KP geweld as 'n metode om politieke doelwitte te bereik. Die KP maak staat op hul intellektuele vermoëns en grondwetlike weë om hulle doel te bereik, sê hy.

Van der Merwe lê die skuld vir die regses se militante gedrag aan die voete van die Nasionale Party. "Jy het 'n Staatspresident wat die leier is van 'n politieke party wat sedert 1912 predik dat die blanke oor homself en nie deur ander regeer sal word nie.

"Maar in die naam van dieselfde party word die blanke se gemeenskapslewe nou verwoes en openlik gewerk vir 'n situasie waarin swartes blankes gaan oorheers. Dis dan te verwagte dat daar woede van dié aard kan ontstaan.

"As ek op 'n afstand kyk na Piet Skiet en ander voorvalle, sê ek daar is 'n klimaat geskep waarin sulke optrede gedy. Dis vir my glad nie vreemd dat dit gebeur nie," sê hy.

Maar, sê hy, hy dink nie die toestand het so versleg dat dit nodig is vir blankes om hulle tot wapengeweld te wend nie.

'n Voorstel dat 'n ondersoek na ver-regse elemente in die Veiligheidsmagte geloods word om militante elemente uit te skud, geniet nie steun in KP-kringe nie. "Ons is nie van plan om aksies teen regses te loods nie. Ons veg nie na regs nie. Ons veg teen die NP," sê hy.

"Die veiligheidsmagte is 'n dilemma vir die NP, omdat die meerderheid die KP steun," beweer Van der Merwe. Op 'n vraag of daar werk gemaak word om sterker steun in die veiligheidsmagte te wen, is Van der Merwe se antwoord: "Geen kommentaar." Van der Merwe maak die moontlikheid van 'n regse staatsgreep as 'n "tydelike oplossing" af. Vir hom lê die antwoord in die bedinging van 'n wit tuisland.

Hy verwerp bewerings dat die regses se oproep vir een miljoen wapens gekoppel is aan die KP se veldtog om een miljoen ondersteuners te werf.

"Die KP sê die oplossing is om koelkop te hou, FW de Klerk aan die kaak te stel, 'n verkiesing af te dwing en langs grondwetlike weë ons doel te bereik.

"Die stappe wat De Klerk nou doen, is 'n outomatiese voedingsbron vir die KP. Al hoe meer blankes sal by die KP aansluit. Ek het twyfel nie daaraan dat ons die regering gaan oorneem nie," is Van der Merwe se siening van die huidige politieke klimaat.

Vir hom sal die waterskeiding vir die opneem van geweld die blanke se "finale oorgawe wees", dit wil sê 'n swart meerderheidsregering. Tog "verwerp" hy die feit dat die AWB en die Boerestaat Party die ANC as hul teiken verklaar het. "Die HNP, die KP en Carel Boshoff en die AWB en die Boerestaat Party glo fundamenteel dat daar 'n stuk grond in Suid-Afrika is wat die witman s'n is waar hy oor homself kan regeer, sê Van der Merwe. Dis 'n kwessie van die metode om dit te bereik waaroor ons verskil, sê hy.

"Dit was 'n onvergeetlike en baie emosionele oomblik in my lewe"
Dit was die woorde van Nelson Mandela toe hy dié week sy geboorteplek, Qunu, besoek het. Mandela het 'n onverwagse kort besoek gebring aan sy geboortedorp wat sowat 20 kilometer buite Umtata geleë is. Hy is later die week ook amptelik deur die inwoners van Qunu verwelkom. Mandela sal nou vir hom 'n huis op Qunu bou nadat hy 'n erf present gekry het en die oorspronklike hutte waarin hy gebore is nie meer bestaan nie. Mandela het tydens sy besoek aan Transkei besondere klem gelê op tradisionele waardes en gebruike. Hy het ook daarop gewys dat dit verkeerdelik aanvaar word dat die ANC nie tradisionele leierskap erken nie. Hy het dit benadruk dat tradisionele leiers 'n duidelike rol te speel het in die bevrydingstryd en dat hulle welkom is om by die ANC aan te sluit. Hier is Nelson Mandela saam met die militêre hoof van Transkei, genl Bantu Holomisa.
(Foto: Peter Auf Der Heyde - Afrapix)

In diepe waters oor die knaters

PEARLIE JOUBERT

DIE assistent-redakteur van die studentekoerant Die Matie, Tina du Toit, gaan moontlik deur die Studenteraad (SR) afgedank word "weens aanstootlike taal" en omdat "die goeie sedes van die gemeenskap ondermyn is".

Die Mediakomitee, saamgestel deur die SR, het gister 'n aanbeveling aan die SR gedoen om te "besin en besluit oor of Du Toit ontslaan moet word", sê die voorsitter van die mediakomitee en SR-lid Johannes Grobbelaar.

Hy sê hy het hom "uit die storie gehou omdat ek veronderstel is om neutraal te bly".

"Du Toit het volgens die Mediakomitee redaksionele kodes, soos opgestel deur die SR, oortree," sê hy.

Die belangrikste besware wat dié komitee teen Du Toit se rubriek gehad het, blyk haar taalgebruik te wees. Grobbelaar sê ook dat Du Toit "eensydig en totaal subjektief" was en "voortdurend sekere persone in haar rubriek aangeval het".

Hy sê die mediakomitee het al herhaaldelik gekla oor Du Toit na die rektor van Stellenbosch, prof Mike de Vries, as "Maatjie" verwys het, oor sy vir pres FW de Klerk, Effie de Klerk genoem het en omdat sy "geïnsinueer het dat NP-lede en mense wat vir die NP-LP van Stellenbosch, Piet Marais, gestem het, nie Christene is nie". Wat die laaste strooi vir die SR en Mediakomitee was, was volgens redaksie-lede van Die Matie, Du Toit se laaste rubriek waar sy gesê het die SR blyk nie genoeg "knaters te hê om standpunt teen die onvoorwaardelike afskaffing van die Wet op Groepsgebiede in te neem nie".

Grobbelaar sê die Mediakomitee is ook ontevrede omdat Du Toit geskryf het die rektor is "geen nuttige idioot" na die debakel verlede jaar toe ANC- en Broederbondlede samesprekings in Londen gevoer het.

"Ons is nie ten gunste van sensuur op Die Matie en Perspektiewe en Dinge nie, maar Du Toit se skryfstyl en dit wat sy skryf is nie in die openbare belang nie en dit is boonop irrelevant. Ons wil hê alle kante van 'n saak moet gestel word en Du Toit ondermyn die goeie sedes van die gemeenskap."

Du Toit sê die Mediakomitee se besware oor haar rubriek is "persoonlik, polities en pateties".

"Hulle het probleme met my skryfstyl en dit kom neer op persoonlike en politieke sensurering. Die Mediakomitee was eensydig en dit blyk asof hulle nie werklik belang gestel het in my verdediging teen hul besware nie," sê sy. Redaksielede van Die Matie meen dat die kanse goed is dat die SR sal besluit om Du Toit af te dank omdat "daar 'n spesifieke politieke gevoel by die SR heers".

Die redakteur van Die Matie, Dries Liebenberg, sê dié stappe teen Du Toit maak inbreuk op Die Matie se vryheid van spraak en mag om kritiek te lewer op sosiale ongeregtigheid.

Die SR vergader oor twee weke om te besluit oor die afdanking van Du Toit.

OGILVY & MATHER, RIGHTFORD, SEARLE-TRIPP & MAKIN 27161

By Nedbank glo ons dat daar 'n toekoms is om voor te spaar.

Ons glo dat die bewaring van ons omgewing waarskynlik een van die belangrikste kwessies is waarvoor ons vandag te staan kom. Dit is waarom, wat ons betref, die groen beweging van kritieke belang is vir die toekoms van die land, al sy mense, en inderdaad die hele wêreld.

By Nedbank weet ons nie alles van die groen beweging nie. Hoe meer ons egter daarvan te wete kom, hoe meer kom ons onder die indruk hoe belangrik dit is dat ons nóú optree.

As gevolg van ons sleutelrol as bankiers vir alle Suid-Afrikaners glo ons dat ons in 'n unieke posisie verkeer om die baie verbintenisse tot hierdie lewensbelangrike beweging te koördineer. Ons het reeds 'n opname onder ons personeel gedoen. Ons praat ook met die sakegemeenskap. En nou wil ons graag met u gesels.

As u dus bekommerd is oor die toekoms van u omgewing, vul asseblief die koepon hieronder in of kry 'n blaadjie by een van ons takke. Die bewaring van 'n groen omgewing – kan ons kinders 'n waardevoller erfenis kry?

Ek steun volkome enige organisasie wat bereid is om iets beduidends vir die toekoms van ons omgewing te doen.

Naam .....

Adres .....

.....

..... Kode .....

Ek begryp dat dit bloot 'n aanduiding van my steun vir omgewingsaangeleenthede is en my glad nie teenoor Nedbank of enige ander instelling of organisasie finansieël verbind nie.

Knip asseblief uit en stuur aan Die Besturende Direkteur, Nedbank, VRYPOS JH 157, Posbus 1144, Johannesburg 2000.

NEDBANK

AS JY ERNSTIG IS OOR GELDSAKE

'n Afdeling van NedPerm Bank Beperk (Reg Nr 51/00009/06)

Ons bodem dra die wonde

Bevolkingsdruk, armoede laat hul merk

Onkunde, selfsug en kortsigtigheid het die Suid-Afrikaanse bodem geskend. Van die Ciskei tot in Venda is groot dele eens vrugbare grond vandag net donga op onvrugbare donga. Is die toestand onomkeerbaar? CHRISTELLE TERREBLANCHE probeer die vraag beantwoord



Erosie in die Herschel-gebied

(Foto: Paul Weinberg - Afrapix)

TOE Jan van Riebeeck 300 jaar gelede aan die Kaapse grond begin dolwe het, het die res van Suid-Afrika nog braak gelê.

Vandag dra ons grond die grusame letsels van die onkundige, selfsugtige en veral kortsigtige voortsetting daarvan.

Niemand het nog gevra wie vir die grond verantwoordelik is nie.

Grond is uitgedeel, opgeëis en geproklameer na gelang van die boere en die setlaars se behoeftes, en teen die tyd wat die Wet op Grondbesit van 1913 gepromulgeer is, was die meeste swart stamme tot teenaan die hange van berge teruggedruk. Dié gebiede het kragtens dié wetgewing proto-tuislande geword en is vandag die sogenaamde "nasionale state".

Miljoene swartmense is uiteindelik in dié gebiede ingeprop om seker te maak dat hulle nie die platteland "verswart", blanke boerdery bedreig of die stede oorbevolk nie.

Die groot tragedie is dat die berghange wat aan hulle toegedeel is, van die sensitiefste grond in Suid-Afrika is omdat dit ook die bo-lope van die meeste riviere in die waterskaars Suid-Afrika beslaan. Berghange is besonder kwesbaar vir erosie omdat die vrugbare bo-grond soveel makliker weggespoel word sodra die plantekleed vernietig is.

Dit is geen geheim dat die toestand van die grond in die tuislande haglik is nie. Van Ciskei tot in Venda is groot dele eens vrugbare grond vandag net donga op onvrugbare donga. Die vrugbare bo-grond wat weggespoel het, het talle rivierlope en damme toegeslik.

Gronderosie aan die bolope van riviere bedreig vandag nie net die tuislande nie, maar ook Suid-Afrika se waterbronne en die hele ekosisteem.

Waar die Tugela in die Drakensberg ontspring, lê byvoorbeeld die Bo-Tugela-township - 100 000 hektaar wat deel is van Kwazulu. Die Drakensberg-gebied is ekologies sensitief en is veral vir die PWV-gebied belangrik omdat dit die Vaaldam voed. Die lokasie is vir herinkorporasie met "blanke Suid-Afrika" ge-oormerk toe die ekologiese waarde daarvan besef is, hoewel baie van die inwoners kort tevore uit blanke gebiede daarheen "verskuif" is.

'n Kompromie is tussen Chris Heunis, voormalige minister van Grondwetlike Ontwikkeling en Beplanning, en die Kwazulu-regering bereik dat die gebied deel van Kwazulu bly op voorwaarde dat dit tot 'n bergopvangsreserwe geproklameer word. Dit sal uiteindelik tog die gedwonge verskuiwing van die township-inwoners beteken.

Kwazulu se Buro vir Natuurlike Hulpbronne beskou die gebied steeds as 'n prioriteit en moet hoofmanne soebat om sekere landboubeperkinge na te kom. Die gebied word nie as geskik vir intensiewe boerdery beskou nie en die mense lewe hoofsaaklik van trekarbeid. Haglike toestande soos dié blaas op hulle beurt die Natalse konflik aan.

Kwazulu-regeringsbronne het aangedui dat dit tot 10 jaar kan neem om die gebied geproklameer te kry en 'n doeltreffende bewaringsprogram in te stel.

Ook die Krugerwildtuin se waterbronne, soos die Letaba-rivier, is besig om in standhoudendheid af te neem weens die geweldige bevolkingsgroei in Gazankulu (waar die meeste Mosambiekse vlugtelinge gevestig is).

Die groot vraag is of die toestand onomkeerbaar is.

"Wetenskaplik is die toestand wel omkeerbaar," sê David Cooper, landboukundige van die Environment and Development Agency in Johannesburg. "In China is tien jaar na die revolusie op die sewe persent bewerkbare grond genoeg kos geproduseer vir 25 persent van die wêreld se mense."

Volgens hom het verskeie proefnemings in Natal getoon dat geërodeerde grond na tien jaar van intensiewe bewerking weer vrugbaar gemaak kan word. Boom- en plantbekleding neem tussen 10 en 15 jaar om te herstel.

"In der waarheid is die tuislandgrond nie swakker as die res van Suid-Afrika se grond nie," sê hy. "Dit is 'n mite dat die swartmense die woesteny gekry het. Wat wel waar is, is dat bevolkingsdruk en armoede hulle tot korttermyn oorlewingstrategieë gedwing het, waaronder die grond gely het."

Cooper meen die werklike vraag is nou hoe hard daaraan gewerk moet word en hoe lank.

Ekoloë en landboukundiges is dit eens dat dit grootskaalse werk sal kos om die grond weer vrugbaar te kry, hoewel die skade van dongas en slote nooit ten volle herstel sal kan word nie. Maar so 'n proses veronderstel dat die huidige druk op tuislandgrond opgehef word. Dit is 'n feit dat al die swartmense nie in die tuislande kan inpas en daar kan oorleef nie.

Om die letsels van erosie op ons hulpbronne uit te wis beteken dus ook 'n politieke ommekeer.

En dit veronderstel in die eerste plek dat 86 persent van die grond in blanke-besit weer vir swartmense toeganklik gemaak sal moet word - ook vir inwoners van tuislande. Die ANC het in sy Morogoro-verklaring so 'n herverdeling van grond bepleit.

Dit behels 'n eis dat die grondkwessie nasionaal aangespreek kan word omdat die blote opheffing van die ingewikkelde tuisland-stelsel en die doolhoof van wette op grondbesit net nog meer mense van grond kan vervreem.

Dit is dié soort eis wat blanke boere dadelik laat vingerwys na die tuisland-erosie om daarmee te bewys dat "swartmense in elk geval nie kan boer nie".

Die "sharecropping"-stelsel na die Anglo-Boereoorlog het juis die teendeel bewys en boonop is blanke boere glad nie onskuldig in die oorbenutting van die land se bronne nie.

Cooper sê 'n herklassifikasie van bewerkbare grond in Suid-Afrika is nodig. "Baie min van Suid-Afrika se grond is bewerkbaar", sê hy. "En die subsidiestelsel het boere toegelaat om grond wat eerder braak moes lê of vir weiding gebruik moes word, te bewerk en ook daaruit ryk te word."

Colin Bundy, historikus aan die Universiteit van Kaapstad, het op 'n onlangse Idasa-konferensie oor grondkwessies daarop gewys dat die kapitalistiese landbou baie sterk op die staat gesteun het. Ironies genoeg was die landbou selfs in 1980 nog die grootste enkele werkgewer van swartmense, maar sy lone was die laagste.

Die Karoo is 'n voorbeeld van sulke "kapitalistiese eksploitasie" van ons kwesbare ekologie.

In blanke gebiede bestaan 'n beleid van nie-beweiding, waarvolgens boere betaal word om grond te laat herstel, maar tuislande en "swart kolle", soos Driefontein in die suidoos-Transvaal, geniet nie die voorreg nie.

"Natuurlik bestaan daar 'n verband tussen armoede en die aftakeling van die omgewing soos daar ook 'n verband is tussen opleiding en verantwoordelike boerderymetodes," verduidelik Cooper.

"Dit is belangrik dat ons ons houding jeens die grond moet verander. Dit behoort as 'n waardevolle hulpbron gesien te word wat in die beheer is van die mense wat daarop woon. As daar te veel mense vir die grond is, moet dit hulle vry staan om te sê hulle wil elders woon."

'n Nasionale langtermyn-verbintenis tot die grond en ander natuurlike hulpbronne, wat op demokratiese wyse beheer kan word, blyk dus die aangewese oplossing te wees.

Volgens Cooper het Suid-Afrika 'n baie swak tradisie van beheer oor die grond. Nog voor onafhanklikheid het Zimbabwe byvoorbeeld 'n "Soil Conservation Act" ingestel waardeur boere verbied is om hulle eie lande sonder toestemming te ploeg.

So 'n stelsel laat natuurlik die meeste kommersiële boere "nasionalisasie" skree.

Geoff Budlender van die Regshulpsentrum wys daarop dat die meeste swartmense dit nie as 'n kwessie beskou of grond genasionaliseer word of vir private besit herverdeel word nie omdat feitlik alle grond wat deur hulle gebruik word in ieder geval aan die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrust behoort. Die manier waarop swart Suid-Afrikaners grond kan "besit", is gelykstaande aan die klassieke betekenis van genasionaliseerde grond.

Die ANC is dit ook nog nie eens oor hoe die grondkwessie benader behoort te word nie.

Een idee is 'n formule van die ontneming van grond waar mense vir die natuurlike hulpbron vergoed word en nie vir die kommersiële waarde nie.

Nog 'n idee is nasionalisasie en die verhuring van grond.

"Maar 'n toekomstige Suid-Afrika sal waarskynlik op die ou end tevrede wees om grond terug te neem wat nie beset of bewerk word nie," sê Cooper.

"In Zimbabwe het die terugkoop van plase deur die onafhanklike regering baie goed gewerk." Die land moes egter groot bedrae leen om die koloniale boere te betaal.

Volgens historici is die verband tussen bewarings-, ekonomiese- en politieke- beleid tot dusver nie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis erken nie.

Maar as die agteruitgang van grond 'n aanduiding is, begin dit duidelik word dat die inwoners van Suid-Afrika, met inbegrip van die tuislande, net kan oorleef as die gebied se hulpbronne gesamentlike besit en verantwoordelikheid word.

Vrye Weekblad, 27 April 1990

Experience a celebration of the arts

Standard Bank National Arts Festival June 28 – July 7

Don't miss out on the best party of the year. Join the thousands of South Africans who have discovered the country's major arts happening. Prepare yourself for a feast of culture – and the time of your life.

It all starts in Grahamstown at the end of June. But you need to sit down now to plan how to make the most of our greatest annual arts event.

There is something to stimulate and excite everyone. From drama, comedy, cabaret and revue, through to mime, dance, music, poetry, fine art, craft, film and rock. The range is as wide as the diverse audience.

For ten exhilarating days immerse yourself in a cultural and social experience that offers the latest and best talents in South Africa.

Make sure you don't miss out on something special. The explosion of offerings makes it vital for you to choose from thousands of performances and events. So, be sure to plan your visit in advance.

A comprehensive guide on what to see – with thumbnail sketches of individual events – where to stay and how to get there, including all the booking forms you need, enables you to get maximum enjoyment from our own cultural kaleidoscope.

Send for your Standard Bank National Arts Festival booking kit today.

Highlights of the 1990 Standard Bank National Arts Festival



✦ *The Colossus of Brooklyn,* by Mario Schiess, with Bill Flynn.

✦ *Dear Mrs Steyn,* a première directed by Deon Opperman with Wilna Snyman.

✦ *Demea,* a première from PACT, by Guy Butler.

✦ *Diesel and Dust,* by Charles Fourie, directed by Gerrit Schoonhoven.

✦ *Give a Child,* written and directed by Gibson Kente.

✦ *Houd-Den-Bek,* a première from PACT, adapted from an André Brink novel, directed by Ilse van Hemert.

✦ CAPAB's production of Shakespeare's *Richard II.*

✦ *Thing?,* a première of a creation myth conceived by Andrew Buckland and Maciek Schejbal.

✦ Film Festival compiled by James Polley, follows the theme of "South African Documents".

✦ The Winter School – Retrospect and Prospect – artists, musicians and writers will give lectures and readings.

✦ André P Brink discusses the post-modern novel.

✦ Standard Bank National Festival of Student Drama – plays from students representing university and technikon drama departments throughout the country.

✦ More than 1 000 Fringe events.

✦ CAPAB Opera Company's première of Britten's first chamber opera, *The Rape of Lucretia,* conducted by Neville Dove.

✦ CAPAB Ballet's *Romeo and Juliet,* choreographed by Veronica Paeper, music by Prokofiev, conducted by Charles Vanderzand.

✦ CAPAB Orchestra gives a concert with Stewart Kershaw.

✦ Piano Recitals by Tessa Uys and Surendran Reddy.



✦ Lieder recital by Deon van der Walt, with Albie van Schalkwyk as accompanist.

✦ Robyn Orlin – *Three Dance Works* by the 1990 Standard Bank Young Artist Award Winner for Dance, with Pact Dance Company.

✦ Standard Bank National Drawing Competition, held every three years.

✦ Bonie Ntshalintshali and Fèe Halsted-Berning, joint winners of the 1990 Standard Bank Young Artist Award for Fine Arts, exhibit ceramic sculpture.

✦ Guest Artist Exhibition: Cyprian Shilakoe.

✦ Rolfes Impression's '90 Exhibition.

A project of the 1820 Foundation

1820

BOOKING KIT APPLICATION FORM 1990

NB:1820 Foundation members please complete this form to receive your Booking Kit.

TO: The Festival Officer, Standard Bank National Arts Festival, P O Box 304, Grahamstown 6140 or 1820 Foundation, P O Box 2461, Parklands 2121

Name .....

Address .....

..... Code .....

Please send me ..... copy/ies of the Festival Booking Kit.
I am/am not a member of the1820 Foundation and therefore do/do not enclose R5 per copy.
I wish to receive further information regarding membership.

Standard Bank

The Standard Bank of South Africa Limited (Registred Bank) Reg. No. 62/00738/06 SBIC 203282 F/C

Makabere polisie-teater

Om 'n regter van moord te oortuig

JACQUES PAUW

LONDEN - 'n Klein en vergete teatertjie op Trafalgarplein het dié week waarskynlik die beste teater in Londen opgelewer toe 'n gewese polisie-kaptein en sy handlanger, 'n ongeduldige regter, 30 regsgeleerdes, ANC-leiers, 'n generaal, 'n spioen en joernaliste op 'n verhaal van moord en doodslag getrakteer is.

Kollega David Beresford van The Guardian het dit die beste opgesom:

"Suid-Afrika was nog altyd die land van die bisarre, en gister is tekenend daarvan toe agt regspanne uit Suid-Afrika 'n paar treë van Trafalgar vergader het om te hoor hoe 'n gewese tuinier hul probeer oortuig dat hy 'n moordenaar is."

Die hoofkarakters in dié riller is kapt Dirk Coetzee, David "Spyker" Tshikalanga, en Regter Louis Harms, laasgenoemde op die verhoog van die ou Art Deco-teatertjie, eg Suid-Afrikaans versier met die droom van menige huis: koperproteas in volle blom, en springbokke teen houtbeslaande mure.

Maar dan het die drama hom immers op Suid-Afrikaanse gebied afgespeel: Suid-Afrika Huis, Londen.

Hier waar die Harms-kommissie van ondersoek na moordbendes vandeesweek die getuienis van Coetzee, die afgelope ses maande in ballingskap by die ANC en Tshikalanga, die tuinier wat sê hy het gemoor, aangehoor het.

Dis ook hier waar die regspanne vir die polisie desperaat probeer aantoon dat die driemanskap van Coetzee, Tshikalanga, en Nofemela almal lieg. En die storie is opgemaak dat hulle as polisiemoordbende verantwoordelik was vir die moord op die menseregte-prokureur Griffiths Mxenge.

Die gehoor het in doodse stilte geluister hoe die verhaal van die moord op Mxenge beplan en uitgevoer is op die wreedste en koelbloedigste wyse en in detail deur Tshikalanga en Coetzee beskryf is.

Die ster van die week se vertoning was ongetwyfeld Coetzee. Die eerste dag van sy getuienis deftig uitgevat in geruite baadjie en bloedrooi das. Sy hare was kort geknip en hy het kalm en gesond gelyk.

Daar was sowat 70 mense in die teater toe Coetzee Woensdag getuig het.

Van sy oud-kollegas in die polisie moes luister hoe hy homself en die mag by moord na moord impliseer.

'n Entjie van hom af het oud Moord- en Roof-bevelvoerder en aanvanklike ondersoekbeampte na moordbendes, brig Trappies Engelbrecht, stip na Coetzee gegluur, soms geglimlag en ander kere hard op sy tande gebyt.

In die gehoor was ook ene kol Doep du Plessis, 'n polisieman van die Oos-Kaap wat die "trippie" Londen toe meegemaak het. Coetzee het in sy getuienis oor die moord en verbranding van 'n aktivis van die Oos-Kaap vir Du Plessis by dié moord betrek.

Die polisie het 'n baie sterk verteenwoordiging by dié week se sitting gehad. Benewens Engelbrecht en Du Plessis, was genl Ronnie van der Westhuizen (hy het sommer ordonnans gespeel) en ene brig Joubert ook daar - almal natuurlik op staatsonkoste.

Genl Lothar "Doepa" Neethling is by die kommissie verteenwoordig deur advokaat N Witz, wat tydens Coetzee se getuienis met 'n dik lêer vol artikels van Vrye Weekblad op sy skoot gesit het.

In die gehoor was regsgeleerdes wat die sitting as waarnemers bygewoon het, ook die ANC-leier Ismael Pahad, die ANC-spioen Sue Dobson, 'n verteenwoordiger van Cosatu en verteenwoordigers van anti-apartheidsorganisasies en 'n amptenaar van die Britse departement van buitelandse sake.

Dirk Coetzee

Regter Harms

Coetzee is sedert sy aankoms Saterdag in Londen by 'n onbekende bestemming waar sy regsverteenwoordigers met hom konsulteer. Net sy broer, doktor Ben Coetzee, word by hom toegelaat.

Dit was juis die feit dat Coetzee eers Saterdag in Londen aangekom het wat veroorsaak het dat Tshikalanga eerste moes getuig terwyl Coetzee hom vir adv Sam Maritz (vir die individuele polisiemanne) se kruisvuur moes voorberei.

Tshikalanga se verhaal het hoofsaaklik gewentel rondom die moord op Mxenge wat besig is om die bes gedokumenteerde moord in Suid-Afrika se misdaadgeskiedenis te word.

Dit moet ook sekerlik een van die grusaamste ooit wees: Volgens die getuienis is hy tussen dertig en veertig keer met 'n mes gesteek, met 'n wielsleutel geslaan, geskop, en sy ore is afgesny.

"Dit was 'n helse geveg. Dit was so verskriklik dat jy dit nie kan beskryf nie," het Tshikalanga dit waarskynlik die beste opgesom.

Die einste Tshikalanga was aanvanklik onwillig om in Afrikaans of Engels te getuig maar 'n Venda-tolk kon uiteraard nie in Londen opgespoor word nie en hy het voortgegaan in Engels.

Tshikalanga het ook aan die hof vertel van sy siekte - epilepsie - wat hom duiselig maak en soms laat val. Hy het onlangs weer twee aanvalle gehad.

Hy het soms gesukkel om die gebeure van nege jaar gelede te onthou en het dikwels geantwoord : "Ek kan nie onthou nie. Ek sê net wat ek weet."

Harms wou op 'n keer weet: "Het jy jou konstabel-eksamen geslaag?"

Daarteenoor was Coetzee 'n toonbeeld van die voorbeeldige polisieman: Die beste student in die polisiekollege, sy offisierseksamen met lof geslaag, regsdosent by die polisiekollege en is gevra om by die Veiligheidspolisie aan te sluit.

Maritz, 'n genadelose kruisondervraer wat net 'n armlengte van Tshikalanga af gesit het, het aan die einde van sy getuienis aan hom gese: "Jy is 'n hopelose polisieman. Jou rekord wys dit. Die moord op mnr Mxenge is nie deur jou of enigiemand wat 'n verbintenis met die polisie het, gepleeg nie."

Dié opsomming van Maritz weerspieël waarskynlik die absurditeit van die Harms-kommissie, want nog nooit voorheen het soveel mense só hard probeer om 'n regter te oortuig dat hul soveel moorde gepleeg het nie.

Harms het self kort-kort sy geduld met Tshikalanga verloor. Toe hy beweer dat hy destyds na Swaziland gevlug het omdat hy bang was die polisie maak hom dood, het Harms vererg gesê:

"Meneer Tshikalanga, het jy al ooit gehoor van 'n staatsamptenaar wat doodgemaak is omdat hy 'n ongeluk met 'n staatsmotor gemaak het? Indien só, sal daar nie een staatsamptenaar oor wees nie."

Daar was 'n doodse stilte in die teater toe Coetzee oor sy aandeel in die moorde begin getuig het.

Hy was die derde lid van die moordbende wat erken het dat hy deel gehad het in Mxenge se moord. "Daar was geen reëls nie."

Hy het nie die vermoorde geken nie en nie lêers oor hom gedra nie. Hy het bloot opdrag van brig "Oom Hovie" Van der Hoven, gewese hoof van Veiligheid in Natal, gekry om die man te vermoor.

Hy het sy manne vir die taak self uitgekies: Joe Mamasela, omdat hy 'n geharde krimineel en koelbloedige moordenaar is, Brian Ngulungwe, omdat hy die gebied geken het, sy ou meeloper Tshikalanga, wie se hande vir niks verkeerd gestaan het nie, en Almond Nofemela, wat hy gedink het goed by die groep sou inpas.

Dié moordbende-operasie is so goed gedoen, het Coetzee getuig, dat dit eintlik 'n mislukking was. Die moord was veronderstel om na 'n roof te lyk, maar niemand sou dit glo as hulle die verminkte lyk eers gesien het nie.

In sy getuienis het Coetzee minstens ses ander polisiemanne by die moord betrek waar hy òf opdragte gegee het, òf daarvan geweet het òf logistiese steun verskaf het.

Mxenge se motorradio is in een van hulle, brig Jan Du Preez, se Mercedes ingebou, het Coetzee gesê. Hy het ook gesê dat mev Du Preez 'n brief na sy vlugtog uit Suid-Afrika aan hom geskryf het.

Een van die ligter oomblikke, wat selfs die polisiemanne in die teater geamuseer het, was toe Coetzee vertel het van sy vrou Karin wat hom geskei het en hy dit 'n dag later eers agtergekom het. Hy wou nog vir die hof vertel van die mooi rok wat sy aangehad het, toe Harms vererg aan hom sê: "Hou jou by die feite mnr Coetzee. Ek stel nie daarin belang nie."

Regsgeleerdes tevrede met "Spyker" se getuienis

JACQUES PAUW

ONDANKS sy geheue wat hom kort-kort in die steek laat, 'n taal wat hy nie goed magtig is nie en 'n advokaat wat probeer bewys hy lieg, was regsgeleerdes tog tevrede dat David "Spyker" Tshikalanga genoegsame getuienis gelewer het om die bestaan van moordbendes in die polisie verder te bevestig.

Regter Louis Harms sal ná die getuienis van Tshikalanga, Dirk Coetzee en Almond Nofemela moet besluit: Is dit moontlik, soos die polisie beweer, dat al drie kon gelieg en saamgesweer het om dieselfde bisarre verhaal op te maak?

Kwalik, meen regsgeleerdes hier in Londen, hoewel die getuienis van die drie plek-plek van mekaar verskil, is daar sterk getuienis dat hulle inderdaad as polisiemanne vir die staat en die mag gemoor het. Al drie sê hulle is daarvoor betaal, dit was deel van hul amptelike polisiepligte en het die goedkeuring van hul meerderes weggedra.

Tshikalanga se getuienis het hoofsaaklik gedraai rondom die moord op Griffiths Mxenge, die enigste binnelandse moord waarby al drie moordbende-lede betrokke was.

Soos Nofemela en Coetzee na hom, het Tshikalanga 'n grusame en gedetaileerde prentjie geskilder van een van die grusaamste en koelbloedigste politieke moorde ooit.

Tshikalanga het vertel hoe hy sy mes in Mxenge ingedruk het en die lem bly vassteek het.

Regsgeleerdes meen dat Tshikalanga veel beter as Nofemela gevaar het. Waar hy nie die gebeure kon onthou nie, het hy bloot gesê: "Ek kan nie meer onthou nie. Ek sê net wat ek weet het gebeur."

Die belangrikste verskil in sy getuienis is waarskynlik gesprekke en veral een onderhoud, waarvan 'n gedeelte op band opgeneem is, met Vrye Weekblad waarin hy onder meer vertel dat hy 'n passiewe rol in die moord op Mxenge gespeel het en nie self gesteek het nie.

Hy het gesê hy kan nie onthou dat hy van die ander bewerings gemaak het nie. Hy het gesê hy het met Vrye Weekblad se verslaggewer as 'n vriend gesels en nie geweet dit gaan gepubliseer word nie.

"Wat ek nou sê, is my verklaring", het Tshikalanga gesê terwyl Sam Maritz hom onder kruisverhoor geneem het.

Tshikalanga sê hy het Mxenge glad nie geken nie en nie geweet wie die man is wat hy moet vermoor nie. Hy het die moord so beskryf:

"Dit was 'n helse geveg. Hulle het hom uit die kar gesleep en hom begin steek. Hy het teruggeveg, en het in my rigting begin beweeg. Ek het hom in sy bors gesteek... Ek kon nie die mes uittrek nie en het eenkant toe gespring. Hy het self die mes uit sy bors getrek en wou vir Almond steek... Almond het hom met 'n wielspanner geslaan totdat die mes uit sy hand geval het. Almond het aangehou om hom met die spanner op sy kop te slaan... Joe het hom van agter gesteek... tot hy uiteindelik neergeval het..."

'n Vreemde verhaal van 'n besondere kameraadskap tussen Coetzee en Tsikalanga het vandeesweek na vore gekom.

Tshikalanga, 'n eenvoudige tuinier wat aan epilepsie lei, het Coetzee slaafs gevolg waar hy gegaan het totdat hy uiteindelik lid van die bende op Vlakplaas geword en as polisieman gemoor het.

Daar bestaan steeds verskille in die weergawes van die drie selferkende moordenaars oor daardie gebeure op 'n reënaand in 1981.

"Nofemela vertel 'n ander storie as jy. Hy sê al vier van julle het die oorledene geskop en geslaan. Jy vertel anders," het Maritz gesê.

"Jy vertel my nou wat Almond gesien het. Ek vertel jou wat ek gesien het. Dié dinge het 'n lang tyd gelede gebeur. Ek onthou nie alles nie, maar ek onthou sommige goed," het Tshikalanga gesê.

Maritz het Tshikalanga op verskeie ander verskille met die ander twee uitgewys, onder meer oor wanneer hy Mxenge gesteek het, die vergiftiging van die honde, die aankoop van die messe, wie en waar al die meswonde toegedien is en waar hulle agterna weer vir Coetzee moes ontmoet.

Tshikalanga het geweier om te vertel hoe hy die land verlaat en by die ANC uitgekom het, behalwe dat hy deur Zimbabwe gevlug het. Hy sê dat hy besluit het om die land te verlaat en voor die kommissie te getuig omdat hy nog altyd 'n skuldige gewete oor die hele voorval gehad het en dit hom gepla het. Hy voel nou baie beter, sê hy.

Hoewel adv Dennis Kuny wat Tshikalanga se getuienis gelei het, nie aanvanklik op sy kennis en deelname aan buitelandse operasies ingegaan het nie, het getuienis daaroor in kruisondervraging na vore gekom.

Tshikalanga erken dat hy betrokke was op die moord van 'n diamanthandelaar van Lesotho, 'n aanslag op 'n huis in Botswana, die ontvoering van 'n verdagte aktivis uit Swaziland en verskeie ander operasies.

"Swaziland was 'n speelgrond vir ons. Ons het talle kere daar verkennings gaan doen en daar was ook ontploffings, het Tshikalanga getuig.

Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

Ons werk om nou 'n verskil te maak.

Natal-geweld en muti

Leeuvet of kruie - die krag is joune

CHRISTELLE DE JAGER

"HAWU, daardie een het kragtige muti. Niemand kan hom raak nie," word daar in vreesbevange stemme in die Edendale-vallei gefluister oor die krygsheer Sichizo Zuma.

Hy spog self ook daarmee en het al gesê dat hy onoorwinlik is.

Die mense vind dit nie moeilik om te glo nie. Die comrades het hom al verskeie keer aangeval, maar nooit daarin geslaag om hom dood te maak nie. Ná die mislukte aanvalle is stories vertel van riviere wat skielik in die straat voor sy huis begin vloei het, leeus en tiere wat by die voordeur uithardloop en aanvallers wegjaag en mini-busse wat vanself aan die brand slaan.

Die laaste keer dat Zuma aangeval is, was hy blykbaar dronk op 'n rusbank toe daar op 'n afstand van 10 meter op hom geskiet is. Die storie wat daarna die ronde gedoen het, was dat die koeëls van hom af weggekaats het en sy meisie wat langs hom gesit het, getref het.

En een aand in Ntuzuma vertel 'n UDF-ondersteuner aan verslaggewers dat hy nie bang is vir 'n aanval nie, want hy het kragtige muti geneem. "Laat hulle maar skiet. Die koeëls sal van my afspring," het hy selfversekerd gesê.

Dit is nie net enkele bizarre stories hierdie nie. Die gebruik van muti en tradisionele medisyne is diep ingeweef in die lewenswyse van die Zoeloe en speel 'n belangrike rol in die oorlog in Natal, waar dit deur albei kante gebruik word.

Die inyangas (kruiedokters), sangomas (waarsêers) en abathakati (hekse of towenaars) het nou selfs deel van die oorlog geword en word grusaam doodgemaak omdat hulle die "verkeerde" kant help of hul muti nie werk nie.

'n Assistent by 'n inyanga-winkel in Pietermaritzburg sê hulle het voorheen wel intelezi ('n soort muti) gemeng, maar doen dit nie meer nie. Nou verkoop die winkel net die nodige bestanddele en los dit aan die sangomas om die mengery te doen.

"As dit nie werk nie, of as ons daarvan verdink word dat ons een kant help, kan ons lewens in gevaar wees," sê sy.

Intelezi is die mees algemene muti wat in die oorlog gebruik word.

Dit word gebruik vir beskerming voor 'n konfrontasie tussen twee groepe, selfs voor 'n sokker-wedstryd, en is gemaak van verskillende plante, gemeng met water en ander kruie.

Die liggaam word daarin gewas of daarmee besprinkel. Só hardloop impi's byvoorbeeld voor 'n aanval verby 'n besem of 'n dier se stert waarmee intelezi op hulle gesprinkel word.

Die effek daarvan hang van die soort plant af, hoe dit gemeng word en die bekwaamheid van die sangoma. Van die "resepte" waarborg dat die draer tydelik onsigbaar sal wees of dat koeëls van sy liggaam sal wegkaats.

As dit nie werk nie, het die ander kant miskien nog sterker muti gehad waarmee die koeëls behandel is, of die man wat dood is, het skelm met 'n vrou geslaap nadat die muti geneem is.

'n Ander algemene soort muti wat in oorlog gebruik word, is insizi. Dit is 'n swart poeier gemaak uit dierebestandele wat òf naby die vel in 'n sakkie gedra word òf in snye op die bors, rug of arms ingevryf word.

Die bestanddele wat gebruik word is belangrik. 'n Leeu se vet sal jou ongelooflik sterk maak, 'n paling s'n kan jou vinnig laat wegglip en 'n bobbejaan s'n sal jou sterk en rats maak.

Die abathakati bedryf die sogenaamde "donker kant" van die mutibedryf en mense wat daarvan verdink word dat hulle abathakati is, of selfs hul kinders, is al op gruwelike maniere doodgemaak.

In gebiede soos Port Shepstone waar muti algemeen gebruik word, is abathakati al op die necklace-manier doodgemaak omdat hulle daarvan verdink is dat hulle die "verkeerde kant" te veel gehelp het.

Daar word wyd in township-gemeenskappe geglo dat die krygshere met die sterkste muti tot so ver as Zanzibar en die Verre-Ooste gereis het en baie geld spandeer het om die sterkste muti en die bekwaamste sangomas te soek.

Die feit dat sekere van hierdie krygshere herhaaldelik in die hof verskyn op aanklagte van moord, maar nooit skuldig bevind word nie, word ook aan muti toegeskryf.

Daar is 'n spesiale soort muti wat gebruik word wanneer iemand in die hof verskyn. Dit kan byvoorbeeld veroorsaak dat die aanklaer vaak raak en nie kan konsentreer nie, of dat die getuies deurmekaar raak en nie die waarheid praat nie.

Wanneer 'n aanval beplan word, gaan krygshere se "luitenante" dikwels van huis tot huis om geld vir intelezi in te samel.

Dit is duur om 'n goeie sangoma te betaal wat die kragtigste en doeltreffendste intelezi kan meng - en die mense word deesdae vir soveel as R40 per huis gevra.

As die geld eers ingesamel is, doen die sangoma die nodige rituele en die impi berei hul voor en kamp dan die aand voor die geveg in die bosse.

Dit is om te verhoed dat hulle enigiets doen wat die uitwerking van die muti sal verswak - soos byvoorbeeld om saam met 'n vrou te slaap.

Die meeste witmense, en selfs verskeie verstedelikte swartes, vind dit seker moeilik om te glo dat muti jou sterk en onoorwinbaar kan maak.

Maar sielkundiges en muti-kenners sê dat dit wel werk.

'n Mens kan hóé skepties wees oor 'n vloeistof wat koeëls van jou liggaam laat afspring, maar as iemand vas glo dat dit gaan gebeur, sal dit die persoon sterk en onoorwinbaar laat voel, en 'n hele impi wat só voel, kan 'n vreesaanjaende oorlogmasjien word...

Vakansie-mekka 'n slagveld

CHRISTELLE DE JAGER

GEWELD in die Natalse Suidkus-gebied het die lewens van meer as 30 mense dié maand geëis, van hulle vroue en kinders wat genecklace is.

Brutale moorde in die townships van dié gebied, mekka van die Transvaalse toeris, het sedert Julie verlede jaar begin toe 'n indoena deur agt jeugdiges doodgemaak is.

Politieke verskille, kriminele bedrywighede en 'n gebrek aan leierskap en verset teen tradisionele strukture en krygshere blaas wel die geweld aan, maar die onderliggende sosio-ekonomiese toestand het die ideale teelaarde vir 'n kultuur van geweld geskep.

'n Gemeenskapswerker van Port Shepstone, Karen Harrison, sê toestande in townships in dié gebied is van die ergste in die land, terwyl werkloosheid ook 'n groot probleem is.

Die werkloosheidsyfer in die ouderdomsgroep 16 tot 25 jaar is in die omgewing van 50 persent en baie mense leef in haglike omstandighede - sonder water, elektrisiteit, behuising of ontspanningsgeriewe, en in skole is daar in party klaskamers tot 300 kinders.

Te midde van die probleme het die UDF en ander anti-apartheidsorganisasies jeugstrukture gevorm, maar dit is nie goed opgevolg nie en in die afwesigheid van sterk leierskap het werklose kriminele elemente strukture soos die Murchison-jeugliga oorgeneem en vir hul eie doeleindes gebruik.

Cosatu werk saam met kerk- en ander gemeenskapsleiers om die jeug op te voed oor die rol van politiek, en hulle deel pamflette uit waarin geweld teengestaan en vrede bevorder word.

Sedert Maandag is die jeugdiges terug skool toe en daar was nog geen verdere geweld nie.

Eerw Abraham Mashiyane van die Afrika Evangelisasie Kerk, sê hy is vol hoop dat hulle nou iets begin bereik met die harde werk onder die jeug.

"Die indoenas en die jeug begin saamwerk, die jeug begin meer gedissiplineerd word en distansieer hulself van kriminele elemente.

"Maar ons kan net soveel doen om die jeug op die regte pad te kry. As die sosio-ekonomiese toestande nie ingrypend verbeter word nie, sal dit op die lange duur nie help nie omdat die frustrasies van die jeug dan net weer na vore sal kom," sê hy.

Haglike sosio-ekonomiese toestande 'n teelaarde vir geweld

Harrison sê 'n probleem met die verbetering van die sosio-ekonomiese toestand is die feit dat die meeste van die swart gemeenskap in buitestedelike gebiede bly wat onder die KwaZulu-regering val - en die regering het nie die geld om toestande te verbeter nie.

Die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens reageer...

Na aanleiding van die berig "Ons is besig om die pilare te skud" in Vrye Weekblad, 20 April 1990 reageer die SA Gevanenisdiens as volg:

Ter aanvang kan gemeld word dat die beweringe in dié berig deurspek is met halwe waarhede, onduidelikhede en veralgemenings.

Personeel van die Gevangenisdiens lewer 'n noodsaaklike veiligheidsdiens aan die gemeenskap en daar kan nie toegelaat word dat dié diens as gevolg van die ongedissiplineerde gedrag van lede onderbreek of afgeskaal word nie.

Daar is gebeurlikheidsplanne wat voorsiening maak vir situasies soos dié en as gevolg van die lojaliteit en toewyding van die oorgrote meerderheid van die personeel wat steeds hul plig doen, is daar volkome beheer by alle gevangenisse. Die bewering dat die ontevrede bewaarders se getalsterkte 'n ernstige personeeltekort teweeggebring het, is dus vergesog.

Aanvanklik is 564 lede geskors weens hul betrokkenheid by die onwettige stakings. Aangesien die Gevangenisdiens bewus was van die feit dat lede geïntimideer word, het bevelvoerende offisiere in die skorsingskennisgewings lede uitgenooi om die saak persoonlik te kom bespreek waarna die opheffing van skorsings oorweeg sal word. Sedertdien het 200 lede reeds van dié uitnodiging gebruik gemaak en het hulle normale dienste hervat.

Die bestuur van die SA Gevangenisdiens was nog altyd en is op hulle onderskeie vlakke beskikbaar om na lede van die Gevangenisdiens te luister, maar dan in hulle hoedanigheid as lede van die Diens en nie as lede van 'n vakbond nie.

Enige probleem kan langs dié weg bespreek word met die doel om dit op te los, inag genome ekonomiese en ander realiteite wat mag bestaan.

Soos tereg gemeld is, is Popcru nie 'n erkende vakbond in terme van die bestaande wette nie en daarom is die Gevangenisdiens onder geen verpligting om met hulle te onderhandel wat betref vergoeding, diensvoorwaardes of enige ander saak wat op die Gevangenisdiens van toespassing is nie.

Wat personeel betref, bestaan geen dispariteite met betrekking tot salarisse, voordele en bevorderingsgeleenthede nie.

Bo en behalwe die bestaande akkommodasie te Westlake, ontstaan daar van tyd tot tyd 'n behoefte aan addisionele huisvesting waarin lede geakkommodeer kan word.

Beskikbare bestaande en ander geboue en strukture by Westlake is omskep in tydelike behuisingseenhede terwyl die beplanning en oprigting van 'n nuwe behuisingskompleks gedoen word.

Geskikte grond is intussen vir dié doel in die Steenberg-gebied bekom en die beplanning en ontwikkeling van die behuisingskompleks, sport- en ontspanningsgeriewe is tans onderweg.

Geriewe vir anderskleurige lede is tans nie in alle opsigte gelykwaardig aan dié van blankes nie. Gegewe die fondsrealiteite ontvang dié aangeleentheid egter die nodige aandag. Daar kan net ook gemeld word dat by die ontwikkeling van nuwe gevangenisterreine en die uitbreiding van bestaandes, gelykwaardige geriewe vir almal daargestel word.

Wat sport betref, respekteer die Gevangensdiens die bestaan van erkende strukture waarbinne die beoefening van sport in Suid-Afrika gekontroleer en gekoördineer word.

Indien die SA Gevangenisdiens nie oor 'n eie klub in 'n spesifieke gebied beskik nie, en 'n lid dan aansoek sal doen om aan 'n private klub te behoort, word goedkeuring gegee onderhewig daaraan dat die betrokke klub binne die raamwerk van erkende strukture val.

Met betrekking tot die mediese hulp vir die familie van swart lede word u verwys na 'n persverklaring deur die minister van Justisie, Kobie Coetsee, op 21 Maart waarin hy gesê het dat afhanklikes van alle Gevangenisdienspersoneel wat nog nie die voordele van die diens se mediese skema geniet nie, vanaf die begin van April daarby ingesluit is.

Wat betref beweringe van diskriminasie ten opsigte van die behandeling van die gevangenes, moet dit benadruk word dat alle gevangenes dieselfde behandeling ontvang. Alle gevangenes, ongeag hulle ras, ontvang dieselfde gestandardiseerde rantsoenskaal en word die bewering dat anderskleurige gevangenes se kos swakker is, verwerp.

Alle nuwe gevangenes word met beddens toegerus. By gevangenisse waar beddens nog nie aan gevangenes voorsien is nie, word dit beskikbaar gestel soos wat finansiële en ander realiteite dit toelaat. Waar beddens nie voorsien is nie, word gevangenes voorsien van bedmatte en voldoende beddegoed.

Die bovermelde beweringe wat deur stakende personeel oor sogenaamde ongerymdhede en swak behandeling van personeel en gevangenes wat nou gemaak word, word beskou as 'n poging deur dié lede om die Gevangenisdiens verdag te maak en daardeur hulle eie onverantwoordelike gedrag te probeer regverdig.

Huwelike in Suid-Afrika

Sprokie, of verhaal van verbrokkeling?

Die Britse koningshuis, die troue van Prinses Di en Prins Charles, die wit rok, blomme en koetse - dié sprokie het volgens kenners 'n invloed op die huweliksbeskouing van die tagtigerjare gehad. Maatskaplike werkers en huweliksraadgewers sê mense het die romantiek aangegryp en "trou het skielik weer mode geword". Egskeidings ongelukkig ook. PEARLIE JOUBERT stel ondersoek in

Dié troue van Prinses Di en Prins Charles het die wêreld aangegryp *(Foto: AP)*

SUID-AFRIKA se egskeidingsyfer is van die hoogste in die wêreld en die meeste van dié mislukte huwelike verbrokkel binne die eerste vier jaar.

In 1988 is 64 098 paartjies in Suid-Afrika getroud. Van hulle is 24 590 geskei. Ongeveer 6 808 van dié egskeidings het binne die eerste vier jaar van die huwelik plaasgevind, en 4 652 egskeidings binne die eerste tien jaar.

Statistiek toon dat mans tussen 25 en 29 die meeste skei - ongeveer 2 140 - en vroue tussen 20 en 24 - naamlik 2 219. Dié getal sluit nie swartmense in nie.

Die Sentrale Statistiekdiens in Pretoria sê daar bestaan nie statistiek oor swart huwelike en -egskeidings nie omdat "daar nog te veel tradisionele huwelike is en omdat nie alle swartmense in kerke of howe trou nie."

Dié egskeidingsyfer het sedert 1985 met 3 104 jaarliks gestyg.

Kenners meen dat ongetroude vroue, selfs in die moderne eeu, moeiliker as mans alleen oor die weg kom.

"Die publiek kyk steeds 'n vrou wat alleen in 'n restaurant en kroeg instap snaaks aan en dink sy wil eintlik opgetel word," sê Van Zyl. "Dit is baie jammer dat ons steeds sit met al dié aannames. Vroue kan alleen oor die weg kom."

'n Maatskaplike werker, Victor April, ook van Famsa, werk veral in die swart gemeenskappe en sê dié mense verwag van die vrou om 'n hoë morele standaard te handhaaf, "maar verwag nie presies dieselfde van mans nie. Wanneer 'n man en vrou saamwoon en nie getroud is nie, word die vrou as 'n hoer gesien, maar nie die man nie."

'n Huweliksraadgewer, Joke Nicol, stem saam en sê 'n dubbele morele standaard vir mans en vroue word steeds in Suid-Afrika gehandhaaf.

"Seksuele losbandigheid by mans is heeltemal aanvaarbaar, maar nie by vroue nie. Baie mans wil met maagde trou terwyl hulle self nie meer maagde is nie."

Benewens dié dubbele standaarde lyk dit tog of vroue besig is om beheer oor hul eie lewens te neem.

De Bruyn sê voorbehoedmiddels, opvoeding en vroue-bewegings het die moderne vrou in 'n groot mate bevry van rolle wat aan haar toegedig is. "Vroue speel 'n al hoe belangriker rol in die beroepslewe en beskou hulself nie meer net as moeders en eggenote nie.

Nicol beweer dat die algemene neiging na die gelykheid van vroue, die wegval van onbuigsame rolverdeling en 'n algemene besef van die belang van oop kommunikasie, die vrou in 'n groot mate van stereotipering bevry.

"Vroue raak meer onafhanklik van mans en beweeg weg van die moederrol. Ek beskou dit as baie positief. Onafhanklikheid, selfs by getroude mense, is baie belangrik.

"Enkelouerskap is deesdae ook baie meer algemeen, én dit neem toe. Vir die gemeenskap is dit ook baie meer aanvaarbaar as 'n tyd gelede."

Sy glo egter steeds dat enige mens die behoefte aan 'n "kameraad" het. "Vir kinders, dink ek, is dit ook baie belangrik om 'n man én vrou as identifiseringsmodelle te hê."

Sy sê die gemeenskap vra egter steeds vir mense, "veral as hulle ouer as 30 is, waarom hulle nie getroud is nie. 'n Mens hoor baie dat mense vra: Wat is verkeerd met jou, hoekom trou jy nie?"

Dit blyk asof dié vrae gevra word weens die opvatting dat mense 'n natuurlike behoefte aan 'n vaste verbintenis met iemand anders het.

Kenners het almal hiermee saamgestem en meen dat dit nooit sal verander nie weens die mens se behoefte aan sekuriteit en nabyheid.

Dié toename in die egskeidingsyfer, volgens kenners, hou beslis verband met die besondere omstandighede waarin Suid-Afrikaners woon.

Ruth de Bruyn, arbeidskonsultant van Oos-Londen, sê die hoeveelheid spanning en verandering waarmee die gemiddelde Suid-Afrikaner moet saamleef, "het beslis 'n negatiewe invloed op huwelike".

"Veral Afrikaanssprekende mense moet geweldig vinnig aanpas by die verandering en daar ontstaan baie woede en aggressie wat die mense op mekaar uithaal."

Nicol sê Suid-Afrika is 'n buitengewoon gewelddadige samelewing en dat dit beslis huwelike beïnvloed. "Dit verklaar grootliks die toenemende getal aanrandings binne die huwelik. Ons samelewing sanksioneer stilswyend geweld en mense los hul huweliksprobleme volgens daardie norme op."

April sê die hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika kan "sonder twyfel toegeskryf word aan die spesifieke sosiale struktuur van ons samelewing".

"Die trekarbeiders en die wette wat hier rondom gemaak is, veroorsaak dat mans nie meer hul tradisionele rol as eggenoot en pa kan vervul nie." Hy sê die groot tekort aan behuising in veral die swart gemeenskappe veroorsaak ook dat baie getroudes van mekaar vervreem word.

"Vroue sukkel wanneer hul mans weg is om geskikte huise te bekom en dit maak dit makliker vir hulle om saam met ander mans te gaan woon wat wel huise vir hulle en hul kinders het."

De Bruyn gee 'n verdere verklaring vir die hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika.

"Die mediese tegnologie die afgelope tyd het die mens se lewensverwagting ingrypend verleng. Vroeër het baie vroue tydens geboorte gesterf. Dit gebeur nie vandag meer nie en mans en vroue wat trou, woon vir so lank as 50 jaar saam."

Saamwoon blyk nie meer die ooglopende keuse vir die moderne mens te wees nie, hoewel dit wil voorkom of die wit gemeenskap se morele beswaar teen saamwoners besig is om af te neem.

Nicol sê baie mense woon steeds deesdae saam, maar dit is nie meer 'n skok vir die gemeenskap nie. "Mense praat nie meer daaroor nie - dit het byna deel van die aanvaarbare geword."

April sê die swart gemeenskap het egter steeds baie morele besware teen ongetroudes wat saamwoon. "Dit is in die meeste swart gemeenskappe 'n taboe. In baie gevalle moet die man geld of veë aan die ouers van die vrou gee wanneer hy net saam met haar wil woon. Dié bedrag wissel tussen R200 en R500." Volgens hom is dié gebruik steeds sterk in die Zoeloe-gemeenskap.

Volgens hom is saamwoon - selfs onder die verstedelikte swartmense - nie baie algemeen nie weens die gemeenskap se beswaar daarteen.

De Bruyn meen saamwoon berei mense voor om saam te woon en nié om te trou nie. "Ek haal graag altyd vir Antjie Krog in dié verband aan: Die huwelik is die enigste verhouding waar mens die rooi van bloed kan leer ken.

"Selfs die modeme mens wil vandag nog trou eerder as om 'n losse verhouding aan te gaan. Mense soek almal sekuriteit en het 'n behoefte aan emosionele steun en 'n verbintenis tot iemand."

Van Zyl sê die "saamwoon-tendens" het redelik afgeplat in die afgelope paar jaar. "Sedert die belastingheffings op getroudes verander en verlig is, kyk mense met nuwe oë na die huwelik. Vroeër was dit finansieel meer prakties om saam te woon eerder as om te trou."

Sy sê mense wat voorheen getroud was en geskei het, is meer geneig om saam te woon as jongmense wat daaraan dink om te trou. Sy meen ook dat saamwoners in twee kategorieë verdeel kan word.

"Daar is diegene wat geskei is en bang is om weer deur dieselfde trauma van egskeiding te gaan. Hulle verkies dan om eerder saam met 'n man of vrou te bly en al die voordele van 'n huwelik te hê sonder die huwelik.

"Vir dié mense, wat wissel tussen die ouderdom van 20-30 en ouer, het die huwelik nie gewerk nie en iets weerhou hulle daarvan om weer 'n vaste verhouding aan te kweek met iemand omdat hulle bang is om weer seer te kry."

Volgens haar gebeur dit, "veral deesdae", dat twee mense wat geskei is ná die egskeiding weer by mekaar intrek.

Die tweede kategorie saamwoners is diegene wat vir korter tydperke saamwoon en "wanneer daar probleme is, verlaat hulle mekaar sonder groot emosionele probleme". Dit is veral jongmense wat op dié grondslag saamwoon.

Volgens haar is die wetlike beskerming vir saamwoners baie sleg. "Mense kan, veral finansieël, deesdae nie baat by saamwoon nie. As die een party moeg is vir die verhouding, kan hy of sy net uitstap sonder enige verpligtinge."

Nicol sê veral mans kan sleg daarvan afkom indien hy en die vrou kinders het en nie getroud is nie. "Volgens die wet, selfs al is die man die biologiese pa van die kinders, het hy geen aanspraak op die kinders nie."

Van Zyl sê die Suid-Afrikaanse gemeenskap sit steeds met die "ou idee dat die man vir die vrou moet sorg en dat voorhuwelikse seks verkeerd is. Die kerk speel hier 'n groot rol omdat veral die grootste Afrikaanse kerke steeds volhou dat egskeidings 'n skande is."

Volgens haar veroorsaak dit dat mense nie hulp soek wanneer dit sleg gaan in die huwelik nie omdat hulle dit as 'n skande en taboe beskou.

Sy sê ook dat veral Afrikaanse mans dit baie moeilik vind om openlik te erken dat daar probleme in hul huwelike is.

* In die pre-industriële tydperk was gesinseenheid van 'n blywende aard. Die Amerikaanse skrywer, Scanzoni, som dit só op: "Die huweliksband is gesmee vir die res van die mense se lewens en die mate van ongelukkigheid en onvervuldheid kon in die meeste gevalle nie dié bande verbreek nie. Die huwelik het beteken dat beide man en vrou glo dat die huweliksband 'n lewenslange kontrak is en nie die mees onaangename omstandighede kan dit verbreek nie."

Scanzoni beweer egter dat dié persepsies oor die jare, veral sedert die sestigerjare grootliks verander het na 'n meer pragmatiese beskouing van die blywende aard van die huwelik. Dit het beteken dat persoonlike regte en welvaart belangriker geag is as lojaliteit aan die familie.

Legal Recources Centre

PRETORIA-STREEKKANTOOR

DIREKTEUR

Aansoeke word ingewag vir die pos as direkteur van die Pretoria-Streekkantoor van die Regshulpsentrum, 'n nie-winsgewende organisasie wat regshulp op die gebied van openbare belang aan onbevoorregte mense en gemeenskappe verskaf

Vereistes vir die pos is:
*** 'n Minimum van vyf jaar se onlangse ondervinding as prokureur of advokaat met Hooggeregshof-ondervinding**
*** Die vermoë om 'n kantoor te bestuur**
*** 'n Belang in die regsprobleme van die armes in sowel die landelike as stedelike gebiede en die ontwikkeling van regsdienste vir onbevoorregte mense en gemeenskappe.**

Kennis van 'n Afrika-taal sal in u guns tel.

Die salaris sal bepaal word deur u kwalifikasies en ondervinding in ooreenstemming met die skaal wat landswyd binne die Regshulpsentrum geld.

Applikante moet 'n volledige curriculum vitae en die name en adresse van twee referente stuur aan: Die Sekretaris, Nasionale Kantoor, Regshulpsentrum, Posbus 9495, Johannesburg 2000.

Aanstap, rooies, die pad is lank en swaar

MAX DU PREEZ probeer tussen die reëls lees en verstaan hoe Staatspresident FW de Klerk se kop werk oor onderhandelinge

'N STAATKUNDIGE oplossing gegrond op groepsregte bly steeds die FW de Klerk-regering se minimum-voorwaarde vir 'n onderhandelde skikking met die ANC.

Dit blyk duidelik uit die insiggewende onderhoud wat De Klerk met die Britse televisieman Brian Walden gevoer het.

Maar terselfdertyd het hy hom onherroeplik verbind tot 'n einde aan alleenheerskappy deur blankes en weer eens die moontlikheid genoem van 'n parlement met een kamer waar "minderhede" 'n soort vetoreg sal kan hê en 'n ander kamer wat op 'n een mens, een stem-grondslag verkies is.

Ondanks die lengte en aggressiwiteit van Walden se ondervra-ging, is dit egter steeds moeilik om De Klerk heeltemal vas te pen.

Wat bedoel hy met "simplistiese meerderheidsregering" soos gestel teenoor "magsdeling"?

Is die "minderheidsgroepe" waarvan hy so baie praat rassegroepe, etniese groepe, kulturele groepe of belangegroepe? Hoe gaan dit bepaal word - deur die Bevolkingsregistrasiewet of vrye assosiasie, en gaan daar afsonderlike kieserslyste wees? Gaan mense nog "geklassifiseer" word?

Nog 'n taai vraag wat opduik, is of onderhandelinge beëindig gaan word as die ANC en/of ander groepe weier om iets minder as meerderheidsregering te aanvaar.

De Klerk sê hy "onderskei tussen twee konsepte: die een is simplistiese meerderheidsregering en die ander is magsdeling. Ons is ten gunste van magsdeling, want ons glo opreg dat 'n simplistiese meerderheidsmodel nie die regte model vir 'n heterogene gemeenskap is nie."

'n Mens se eerste gevolgtrekking is dat hy van rasse-minderhede praat wanneer hy na 'n "heterogene gemeenskap" verwys.

Maar dan voeg hy by dat wat hom van meerderheidsregering pla, is "die feit dat die meerderheid, hoe dit ook al saamgestel is, kan met 'n meerderheid van een sy wil op minderhede afdwing.

"Dan kan minderhede met spesifieke belange wat van spesifieke belang is vir 'n spesifieke groep - kultuurgroep, byvoorbeeld - hulself in 'n negatiewe posisie bevind."

De Klerk klink inderdaad baie opreg oor meerderheidseggenskap wanneer hy sê: "Daar is gaan manier waarop ons die meerderheid kan uitsluit nie, of van die meerderheid kan verwag om nie sy volle rol te speel nie. Maar gebalanseer daarmee moet wees effektiewe maniere om minderhede te beskerm. Daar is verskeie maniere waarop dit gedoen kan word. Van die beginsels wat ons glo gevolg moet word, is desentralisering van mag en verbeeldingryke devolusie van mag na kleiner eenhede..."

Maar nou is die vraag of dié eenhede na wie mag gedesentraliseer of afgewentel word, ook op die basis van meerderheidsregering gaan werk, en of dit op rasse- of etniese grondslag saamgestel gaan word. As dié eenhede, soos streeksregerings of plaaslike regerings, volgens 'n stelsel van een mens, een stem saamgestel word, sal daar tog steeds nie beskerming vir "minderhede" wees nie. En as dit volgens ras of etnisiteit saamgestel word, sal dit beslis nie vir die swart meerderheid aanvaarbaar wees nie.

"As ons 'n wit minderheid openlik of agteraf vasklou aan 'n situasie waar die blankes steeds in 'n oorheersende rol is, sal ons natuurlik nooit werklike vrede in ons land hê nie," sê De Klerk dan. "Maar ons wil nie dit wat moet verdwyn ruil vir 'n nuwe situasie waar die wit minderheid en ander minderhede wat volle vryheid behaal het, daardie vryheid verloor of waar afbreek aan die kwaliteit van daardie vryheid gemaak word nie."

Aha, dink 'n mens, nou weet 'n mens ten minste witmense is een van die "minderhede" waarvan hy praat. Maar watter "vryhede" sou witmense nou hê wat hulle in 'n veelparty-demokrasie met universele stemreg nie sou hê nie?

"Die hele proses gaan ongelooflik moeilik wees," sê De Klerk. As 'n mens kyk na sy siening van kompromieë en gee-en-neem, dan is hy inderdaad reg.

Hy sien "simplistiese meerderheidsregering" as "selfmoord". Hy is nie bereid om selfmoord te pleeg nie, en die wit minderheid ook nie, sê hy.

Logiesgewys sê hy dus "magsdeling" is die enigste model, en daar is nie oor "simplistiese meerderheidsregering" te onderhandel nie.

Die ANC "is welkom om hul model vir meerderheidsregering op die tafel te sit," sê hy, en hy sal sy model vir "magsdeling" op die tafel sit. Dan kan daar onderhandel word.

En dan voeg hy by: "Ons sal een belofte nakom wat deur my voorganger en myself gemaak is, en dit is dat die resultate van die onderhandelinge, voordat dit in die grondwet geïmplementeer word, ek na die wettig-saamgestelde parlement sal gaan en 'n ja of 'n nee daarvoor vra."

En dan sy regte "bottomline": "Ek is nie van plan om met 'n model na hulle te gaan wat selfmoord sal beteken nie."

Duideliker as dit kan dit nie eintlik nie.

Veldtog vra De Klerk om kommissie uit te brei

CHRISTELLE TERREBLANCHE

DIE Veldtog vir 'n Geregtelike Ondersoek na Moordbendes het pres FW de Klerk dié week in 'n brief versoek om die opdrag van die Harmskommissie uit te brei na die ondersoek van politieke moorde in die buiteland.

Hulle meen dat deur buitelandse moorde van die ondersoek uit te sluit, die kommissie een van sy kerntake, naamlik om aangeleenthede te ondersoek wat die politieke en administratiewe verantwoordelikhede van die betrokke minister(s) en veiligheidsamptenare weerspieël, nie na behore kan vervul nie.

Kobus Visser skryf namens die openbare veldtog uit Kaapstad aan De Klerk dat lede die verloop van die ondersoek met meer as die gewone belangstelling volg "in die vertroue dat dit beweringe wat vir ons as - oorwegend wit en Afrikaanssprekende - Suid-Afrikaners groot verleentheid skep, baie deeglik sal ondersoek".

Die Veldtog sou vroeër vanjaar 'n optog na Tuynhuys hou om die Staatspresident te versoek om 'n geregtelike kommissie van ondersoek aan te stel om bewerings oor polisiemoordbendes en politieke moorde te ondersoek. Die Harmskommissie is 'n dag voor die beplande optog aangestel.

Nou skryf hulle dat die aanstelling verwelkom word, maar dat hulle besorg is omdat regter Harms sy opdrag so vertolk as dat "politieke moorde wat in die buiteland - deur na bewering lede van die SA Veiligheidsgemeenskap - gepleeg is, nie deur die kommissie ondersoek kan word nie". Hulle meen dat so 'n eng vertolking van die opdrag erg belemmerend en teenproduktief is vir 'n behoorlike ondersoek.

Ná Genl Magnus Malan, minister van Verdediging, se bewering in die parlement dat die Swapo-aktivis, adv Anton Lubowski, 'n Suid-Afrikaanse agent was, is die opdrag van die kommissie uitgebrei om die bewering te ondersoek. Die kommissie se verwysingsraamwerk sluit egter oënskynlik die magtiging uit om Lubowski se moord op 12 September verlede jaar te ondersoek omdat dit in die buiteland sou plaasvind. Die Lubowski-familie se regsverteenwoordigers voer egter aan dat die moord waarskynlik in Suid-Afrika beplan is, wat dit beslis deel van die kommissie se opdrag sou maak.

Hy het op 21 Maart aan die hand van in camera-getuienis deur die SAW bekend gemaak dat sekere tjeks deur die weermag aan Lubowski uitbetaal is vir sy beweerde dienste, maar wou nie besonderhede bekend maak nie. Na berigte in die media dat 'n tussenganger die geld aan Lubowski kon betaal, sonder dat hy die oorsprong daarvan geken het, het regter Harms onderneem om ná die kommissie se sitting in Londen wel nadere besonderhede van die vermeende transaksie bekend te maak.

Die Veldtog voer nou in die brief aan dat "deur sogenaamde buitelandse moorde uit te sluit, kan maklik 'n skewe beeld gekry word van die kernkwessie wat eintlik ondersoek moet word en kan die doel van die ondersoek verydel word".

Hulle meen die kommissie vervul 'n ander rol as byvoorbeeld 'n geregshof wat op die omstandighede met betrekking tot beweerde misdade moet ingaan ten einde skuldiges aan die man te bring. "'n Belangrike dimensie van die kommissie se werksaamhede is om aangeleenthede te ondersoek wat op die politieke en administratiewe verantwoordelikhede van die betrokke minister(s) en veiligheidsamptenare reflekteer."

Lede van die openbare veldtog meen dat indien bevind sou word dat onreëlmatighede as gevolg van magsmisbruik voorgekom het, die kommissie "immers aanbevelings kan maak oor maniere waarop die herhaling daarvan voorkom kan word".

"Dit behels meer as bloot die vasstelling van strafregtelike aanspreeklikheid - en vereis 'n volledige evaluering van alle tersaaklike (binnelandse en buitelandse) omstandighede en faktore wat integrerend deel is van beweerde bedenklike optrede deur lede van die Suid-Afrikaanse veiligheidsgemeenskap," skryf hulle.

In die brief sê hulle dit maak gevolglik weinig sin dat bedenklike veiligheidsaksies wat deur Suid-Afrikaanse veiligheidsamptenare binne Suid-Afrika en binne die uitvoerende gesagstrukture van die regering "gekonsipieer en beplan is, maar in die buiteland uitgevoer is" nie krities deur die Harms-kommissie ondersoek kan word nie. Volgens lede is die manier waarop die kommissie omstandighede in verband met die Lubowski-moord kon oorweeg, hoogs onbevredigend onder meer omdat Namibia onlangs eers "deel van die buiteland" geword het.

Vir R1,50 'n week kom stimuleer ons jou in jou voorhuis

Van vandag af kan jy Vrye Weekblad elke Vrydag by jou huis afgelewer kry. Vir net R75 per jaar of R40 vir ses maande (AVB ingesluit).

(Dit is nou as jy in Pretoria, Groter Johannesburg, Oos- of Wes-Rand of in die Vaaldriehoek woon. Wat Kaapstad en elders betref, is ons versprelders nog besig met voorbereidings en ons sal dié datums later aankondig.)

Stuur jou tjek of posorder, uitgemaak aan Times Media Ltd, aan Vrye Weekblad, Posbus 10493, Johannesburg 2000.

Naam: _____

Adres: _____

_____

Poskode

_____

Naskrif: Vir die eerste 250 intekenaars stuur ons 'n gratis Vrye Weekblad T-hemp saam. Dié T-hemp is besig om 'n versamelaarsitem te word.

Dié Boere minag die Afrikaner

HENNIE SERFONTEIN, een van die mees ervare joernaliste in Suid-Afrika wat pas op Vrye Weekblad se hoofredaksie aangestel is, het in die vroeë 1960's die Nasionale Unie-Party saam met Robert van Tonder en Japie Basson gestig. Hy het dié week met Van Tonder op sy plaas buite Johannesburg oor die dreigende "Derde Vryheidsoorlog" gaan gesels



'Die polisie en die weermag sal ons help'

ROBERT VAN TONDER, die 66-jarige vuurvreter-leier van die Boerestaat Party, is 'n fanatieke "Boer" met 'n veelbewoeë politieke loopbaan.

Vir hom en sy geesgenote is daar 'n diepe onderskeid tussen Boer en Afrikaner. Eersgenoemde is die trotse afstammelinge van die Boere van die Anglo-Boere- oorloë wat terughunker na die verlore vryheid van die gewese Boere-republieke.

Afrikaner is iets anders. Dit is iemand wat die Boere-ideale afgesweer het en word in die Vrystaat en Transvaal aangetref, terwyl alle Afrikaners van die Kaap en Natal as sulks afgeskryf word.

Die Afrikaner word byna net soveel, indien nie meer nie, as die Engelsman deur hom geminag.

Die Britte is vir alles te blameer in Suid-Afrika, vir die stigting van die Unie in 1910 en vir die feit dat vyftien volke in een staatsbestel kunsmatig saamgesnoer is.

Soos vele regse leiers vandag het hy grootgeword as 'n blinde ondersteuner van die Nasionale Party wat veg om Afrikaner-regte in die stad te vestig. Hy het in Melville grootgeword en woon sy lewe lank in Johannesburg en omgewing.

In 1958-1960 speel hy 'n sleutelrol in die totstandkoming van die nuwe stad Randburg. Daaroor sou hy een van sy ses boeke skryf.

In die Nasionale Party van die jare veertig en vyftig speel hy 'n aktiewe rol in Johannesburg. By verskeie geleenthede het hy nou saamgewerk met Senator Jan De Klerk, toentertyd Minister in die Strijdom- en Verwoerd-kabinette en pa van Staatspresident FW De Klerk.

Maar meer ironies nog, Van Tonder en De Klerk is aangetroude agterkleinneefs.

"Maar dit is nie my skuld dat ons familie is nie," sê hy grappig tydens ons onderhoud.

"As ek aan sy broer Wimpie geskryf het, wat ek soms gedoen het, het ek die aanhef begin op die goeie boere-wyse met Beste Neef," vertel hy.

"Tydens my en Eugene Terre'Blanche se gesprek in November met FW De Klerk het ek dit egter nie wys geag om die verwantskapskwessie en ontmoetinge met sy vader aan te roer nie," vertel hy met 'n laggie.

Die aangetroude verbintenis tussen De Klerk en Van Tonder loop deur stoere Dopper-families heen. Albei is lidmate van die Gereformeerde Kerk. "Die president se ouma was 'n suster van 'n oom van my," sê hy.

Van Tonder vorm deel van die "establishment"-groep families van die Gereformeerde Kerk. Hy is die agter-kleinkind van die befaamde Dirk Postma wat in die vorige eeu van Nederland uitgekom het om die Gereformeerde Kerk in die ou Transvaalse Republiek te kom stig.

Ons weë het in 1960 gekruis toe Robert Van Tonder om regse redes en ek om linkse redes van die Nasionale Party af weggebreek het. Albei van ons was mede-stigters van die Nasionale Unie-Party van Jaap Basson waar ons 'n kortstondige politieke tuiste gevind het.

Van Tonder se finale breuk met die Nasionale Party is in 1961 oor Verwoerd se immigrasie-beleid waartydens daar 'n aansienlike toename van Engelssprekendes en Portugeessprekende Katolieke was, met 'n geringe invloed van die Duitslande.

In 1966 verskyn sy eerste boek: "Die Stryd duur Voort", nog tydens Verwoerd se lewe. Dit was 'n vlymskerp-aanval op die immigrasie-beleid en die bedreiging van die Afrikaanse taal.

Hy verwerf roem of berugtheid as voorste kampvegter van die Afrikaanse taal as iemand wat die miskenning van Afrikaans in die sakelewe beveg, en as iemand wat te alle tye weier om 'n woord in Engels met Suid-Afrikaners te praat.

Later word hy ook spottend die "Taalbul" genoem deur die regeringskoerante - 'n spottery omdat na die afsterwe van sy eerste vrou hy vir 'n tydperk getroud was met 'n Nederlandse skoonheidskoningin.

Die laaste agt jaar is hy getroud met Louis Richter, 'n dogter van die befaamde kol Richter, lyfwag van eerste ministers Jan Smuts, Hertzog, Malan en Verwoerd.

In 1969 was hy een van die stigterslede van die HNP en kandidaat in twee verkiesings. In 1977 bedank hy uit die HNP en skryf die boek "Die Boerestaat".

Volgens hom was dit die voorloper tot al die Volkstaat-gedagtes en partisie-planne later van die KP, AWB, Carel Boshoff en vele ander.

Ons voer die onderhoud in sy netjiese ruim studeerkamer op sy plaas Sandspruit, noordwes van Johannesburg. Agter hom, rak op rak, is een van die volledigste versamelings van die Boere-geskiedenis, die Groot Trek, die Vryheidsoorlog en van blanke politiek.

Teen die mure pryk fotos van Paul Kruger, Boere-generaals, die handtekening van volksleiers en die Kruger-sterftehuis in Clarence, Switzerland.

Hier sit en beplan hy die toekoms van die Boerevolk - hoe om te oorleef in 'n tyd van onderhandelinge tussen die regering en die ANC.

Met 'n nostalgiese hunkering terug na die romantiese verlede van die Boerevolk wil hy en andere hul Boerestaat van 'n eeu gelede laat herleef.

Hier gons die telefoon elke paar minute soos oproepe inkom van heinde en verre, soos hy in verbinding bly met die politieke-militêre allianse van die Boerestaat Party en die AWB.

Om die vergete Boerevolk te laat herleef, al word mense in die proses gedood, selfs bloed van sy bloed en vlees van sy vlees.

U Boerestaat Party en die AWB het 'n politieke en militêre alliansie gesmee. Julle organiseer jul ondersteuners in kommando's oor die hele land. Wat wil julle bereik?

Ons wil die onafhanklikheid van die ou Boere-republieke herwin. Pres De Klerk het gesê hy is van voorneme om 'n referendum uit te roep sodra hy met die ANC ná onderhandelings tot 'n nuwe grondwet ooreengekom het. Dit sal dus nie 'n algemene verkiesing wees wat op kiesafdelings gebaseer is nie. Sou dit 'n algemene verkiesing wees, glo ons dat die regses - my party, die AWB, die KP en andere - dit kan wen. Maar ons kan nie 'n referendum wen nie. Want aan so 'n referendum op 'n een-man-een-stem-grondslag vir alle wit kiesers, neem ook deel die Kaapse liberales en Brits-georiënteerde kiesers van Natal. Daardeur het hulle dan 'n seggenskap in die sake van Transvaal en die Oranje-Vrystaat. As jy dan weet dat jy nie jou probleme kan oplos deur na die stembus te gaan nie, dan het jy geen ander opsie nie as om te organiseer, te mobiliseer en om mag deur wapengeweld oor te neem nie.

Hoe gaan julle die regering verhoed om 'n nuwe grondwet te implementeer? Is julle gewapen? Gaan julle geweld gebruik? Beplan julle 'n revolusie?

Dit is nie dat ons 'n revolusie beplan om hulle op 'n bepaalde tyd aan te val en oor te neem nie. Die inisiatief berus by die regering. Hulle is die mense wat hierdie komplekse diversiteit van vandag - waarvoor daar geen oplossings is nie - geskep het.

Hulle is besig om met die kommuniste en die PAC en ANC te onderhandel om in te kom en te regeer. En as hulle dit doen, sal die Boere dit nie aanvaar nie. Want dit sal beteken dat ons ons hele onafhanklikheid, identiteit - alles - opgegee het. Dan sal ons optree.

En wat ek nou gaan sê, is nog nooit in die Suid-Afrikaanse koerante gepubliseer nie, al het ek dit vir hulle vanaf platforms gesê. Ek is vol vertroue dat in die geval van 'n opstand, ons die ondersteuning van die meerderheid in die Suid-Afrikaanse Polisie en die Suid-Afrikaanse Weermag het.

Hoe weet jy dit?

Wel, ek weet, want hulle is ons mense.

Is daar kontak tussen julle?

Ja, ons het kontak.

Vanaf wie se kant?

Ek kan nie veel meer as dit sê nie, want dit is 'n geweldige sensitiewe kwessie. En die regering sal sterk teen my optree en my verplig om inligting bekend te maak wat ek nie kan doen nie.

U moet verstaan, dis 'n heel sensitiewe saak.

Wie beskou u as die grootste bedreiging vir u toekoms, die De Klerk-regering of die ANC?

Beslis die De Klerk-regering. Want die geskiedenis van die Boere in Suider-Afrika en van die swart volke het een kardinale punt uitgewys. Dit is naamlik dat die Boere dwarsdeur hul geskiedenis baie goed met die swart volke oor die weg gekom het. Maar die vlieg in die salf was altyd die Britte en die ou Britse imperialiste. Elke keer as ons moeilikheid gehad het, was dit opgestook van die Britse kant. Gelukkig is Britanje vandag nie meer 'n politieke mag op die Suid-Afrikaanse toneel nie. Daarom is dit snaaks dat dit lyk of pres De Klerk die nuwe Britse imperialiste se marionet wil wees. Wat hy probeer om te doen, is om die stelsel wat deur die Britte teen ons wil aan ons gegee is, te laat voortbestaan.

Jy moet onthou dat ons drie jaar vir ons vryheid teen die Engelse geveg het en een sesde van ons mense verloor het. Dus is ons nie mense wat ewe gedweë ons daarby gaan neerlê nie. Mnr De Klerk vang ons ewe sagweg op 'n vriendelike, demokratiese en grondwetlike wyse deur te sê: Kom na vore sodat ons julle by wyse van 'n referendum kan vernietig. Dit sal ons nie duld nie.

Van Tonder (regs) saam met die AWB-leier, Eugene Terre'Blanche, en die voortvlugtige Piet Rudolph (langs Terre'Blanche) by 'n onlangse regse saamtrek

Hoe lank gaan u mense wag voordat hulle tot aksie oorgaan?

Dit hang van die De Klerk-regering af. Dit hang af van wat hy sy hervormingsinisiatiewe noem. En hoe ver hy sal gaan, en op watter tydstip hy mag aan die kommuniste gaan oorhandig. Mnr De Klerk praat van magsdeling met dié mense. Nou dit is die gekste ding waarvan jy in Suid-Afrika gehoor het, want daar is nie 'n ding soos magsdeling nie. Wanneer jy mag deel, het jy geen mag meer nie. Wanneer jy 'n een-perd-een-haas-situasie kry - soos waarin mnr De Klerk hom tans bevind - waar die swartes die perd en die blankes die haas is, hoe gaan julle mag met mekaar deel? Vyf persent met 95 persent. Dit is totaal onsinnig. En dit is presies wat hy op die oomblik besig is om te doen. Die oomblik dat hy met dié mense tot 'n vergelyk kom, en hy die land oorhandig: Dit mag die tyd wees wanneer die hele ding aan die brand slaan.

Sal julle intree terwyl die onderhandelings nog aan die gang is?

Nee, nee. Ons het nog altyd gesê solank as wat wet en orde gehandhaaf word, sal ons nie intree nie. Maar ons gaan nie toelaat dat wet en orde ons verhinder as ons wil verhoed dat ons vryheid weggeneem word nie.

Sal enige van u ondersteuners betrokke wees in pogings om ANC-mense te vermoor wat terugkeer huis toe, of kom vir die onderhandelings?

Nee, nee. Ons wil nie ANC-mense vermoor nie. Ons verstaan die aspirasies van sekere ANC-mense. Hulle keer nou terug. Ons hoop hulle sal dinge in perspektief sien en aan die Boere hul vryheid toestaan. Ons is slegs geïnteresseerd in die herstel van die Boere-republieke wat slegs 'n deel is van Suid-Afrika. Dit is al waarin ons geïnteresseerd is. Wat die ANC, De Klerk en al die ander mense met die res van Suid-Afrika doen, is hulle saak.

U onderleier, Piet Rudolph, word deur die polisie gesoek weens die diefstal van wapens en ammunisie van die weermag. Ondersteun u sy optrede?

Dit is nie duidelik hoe hy betrokke was nie. En of, soos die polisie dit stel, hy dit gesteel het nie. Ons sê hy het dit nie gesteel nie. As hy dit dan sou geneem het, was dit wapens waarvoor ons betaal het.

Ek het aan 'n lugmag-offisier wat my oor die saak kom sien het, gesê dat hy dit moet oorweeg om 'n lekker toekenning aan die Boere te maak. Skenk hulle die paar wapens waarvoor ons ten duurste betaal het. Maar ek ondersteun nie onwettige optredes nie.

Maar Piet Rudolph val nie in daardie kategorie nie. Hy is geen misdadiger nie. Hy is 'n vryheidsvegter. Hy doen wat oral in die wêreld gedoen is - deur die Jode, die Iere en mense soos sommige etniese groepe tans in Rusland doen.

Wat beplan julle om met die wapens te doen?

Natuurlik om ons self te bewapen. Ek bedoel ons moet voorberei vir 'n sekere datum. Want die regering laat ons sonder enige keuse. Ons het geen demokratiese opsie om uit dié gemors te kom nie.

En van u standpunt gesien, vyand nommer een is die regering?

Sekerlik. Ons het in werklikheid 'n "quisling"-regering aan bewind in Suid-Afrika. Mense wat Afrikaans praat, wat hulself Afrikaners noem, wat dit ook al mag beteken.

Hulle lieg want hulle is beslis nie Boere nie. *Hulle verstaan nie ons strewes nie.*

En hulle is ons dodelikste vyand.

Rudolph het verdwyn en is ondergronds. Help julle hom om te oorleef?

Ek sal hom help.

Is u in verbinding met hom?

Nee, ek is nie in verbinding met hom nie. Ek het nog niks van hom gehoor nie. Maar as hy my ondersteuning nodig het, sal hy dit ten volle van my en my party kry.

Sou hy na jou huis toe kom, sal jy hom aan die polisie oorhandig?

Nee, nooit nie. Ek sal hom beskerm. Ek sal hom wegsteek vir die polisie.

U ondersteun gewelddadige optrede, militêre aksies. Sal dié optredes nie spoedig tot 'n bloedbad in Suid-Afrika lei nie.

Nee. As daar 'n bloedbad is, dan is dit die verantwoordelikheid van die De Klerk-regering. Omdat hulle ons vryheid wegneem.

Hulle wil ons land weggee. En enigiemand wie daarvoor veg, is nie 'n misdadiger of 'n terroris nie. Hulle is patriotte.

En so beskou ek die Jode wat geveg het vir die vryheid van Israel. En in hul tyd het hulle ons volste ondersteuning gehad. Hulle is patriotte. Hulle verdien hul eie land. Hulle het dit teruggekry. En so ook die mense in Roemenië vandag. En in Lituae.

Ons wens hulle alles van die beste in die wêreld toe. En as bloed vergiet word in Litaue, soos dit vergiet was in Roemenië, dan het hulle die volste reg om dit te doen.

Wêreld:

Regse oorwinning

Regse nasionaliste maak gereed vir 'n weghol-oorwinning in Kroasië, Joego-Slawië waar die eerste vrye verkiesing sedert 1945 gehou word. Aanvanklike uitslae toon dat die Kroatiese Demokratiese Gemeenskap (CDC) van Franjo Tudjman in 30 van die 47 kiesafdelings voorloop.

Litaue skop vas

Litaue se Mazeikiai-olieraffinadery word gesluit as deel van Moskou se ekonomiese strafmaatreëls teen die republiek. Altesame 3 000 werkers verloor hulle werk. Intussen word strenger kontrole deur die Sowjet-kuswag langs die Litause kus uitgeoefen in 'n poging om die moontlike smokkel van wapens en ammunisie te verhoed.

Minder troepe

Die primier van China, Li Peng, en Mikhail Gorbatsjof kom vir samesprekings in Moskou byeen. Volgens berigte besluit hulle op die afskaling van troepe langs die grens tussen China en die Sowjet-Unie. Pravda sê die ooreenkoms sal die goeie verhouding tussen die twee lande verder versterk. Intussen vra een van die leiers van die Beijing-opstand dat die mense van Tibet en Xinjiang die reg moet kry om self te kies of hulle onafhanklikheid wil hê of nie.

Tonnel bly sink

Die projek om 'n tonnel onder die Engelse kanaal te bou, kry weer teëspoed. Die konsortium wat die kontrak gekry het om die tonnel te bou wat Frankryk en Engeland sal verbind, sê daar is nie genoeg geld om die projek aan te pak nie. Bouwerk aan die tonnel sal na verwagting sowat 7,5 biljoen pond beloop, nadat daar met die begin van die projek in November 1987 op 4,9 biljoen pond begroot is.

Damaskus in kollig

Damaskus, Sirië, is die plek waar daar nou versigtig, stap-vir-stap, tussen Amerika en Iran onderhandel word oor die vrylating van gyselaars. Dit volg op die vrylating die naweek van die eerste Amerikaanse gyselaar, prof Robert Tolhill, in 32 maande. Damaskus probeer om deur sy rol in die onderhandeling sy beeld te verbeter en daardeur nouer ekonomiese bande met Amerika te smee.

Wie bestuur?

Vyf gewapende gevangenes wat 'n opstand in 'n tronk in San Cristobal, Venezuela gelei het, gee hulle aan die owerheid oor nadat die groep in 'n motor ingebondel het in 'n poging om te vlug, maar tot hul ontsteltenis moes uitvind dat nie een van hulle kan bestuur nie.

Alistair Findley in City Press, 22 April 1990

Uitspraak ontstel

Skok en ontsteltenis is in Sidney, Australië uitgespreek nadat 'n Amerikaanse regter aanbeveel het dat alle mense wat bewustelik Aids versprei voortaan na die Australiese agterveld verban moet word. 'n Australiese spotprenttekenaar het in kommentaar op dié uitspraak gesê Aids staan eintlik vir "American Idiot Disregarding Sensitivity".

Geen oorloë meer

Die nuutverkose president van Nicaragua, Violeta Chamarro, beloof dat geen oorloë onder haar bewind sal plaasvind nie. Sy sê voor haar inhuldiging as president in Managua dat een van die eerste stappe wat sy sal neem, is om die oproep tot militêre diens af te skaf en om 'n algemene amnestie aan alle gevangenes te verleen.

Offisiere tereggestel

Altesame 28 offisiere wat daaraan skuldig bevind is dat hulle die regerende militêre raad van Soedan die naweek omver wou werp, word deur 'n vuurpeleton tereggestel. Volgens 'n amptelike verklaring is die leier van die staatsgreep, genl Omar Al Beshir onder dié wat tereggestel is. Slegs een offisier is vrygespreek.

Rogers van The Pittsburgh Press in Saturday Star, 21 April 1990

Sondebokke gevang

Meer as 160 mense wat daarvan verdink word dat hulle saamgesweer het in die mislukte staatsgreep in Nigerië die naweek, word in hegtenis geneem. Minstens vier mense is dood in die poging om die regering van pres Ibrahim Babangida omver te werp. Die verhoor van die gevangenes begin volgende week.

Minister aangekla

Die minister van sport, ontspanning en jeugsake van Uganda, Moses Ali, verskyn voor die hooflanddros in Kampala op aanklag van hoogverraad en terrorisme. Die minister, 'n onderwyser en 'n vishandelaar word daarvan aangekla dat hulle verskeie keer verlede jaar en op 7 April vanjaar saam gesweer het om die Ugandese regering omver te werp.

Grootse welkom

Namibia word verwelkom as die 160ste lid van die VVO. Die land word deur 'n oorweldigende stem van die algemene vergadering van die VVO as lid aanvaar.

Polisie gryp in

Zimbabwiese polisie tree sterk op teen stakende verpleegsters in Buluwayo, Harare en Mutare. Polisie, bewapen met gewere, knuppels en traanrook patrolleer die gronde van hospitale met die opdrag om stakende verpleegsters wat hulle op hospitaalgrond bevind in hegtenis te neem en aan te hou.

Acheson op borgtog

Donald Acheson, die 52-jarige Ierse burger wat aangehou word in verband met die moord op Anton Lubowski, word op borgtog van R4 000 vrygelaat. Acheson word daarvan aangekla dat hy Lubowski op 12 September verlede jaar voor sy huis in Windhoek doodgeskiet het. Die saak word deur die Windhoekse Hooggeregshof tot 7 Mei uitgestel sodat die uitleweringskwessie tussen Namibia en Suid-Afrika ondersoek kan word.

Suid-Afrika:

Groen revolusie

Die "groen revolusie" begin amptelik met 'n boomplant-seremonie in Soweto. Die veldtog word deur die National Environmental Awareness Campaign (Neac) en die breë demokratiese beweging geloods. Volgens 'n woordvoerder vir Neac word die bome ter ere van bevryde ANC-leiers geplant en om die "vergroening van 'n post-apartheid Suid-Afrika" te verskerp.

Gemartel

Tien beweerde gewese ANC-lede is vroeër dié week in hegtenis geneem kort nadat hulle vanuit Tanzanië op Jan Smuts geland het. Die groep, wat twee kinders en twee vroue insluit, beweer dat hulle uit dié organisasie gevlug het nadat hulle in aanhoudingskampe mishandel is.

Diensplígtiges in hof

Drie diensplígtes het dié week in die hof in Pretoria verskyn in verband met die wapendiefstal in dié stad verlede week. Hulle is op R1 000 borgtog vrygelaat.
Een van die groep van vier, Gene Taylor, is vermoedelik die persoon wat probeer het om aangehoudenes te bevry nadat hulle in hegtenis geneem is vir dié diefstal. Hy is borgtog geweier.

Raadslede bedank

Altesame 60 uit 692 swart raadslede het die afgelope paar maande bedank weens "intimidasie en onluste", volgens die Transvaalse LUK vir Plaaslike Besture, Olaus Van Zyl. Volgens Van Zyl is sewe plaaslike besture as gevolg hiervan buite aksie gestel.
Die Transvaalse Provinsiale Administrasie is ook op soek na 'n "gepaste" administrateur vir Khutsong naby Carletonville, waar vyf van die agt stadsraadlede die laaste paar weke bedank het.

Operasie Shortstop

Altesame 350 lede van die veiligheidsmagte is vroeër dié week in Durban se swart gebiede ontplooi in een van die grootste misdaad-voorkomingsaksies in dié stad. Operasie Shortstop het vroeg Woensdagoggend begin toe die veiligheidsmagte per helikopter na die gebiede is en onmiddellik met klopjagte begin het.

Gerwel in New York

Opvoeding is dié gebied waar "die mees verpletterende gevolge van apartheid die langste sál oorleef", het die rektor van UWK, Jakes Gerwel, in 'n toespraak in die buiteland gesê. Gerwel was op 'n besoek aan die Universiteit van New York waar hy universiteit-inskrywings tussen wit-, swart- en bruinmense vergelyk het.

KP en polisie

Die KP het die lidmaatskap van polisiemaglede wat aan dié party behoort opgeskort as gevolg van 'n besluit deur Adriaan Vlok om die polisie te verbied om aan party-politiek deel te neem. Moolman Mentz, KP-woordvoerder vir Wet en Orde, het dié stap as 'n "ernstige skending van 'n basiese mensereg" verwerp. Lede van die KP wat hierdeur geraak word se lidmaatskap sal herstel word sodra dié party die land oorneem, het hy bygevoeg.

Gevangenes vry

Twee gevangenes van Robbeneiland is vrygelaat na 'n geslaagde appèl teen vonnisse vir terrorisme en hulpverlening aan terroriste. Eric Vusumzi Mabuto en Sipho Dubase is verlede jaar tot vier jaar gevangenisstraf gevonnis.

Potch-geweld

Altesame 42 mense is na bewering Woensdag op Ikageng naby Potchefstroom in hegtenis geneem nadat dié gebied deur onlus geteister is. Die polisie betwis die syfer en sê hulle het net 27 skoliere aangehou. Die jeugdiges het vroeër dié week weens klagtes van openbare geweld in die hof verskyn.

FW en teenstand

FW De Klerk kan sterk teenstand verwag wanneer hy Wes-Europa volgende maand besoek, volgens Jan Nico Scholten, lid van die Nederlandse parlement. Scholten het in Harare gesê sy organisasie, die Assosiasie van Wes-Europese Parlementariërs vir Aksie teen Apartheid (AWEPAA), sal 'n veldtog loods om "die negatiewe invloed van dié besoek op die stryd teen apartheid" teë te werk.

Wet nie gereed

Die voorgestelde vrywaringswet wat Dinsdag aan die parlement voorgelê word, sal nie voor die onderhandelings tussen die ANC en die regering gereed wees nie, maar daar sal nie aanhoudings en inhegtenisnemings wees nie, sê die minister van Justisie, Kobie Coetzee.

Diere het regte

Die gebruik van diere in mediese navorsing is Dinsdag - Wêrelddag vir laboratorium-diere - skerp gekritiseer deur diereregte-aktiviste. Wetenskaplikes, akademici en lede van Earthlife Africa het na die Universiteit van die Witwatersrand se diere-afdeling gemarsjeer om protes aan te teken teen die gebruik van diere in eksperimente.

Langa skryf oor 'ander' Durban

Balling se 'reënboog'-roman boei

A RAINBOW ON THE PAPER SKY
Deur Mandla Langa
Kliptown Books
Versprei deur Taurus: R29

HELIZE VAN VUUREN

MANDLA LANGA is verbonde aan die ANC-kantoor in Londen. Vanuit politieke ballingskap skryf hy een van die boeiendste betrokke romans van die laaste dekade of twee. (Langa is ook bekend as digter, hoewel hy nog nie 'n bundel gepubliseer het nie, en sy eerste roman, "Tenderness of Blood" (1987), het ook by Kliptown Books verskyn.)

"A Rainbow on the Paper Sky" is weliswaar opgedra aan "all fighting for freedom in South Africa", en kan as 'n politiek-historiese roman gesien word wat die ontstaan van die ANC en die vryheidstryd van die onderdrukte Afrikane beskryf. Maar dit is veel meer as net dít: soos James Joyce in "Ulysses" (1922) oor Dublin geskryf het, só skryf Langa oor Durban en die omringende townships. Uit die herinnering van ballingskap roep die outeur 'n lewendige en gedetailleerde beeld op van die lewe in die ánder Durban van Greystraat, Broadstraat, die Indiese Mark, Foundry Lane en die bushaltes en treinstasies. Nié die Vrystaters en Transvalers se "blink" toeristiese Durban nie, maar die digbevolkte dele van die stad waar swart Durbaniete koop en eet, musiekmaak en kuier.

Sy hoofkarakter is 'n swart vrou, Khetiwe, wat as jong dogter uit Ingwavuma, in die "rural areas" digby Swaziland, gestuur word om by haar tante in Kwamashu (buite Durban) te gaan skoolgaan en later verpleegster te word. Hieruit vloei 'n sterk feministiese inslag in die roman voort.

Die roman word in twee dele aangebied. In die eerste gedeelte vertrek Ndungane se dogter, Khetiwe, uit Ingwavuma in Noord-Natal (digby die Swazilandse grens) na Durban, en dié deel is hoofsaaklik in en om Durban gesentreer. Ook die wedervarings van haar broers, Thokozani en Mbongeni, en die shebeen-houer, tante Margaret, word belig. Mbongeni word 'n bekende sanger met 'n swakheid vir drank en wit vroue ("white thigh"!), wat later die "Movement" (soos die ANC genoem word) verraai. Thokozani is 'n effens lagwekkende Don Quichotiaanse figuur - eers waansinnig van godsdiens, en later 'n self-opofferende vakbondlid, wat jare in die tronk sit om andere te beskerm.

Tante Margaret is 'n geharde en gesoute vrou, wat veel teenstande deurgemaak het, onder andere 'n eggenoot het wat op Robbeneiland "small ones out of big ones" maak (klippe kap). Ten einde raad, en om siel en gees aan mekaar te hou, het sy 'n shebeen begin. Met dié vrou as rolmodel kan Khetiwe nie anders as om 'n sterk vrou te word wat bewus is van die dubbele onderdrukking waaronder swart vroue ly nie. Sy word later gepolitiseer deur haar vriendskap met die digter, Mark Mgobhozi, en sluit by die ANC aan, kort voordat hy in Maseru sterf in 'n aanslag van die SA weermag op 'n ANC-hoofkwartier.

Die roman speel chronologies af tussen ongeveer 1973 en 1983/84. In die laaste gedeelte vertrek Khetiwe terug na Ingavuma (vandag KaNgwane, 'n sogenaamde onafhanklike gebied) waar querilla-vegters die plaaslike bevolking help om weerstand te bied teen die SA weermag en polisie, wat jare lank dreig om dié gebied by Swaziland te help inlyf.

In hierdie tweede gedeelte word 'n sterk kontras geskep met die stedelike lewe in die eerste deel: soos in Breyten Breytenbach se oeuvre word die natuur van dié ongerepte "rural area" met sy rivier, berge, grotte en woude byna romantiserend en nostalgies beskryf. Vanuit Khetiwe se waarnemingsperspektief sien die leser ook die kontras tussen die stedelike Afrikane en die plattelandse mense.

Hoewel daar deurentyd 'n alwetende verteller aan die woord is, is die fokalisator meestal Khetiwe - sy neem waar. Anders as met die nogal simplistiese hoofkarakter, Poppie Nongena, in Elsa Joubert se "Die swerfjare van Poppie Nongena", is Khetiwe egter 'n vrou wat vanuit haar eenvoudige plattelandse herkoms in Durban vinnig ontwikkel tot 'n gesofistikeerde en gepolitiseerde mens. Sy bied as karakter dus 'n ideale "voertuig" vir die verteller om die leser in te lig oor historiese en politieke ontwikkelinge binne die land en rondom die ANC. Poppie Nongena was in dié opsig beperk as hoofkarakter: hoewel die leser intense meegevoel met haar ervaar by die lees, is daar ook altyd die bewussyn van die vrou se eenvoud en onbegrip van die "strukturele geweld" waaraan sy ten onder gaan.

Khetiwe is veel meer van 'n positiewe held - sy is sterk, sy is gekwalifiseer as verpleegster en ingelig as ANC-kader, vasbeslote om te veg teen die onderdrukkende regime. Sy sterf ten slotte ook in die stryd. Tog eindig die roman op 'n positiewe noot - haar broerskind heet óók Khetiwe, en daar is die suggestie dat die hoop op oorwinning in die ketting van geslagte lê wat die stryd sal voortsit.

Die titel van die roman is ontleen aan 'n gedig van die Angolese vryheidsvegter, Antonio Jacinto:

When I return to see the sun's light
they deny me
with standards raised
- my freedom is a fruit of harvest -
we shall go
and gather corn cobs and colours
and offer flowers and resurrection to
the dead
and to the living, the strength of our
lives
my love
we shall go
and draw a rainbow on the paper sky
for our son to play with

Die tydsgees word voortdurend ook opgeroep deur verwysings na tydgenootlike musici soos Nina Simone, Abdullah Ibrahim en deur aanhalings uit die werk van Arthur Nortje, Margaret Walker, James Baldwin, en dies meer. Een van die sterkste strukturele aspekte van die roman, náás die knap ruimteskepping, is die gevarieerde en geskakeerde taalgebruik (Engels is die medium, maar alle spektrums van toon en atmosfeer, asook Zoeloe, Afrikaans, tsotsitaal, en die militêre taalgebruik van die Umkhonto we Sizwe-kaders, word op 'n virtuose wyse gebruik.) Humor is ook 'n sterk element in die roman, sodat die leser selde met die skrynerige, moralistiese geneigdheid van die polities-betrokke romans gekonfronteer word.

Een punt van kritiek is die nogal karikatuuragtige manier waarop wittes - veral in die eerste gedeelte van die roman - meestal voorgestel word.

"A Rainbow on the Paper Sky" roep onwillekeurig 'n vergelyking op met ander onlangse Suid-Afrikaanse politiek-betrokke verhale. "In die tyd van die uil" van Henk Rall wil ook 'n beeld gee van Umkhonto we Sizze-vegters in die wildernis, maar in vergelyking met Langa se menslike en oortuigende karakters, lyk sy vegters op papier-poppe - humorloos, verbete, wraaksugtig en eensydig. Ook Jeanette Ferreira se "Die mammies, die pappies, die hondjies, die katjies" bly uiteindelik tog maar 'n "wit" blik van buite (al word daar lustig meegedoen aan 'n politieke begrafnis en volg daar die opwinding van 'n agtervolging en in hegtenisneming in die township).

Aan die ander kant van die spektrum, vergelyk "A Rainbow on the Paper Sky" besonder positief met byvoorbeeld Serote se "To Every Birth its Blood", omdat dit soveel hoopvoller is, soveel meer uitsig bied vir die toekoms.

Mandla Langa het met "A Rainbow on the Paper Sky" 'n roman geproduseer wat in vele opsigte 'n verhelderende insig bied op die geskiedenis en doelstellings van die ANC, in die psige van ons mede-Afrikane, én bowendien 'n knap-geskrewe en onderhoudende, humoristiese leeservaring is. Die roman is besonder kontensieus, aangesien geweld en faksie-gevegte, oorlog tussen die SAP en die weermag aan die een kant en die inwoners van die plattelandse streke ook in dié roman, soos op die oomblik in Natal, in die fokuspunt staan.

Miskien kan Taurus aan elkeen van die regeringsmense wat vroeg-Mei na die onderhandeltafel gaan, 'n kopie skenk ter voorbereiding?

Helize van Vuuren doseer Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal in Durban.

If the ANC is a closed book to you, take an in-depth look at its fascinating history as seen through the eyes of "DRUM" magazine journalists and photographers. A comprehensive and most remarkable work.
R44,95 now at CNA



CNA
First with the goodies

IDEAS & CO. 30203

Sarel B. — Final Proof

Dié keer is dit waar

Frankryk se kewer aan die einde van sy pad

EMMANUEL ESPERANDIEU

PARYS - Gerugte dat sy tyd verby is, het jare lank hiperboliese afmetings aangeneem - maar dié keer is dit waar. Die produksie van Frankryk se gunsteling kewer, die Citroen 2CV, gaan uiteindelik gestaak word.

Soms genoem raserig, stadig en 'n anachronisme uit 'n ander era van outomasie, is dié lelike eendjie die afgelope twee jaar net in Citroen se Mangualde-aanleg in Portugal vervaardig.

Die maatskappy gaan produksie in Junie geheel en al staak en dan sal die "Deux Chevaux" items vir versamelaars en nostalgie word.

Dié motor se geskiedenis strek terug tot 1935, toe Citroen-ingenieurs hulself die taak opgelê het om 'n motor te ontwerp wat "twee mense en 50 kilogram aartappels teen 60 kilometer per uur kan vervoer en net drie liter petrol per 100 kilometer gebruik".

Ander vereistes was die vermoë om "met 'n mandjie eiers oor 'n veld te ry sonder dat een breek" en dat 'n mens jou hoed binne-in kan ophou.

Die eerste proto-tipe, van alluminium en aangedryf deur 'n BMW 500cc-enjin, is in 1937 bekend gestel en was 'n "ramp". Ná nog twee jaar op die tekenbord was die motor in 1939 amper gereed vir produksie. In dié stadium was die vorm min of meer dié van die 2CV soos die wêreld hom sou ken. Maar toe breek die oorlog uit en die projek is ter syde gestel.

Die nuwe proto-tipe is na die oorlog herontwerp: die enjin het lugverkoeling gekry en 'n aansitter is aangebring sodat "selfs 'n vrou dit aan die gang kan kry". Die onderstel was meer as doeltreffend omdat dit die eiertoets geslaag het, hoewel die motor hom "soos 'n seiljag in 'n storm" gedra het. En met 'n afslaankap kon 'n mens jou keil ophou - hoe snaaks dit ook al mog lyk!

Die Citroen 2CV - die reis is afgelê

(Foto - AFP)

Die 2CV is in 1948 van stapel gestuur en was van meet af 'n sukses. Teen 1950 was daar 'n waglys van ses jaar.

Die lang reis op die paaie van Europa - en later die wêreld - het begin. Hy was nooit gemaklik nie, maar hy was goedkoop en het sy eienaars 'n gevoel van vryheid gegee wat min ander motors - die Volkswagen-kewer en die Austin Mini uitgesluit - kon bied. Stories van sy ratelende getrouheid het legendaries geword, en sommige eienaars in Latyns-Amerika en Afrika het beweer dat wanneer olie nie beskikbaar was nie, hulle piesangs as smeermiddel gebruik het.

Toe hy van stapel gestuur is, was sy top-spoed 60 kilometer per uur, hoewel dit op 'n afdraende tot 90 kon haal. Selfs in sy latere ontwikkeling was hy nooit baie vinnig nie - 120 kilometer per uur op die meeste.

Maar ondanks sy nou bande en die skommelende rit, het die motor 'n verbasend stewige padhouvermoë.

Tot vyf passasiers kon inklim en dié in die agtersitplek is rondgeskommel terwyl hul knieë teen diegene voor gestamp het. Geslagte lank het Franse vakansiegangers die lang pad suid stylvol aangepak.

Die eerste 2CV's was grys, sonder verwarmers, en die petrolprop was 'n rubberstok wat jy in die tenk kon steek.

Met verloop van jare het hy kultusstatus verwerf en veredeling ondergaan.

Die deftige twee-kleur "Charlston"-uitgawe is ontwerp om verkope in sy laaste dae aan te moedig. 'n Mens kon selfs 'n radio en asbakkies laat aanbring. Maar die doodskoot is gevuur toe hy sy allemoodsaaklike goedkoop prys verloor het - dié tyd toe die vervanging van 'n deur soveel soos vier fliekkaartjies gekos het, was verby. Skielik was die 2CV nie meer goedkoper om te onderhou as 'n moderne, klein motortjie nie. Hy het die einde van sy pad bereik. - AFP

Droogte tref Europa - in die winter!

VICTOR LAMBALLE

PARYS - Almal wat al deur die reën van 'n Europese winter geplas het, sal verstom wees om te hoor dat met die aanbreek van die lente, dié kontinent gebuk gaan onder 'n rampspoedige droogte.

Die reënvalsyfer was minimaal gedurende verlede jaar se lang, warm somer - én die droë, orkaan-geteisterde winter.

Feitlik geen sneeu het in die berge geval nie, wat die ski-nywerheid lamgelê en 'n skerp daling in watervlakke meegebring het.

Eienaars van Franse ski-oorde het toeriste probeer lok met die belofte van Alpynse sonskyn en uitstappies op die grasbedekte berghange, want die sneeu het nooit gekom nie.

Die einde van die droogte is nog nie in sig nie en die landbou-nywerheid is besig om paniekerig te word. Die meeste streke in Frankryk word geraak, maar die toestand in die suidweste is die ernstigste. Nog 'n somer van woud- en bosbrande aan die Mediterreense kus word gevrees. Reuse-bosbrande het verlede maand - 'n ongehoorde verskynsel in Maart - in Frankryk voortgewoed.

Frankryk se mielie-produsente vereniging sê vir die eerste keer sal die produksie-gebied van 1 900 000 hektaar tot 1 700 000 daal. Sommige boere het van mielies na sonneblom oorgeskakel omdat dit minder water benodig.

Ander, na drie jaar sonder behoorlike reën, spesialiseer nou in akkerbou vir die farmaseutiese nywerheid, wat feitlik geen water benodig nie.

Boorgate word dieper en in die droogste streke tree die inwoners spontaan op teen mense wat water mors. Swembadeienaars moet ook op waterbesnoei en motors word minder as ooit gewas.

Italië se reënval was dié jaar die laagste in 40 jaar, en in die suide waar die reservoirs besonder droog is, was die reënval 80 persent onder die gemiddelde.

Die regering het water per vragmotor en skip na die mees desperate gebiede gestuur en kontant vir ontsoutingsprojekte aangebied. En voorbeelde word gestel - in Napels is 'n man beboet omdat hy sy hond gewas het!

In Griekeland, waar oeste regdeur die land bedreig word, het die hoofstad, Athene, nog net genoeg water vir nege maande se gebruik. Die ministerie van omgewingsake sê dit is die ergste watertekort in 50 jaar. Die owerhede het 'n landwye veldtog teen die vermorsing van water begin.

Noord-Afrika ly saam met Europa. Algerië gaan al tien jaar onder watertekorte gebuk en watervlakke in damme is nou 'n vyfde van wat as normaal beskou word. Naby Annaba, in die ooste, word die nywerheidskompleks El-Hadjar deur sluiting in die gesig gestaar omdat sy 35 fabrieke 700 liter water per sekonde verbruik en net 400 kan kry. -AFP

VERANTWOORDELIKE DEMOKRASIE

'n Konferensie oor etiek en verantwoordelikheid in die openbare lewe

Aangebied deur IDASA

18 tot 20 Januarie: Kaapstad
Robert Leslie-gebou, Middelkampus,
Universiteit van Kaapstad

As u dié konferensie wil bywoon, skakel Christine Maritz by (021) 614051 (Faks - 021 615329) of skryf aan haar by Privaatsak X08, Claremch 7740.
Daar is 'n beperkte aantal sitplekke en akkomodasie beskikbaar. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.
Konferensiefooi - R50,00

TOP-SPREKERS EN PANEELLEDE

Shirley Williams, Richard Neustadt, Murphy Morobe, Zwelakhe Sisulu, Paul Davis, John Dugard, Trevor Manuel, Stephen Mulholland, Philip van Niekerk, Glenn Moss, Ken Owen en nog baie ander.

FOKUS OP TOEREKENBAARHEID

Dit is dringend noodsaaklik dat 'n kultuur van demokratiese toerekenbaarheid in die huidige Suid-Afrika gebou word, beide op die vlak van nasionale politiek en in die verskillende velde van sake, arbeid, beroepe en die pers. Leiersfigure sal op die konferensie die kritiese probleme van demokratiese toerekenbaarheid in hulle verskeie velde diagnoseer en probeer om konstruktiewe maniere te vind waarvolgens 'n kultuur van demokratiese toerekenbaarheid saam gebou kan word.

Junta se swakhede ontbloot

MICHEL TRICHET

KAïRO - In Sondag se mislukte poging om die Soedanese militêre regering, onder aanvoering van genl Omar El Beshir, omver te werp - die tweede in minder as 'n maand - is die swakhede van die regerende militêre junta oopgevlek. Dit wil voorkom of die regering die grootste struikelblok in die weg na vrede en versoening met die rebelle is.

Beshir het dié week aangekondig dat lojale magte 'n staatsgreep deur jong offisiere en afgetrede weermagveterane onderdruk het, en dat al die skuldiges in hegtenis geneem is.

Hy sê die staatsgreep is deur 'n "alliansie in noue samewerking met die bannelinge" beplan.

Dit is 'n duidelike verwysing na 'n ooreenkoms verlede maand in Kaïro tussen die Soedanese opposisie-partye in ballingskap en die Soedanese bevrydingsleër (SPLA), wat al sedert 1983 teen die sentrale regering veg.

Die Kaïro-ooreenkoms is gegrond op die "Handves van Demokraties-Nasionale Alliansie", 'n verdrag wat in Oktober verlede jaar tussen al die groepe wat deur die militêre regime verban is, aangegaan is.

In die handves onderneem elf politieke partye en 51 vakbonde om die militêre regering deur middel van 'n populêre revolusie omver te werp en 'n tussentydse regering op die been te bring. Dié tussentydse regering se taak sal wees om die weg vir 'n demokratiese regering, basiese menseregte en die verbanning van die Islamitiese wette voor te berei.

Islamitiese Sharia-wette is in 1983 deur die destydse leier, Gaafar Nimeiri, ingestel en het 'n gewapende opstand in die Christelike suide van die land tot gevolg gehad.

Die Nimeiri-regime is in 1986 omvergewerp en die SPLA-rebelle, onder aanvoering van kol John Garang, en talle ander Soedanese politieke groepe het 'n ooreenkoms onderteken. Dié ooreenkoms is in 1988 uitgebrei by die Addis Abeba-verdrag tussen die Demokratiese Unieparty - toe nog deel van 'n regeringskoalisie - en die SPLA.

Die stadige voortkruie in die rigting van nasionale versoening is deur die staatsgreep van 30 Junie, wat die huidige militêre junta aan bewind geplaas het, kortgeknip.

Dié junta, wat blykbaar net steun onder die Moslem-fundamentaliste van die Nasionale Islamitiese Front geniet, het kennis geneem van die belangrikheid van die ooreenkoms tussen die SPLA en Soedan se banneling-groepe.

Die junta het aangekondig dat hulle 'n komplot om die regering omver te werp oopgevlek en verskeie vooraanstaande militêre en burgerlike figure in hegtenis geneem het.

Kenners meen dit is 'n poging om die opposisie te intimideer.

Volgens berigte uit Khartoem was die situasie dié week kalm. Die veiligheidsmagte is op alle strategiese punte ontplooi en die lughawe is heropen. - AFP

Oud-banneling keer terug

Nuwe politieke mag in Roemenië

PATRICIA BOURRELLY

BOEKAREST - Nicolae Ceausescu se despotiese regering het geen ruimte vir selfs klein politieke teenstanders gelaat nie, en na sy val in Desember verlede jaar was dié land so te sê leierloos.

Die Nasionale Reddingsfront wat die bewind op 22 Desember oorgeneem het, is deur onbekende figure aangevoer. Dié leiers is steeds op hulle pos - Ion Iliescu is die tussentydse president en Petre Roman eerste minister - en hoop om hulle bewind in die algemene verkiesing volgende maand te legitimiseer.

Maar 'n ernstige aanspraakmaker op die Roemeense presidentskap het op die toneel verskyn - Radu Campeanu, 68, 'n gewese banneling wat in die vyftigerjare tot hardepad gevonnis is. Op 31 Maart is hy deur die klein Liberale Party as die presidensiële kandidaat genomineer, en het sedertdien, ondanks struikelblokke wat die Reddingsfront in sy pad geplaas het, baie gewild geword.

Campeanu het 31,4 persent steun in 'n rare openbare meningsopname ontvang, teenoor die 38,6 persent van Iliescu en slegs twee persent vir Roman.

Dit wil voorkom of sy steun geleidelik toeneem. Ongeveer 4 000 van sy ondersteuners het op 1 April vergader en slagspreuke soos die volgende geskree: "Weg met Iliescu" en "Nasionale Reddingsfront - KGB".

Hierdie eerste belangrike verkiesingsaamtrek het skerp verskil van die swak opkoms om die 100 dae aan bewind - op 31 Maart - van die Nasionale Reddingsfront te vier.



Radu Campeanu en die voormalige Franse eerste minister Jacques Chirac

Ondanks die toename in gewildheid lê 'n strawwe stryd vir die Liberales en Campeanu in die parlementêre en presidensiële verkiesings in Mei voor. Die Nasionale Reddingsfront het die apparaat, insluitende die televisie-stasie, van die Ceausescu-regime geërf. Die opposisie het beperkte bronne en min toegang tot die media. So te sê geen ondersteuning is van buitelandse Roemene ontvang nie.

Baie Roemene vrees dat hulle hul werk gaan verloor indien die opposisie wen en 'n markgerigte ekonomie invoer.

Campeanu is reeds bekend in die stede en daarom gaan die Liberale Party hul veldtog op die platteland toespits - die idee van politieke pluralisme is stadig besig om pos te vat daar.

Die Liberale-, Kleinboere- en Sosiaal-Demokratiese Party, die drie belangrikste opposisie-partye, sê hulle sal alle grond aan die kleinboere teruggee, terwyl die Front sê hulle sal slegs 'n gedeelte daarvan teruggee.

Die gedagte dat hulle hul grond kan terugkry, is 'n belangrike stemoorweging vir die kleinboere wat baie onder Ceausescu gely het. Die landbousektor in Roemenië verkeer in 'n haglike toestand dansky jare se kollektivistiese wanbestuur.

Die opposisie kan alleenlik oorwin indien hulle saamspan. Campeanu, na sy nominasie as presidensiële kandidaat by die eerste kongres van die Liberale Party sedert 1947, sê samesprekings met die Kleinboere en die Sosiaal-Demokrate is reeds beplan.

Campeanu is die enigste teenstander wat vir Iliescu in die presidensiële stryd kan klop. Hy het op 5 Januarie vanjaar, ná 17 jaar in ballingskap in Frankryk, na Roemenië teruggekeer en leier van die Liberale Party geword. Dié party het reeds 200 000 lede.

Hy is op 28 Februarie 1922 in Boekarest uit 'n gegoede familie links van die aristokrasie, gebore. Hy het regte in Boekarest gestudeer en by die Liberale Party aangesluit. In 1945 het hy een van die belangrikste opposisie-organiseerders geword toe Petru Groza Roemenië se eerste kommunistiese leier geword het.

Campeanu is in 1947 in hegtenis geneem en het nege jaar in die tronk deurgebring. Hy is na die Danube/Swart See-kanaal gestuur om te gaan werk en het talle mense daar ontmoet wat vandag aktief by die Liberale Party betrokke is.

Tussen 1956 en 1973 het hy as 'n arbeider gewerk, toe as beplanner, en uiteindelik as ingenieur. Hy was nog altyd teen die kommunisme gekant.

Hy het Roemenië in 1973 verlaat nadat hy vir 10 000 dollar deur 'n Franse familie "gekoop" is - 'n gebruik tydens die Ceausescu-bewind.

In 1977 het hy die Assosiasie vir Europese Solidariteit - 'n groepering van Oos-Europese bannelinge - gestig en direkteur van die oudste Frans-Roemeense koerant, Bire, geword. - AFP

Alkoholisme dreig om Afrika lam te lê

MARC PONDAVEN

GENÈVE - Alkoholisme, wat reeds epidemiese afmetings in Europa en Noord-Amerika aangeneem het, is besig om 'n groot probleem in die Derde Wêreld te word.

Die Wêreld-gesondheidorganisasie het 'n beroep gedoen dat daar nou daadwerklik teen die gevolge van alkoholisme opgetree word.

"As drankverbruik voortgaan om teen die huidige tempo in ontwikkelende lande toe te neem, sal die reeds beperkte ekonomieë en sosiale strukture in dié lande verder aan bande gelê word," sê 'n verslag van dié organisasie.

Tans drink die gemiddelde persoon 20 persent meer alkohol as 'n dekade gelede. Produseerders van bier en sterk drank het nog nooit sulke stewige winste getoon nie en hulle wend hulle nou tot die Derde Wêreld waar 'n demografiese ontploffing verwag word.

Alkoholmisbruik is amper heeltemal buite beheer in die geïndustrialiseerde lande. In Amerika word alkohol vir 100 000 sterftes elke jaar verantwoordelik gehou. Dié land se industrieë beraam dat afwesigheid, ongelukke en die gevolglike mediese sorg as gevolg van alkoholmisbruik hulle jaarliks 45 biljoen dollar uit die sak jaag.

Een werksongeluk uit vyf, een padongeluk uit drie en tien persent van alle vliegongelukke is alkohol-verwant, volgens Amerikaanse owerhede.

Die Wêreld-gesondheidorganisasie vrees nou dat dit na die Derde Wêreld gaan uitbrei. Honger, armoede en die mistroostige ekonomiese vooruitsigte in 'n aantal van dié lande skep die volmaakte toestande vir alkoholisme om toe te neem.

Die bevolking van Afrika gaan na verwagting binne die volgende 20 jaar verdubbel - van 400 miljoen tot 800 miljoen. Dieselfde bevolkingsgroei word in Latyns-Amerika en Asië verwag. Mexiko Stad en Sao Paulo sal elk 25 miljoen inwoners teen die jaar 2000 hê.

Die klassieke spiritualieë soos whisky kos te veel vir mense met klein lone, en bier het die whisky van die armes geword.

Hoewel dit as 'n dorslesser verkoop word, bevat dit alkohol. Die reusagtige brouerye in Amerika en Europa het groot aanlegte in Afrika, Latyns-Amerika en Asië opgerig en in talle lande is dit die enigste industrieë wat nie ekonomies ly nie. Dié brouerye het ook die gevolge van burgeroorlog ontsnap.

Ná Namibia se onafhanklikwording in Maart het Guinness, wat reeds brouerye in talle ander Afrika-lande het, gesê hulle gaan ook een in dié land begin.

"Ons verwag dat alkoholmisbruik per inwoner in ontwikkelende lande dié in geïndustrialiseerde lande gaan verbysteek," sê die Wêreld-gesondheidorganisasie se verslag.

Die bevolkings van dié lande word reeds deur malaria en diarree-verwante siektes - wat 3,5 miljoen kinders onder die ouderdom van vyf jaarliks doodmaak, en Aids geteister. Nou staar hulle hart- en lewersiektes - die grootste oorsaak van sterftes onder volwasse mans in geïndustrialiseerde lande - in die gesig. - AFP

Rebelle gaan gestraf word, sê Babangida

GERARD VANDENBERGHE

LAGOS - Lagos was dié week stil nadat lojale troepe 'n staatsgreep teen die regime van pres Ibrahim Babangida, 48, onderdruk het. Militêre voertuie patrolleer steeds die gebied om die uitsaaistasie en die huis van die hoof van die weermag, genl Sani Abacha, nadat rebelle dit aangeval het. Die uitsaaistasie was vir 'n tyd buite werking weens skade wat aangerig is tydens 'n geveg tussen regeringstroepe en rebelle.

Troepe pas steeds die huis en kantore van Babangida op nadat die lyfwag van Babangida, kol Usman Bello, tydens 'n aanval op die huis dood is.

Babangida sê sy militêre regering is in volle beheer van die situasie en dat die rebelle so spoedig moontlik "op die militêre wyse" gevonnis sal word.

Die rebelle verantwoordelik vir die staatsgreep is klaarblyklik 'n faksie binne die Negende Brigade wat grootliks vir die verdediging van Lagos verantwoordelik is.

Sedert Nigerië se onafhanklikheid in 1960 was daar reeds ses suksesvolle staatsgrepe. Dit is die tweede staatsgreep teen Babangida sedert hy vier jaar gelede aan bewind gekom het. - AFP

WITS

faculty information functions for scholars
Enquiries: Schools Liaison Office 716 3597

Booking at Computicket from 16 April — no charge

Wed May 16 SH6	ARTS — General BA and BA (Education) degrees	19:30
Thurs May 17 SH6	ARTS — Drama, Fine Arts, Social Work, Speech and Hearing Therapy, B Mus and Licentiate	19:30
Sat May 19 Senate House Concourse	ALL FACULTY INFORMATION MORNING No tickets required	09:30
Mon May 21 Medical School Parktown	MEDICINE — MBBCh, BSc(OT), BSc(Physiotherapy), BPharm, BNurs	19:30
Wed June 6 Chamber of Mines Bldg	ENGINEERING	19:30
Thurs June 7 New Commerce Bldg	COMMERCE — BCom, BEconSc	19:30
Thurs June 14 SH6	SCIENCE	19:30
Wed June 20 SH6	LAW	19:30
Thurs June 21 John Moffat Building	ARCHITECTURE — BSc(QS), BSc(TRP), BSc(Building), BAS	19:30

Kerkeenheid

Vrystaters wil nie, maar sinode gaan voort

INA VAN DER LINDE

DIE NG Kerk in Afrika (NGKA - die sogenaamde swart NG Kerk) se buitengewone Algemene Sinode oor kerkeenheid met die NG Sendingkerk in Oktober in Kaapstad gaan voort ongeag teenstand uit eie geledere. So sê dr Nico Smith, aktuaris van die Algemene Sinodale Kommissie (ASK).

Smith het hom sterk uitgelaat oor 'n besluit van die Vrystaatse leiers van die Kerk om nie afgevaardigdes na die buitengewone sinode te stuur nie. Hy beskuldig die Vrystaters nou van skeurmakery en afskeiding van die NGKA.

Die NGKA en die Sendingkerk het drie jaar gelede 'n Gesprekskomitee op die been gebring wat 'n konsep-kerkorde opgestel het vir die nuwe kerk, wat bekend sal staan onder die mooi naam van die Verenigende Gereformeerde Kerk.

Smith sê: "Die kerkorde bepaal dat die ASK 'n buitengewone sinode kan byeenroep en niemand het die reg om die besluit om dit te doen, te betwis nie. Die Vrystaatse Sinodale Kommissie se besluit om dit nie by te woon nie, is hulle eerste groot misstap.

"Niemand het op grond van 'n agendapunt - naamlik kerkeenheid - die reg om van 'n wettige sinode weg te bly nie. Hulle kan hul punt op die buitengewone sinode kom beredeneer, maar as hulle wegbly, beteken dit dat hulle hul afskei van die NGKA," se Smith.

Die Vrystaters se "tweede vergryp", sê Smith, is dat hulle 'n brief aan die sinodale kommissies van die ander ses streeksinodes van die NGKA geskryf het en die ander SK's vra om hulle in hul besluit te steun.

"Dit is skeurmakery in die Kerk en 'n tugwaardige optrede," sê hy.

Die Vrystaatse kerkleiers het in Februarie vanjaar besluit om die ASK te vra om die buitengewone sinode uit te stel tot na die streeksinodes in 1991 en 1992 byeen was.

Hulle sê die proses van eenwording het sterk steun, maar daar is groot ongelukkigheid oor die werkwyse wat gevolg is. Die kritiek gaan oor twee sake:

* Die konsep-kerkorde van die nuwe kerk sluit ook die NG Sendingkerk se Belydenis van Belhar by die belydenisgrondslag in. Die bestaande kerkorde van die NGKA bepaal dat die belydenisgrondslag van die Kerk net gewysig kan word as dit eers met 'n twee-derde meerderheid deur die streeksinodes goedgekeur is. Daarna kan die Algemene Sinode daaroor besluit.

* Die kerkorde bepaal voorts dat kerkrade nie oor sake kan besluit wat by 'n streekkomitee hoort nie. Die feit dat die ASK die nuwe kerkorde regstreeks aan kerkrade gestuur het, is onkerkregtelik.

Nee, sê Smith, dit gaan nie hier oor 'n wysiging van die belydenisgrondslag nie, maar oor 'n uitbreiding.

"Dis nie grappies nie. Hulle kan nie vir die kerk as geheel dikteer omdat hulle nie nou gereed is vir die ding nie. Ek wil nog sien watter swart gemeentes sal hulle teen die Belhar-belydenis uitspreek.

"Die swart kerk het nog meer as die Sendingkerk onder apartheid gely en Belhar is regstreeks teen apartheid gerig."

Ds Stef Skeen, moderator van die Vrystaatse Sinode, stem met die vertolking saam nie, maar sê dit beteken nie dat daar enige sprake is van 'n "skeuring" in die NGKA nie. Dit gaan nie oor die vraag of daar kerkeenheid moet wees nie, maar oor die manier waarop dit gebeur.

"Indien die Vrystaat sou volhard met die besluit om nie die buitengewone sinode by te woon nie, beteken dit nie dat die Kerk sal skeur nie. Ons

Dr Nico Smith

sal dit in 1991 rustig voor die streeksinode bring en as ons nie vanjaar by die Verenigende Kerk aansluit nie, dan moontlik volgende jaar."

Die verdeeldheid oor die saak loop egter wyer as die Vrystaat. Die streeksinode van Phororo (Noord-Kaap) het beswaar gemaak teen die werkswyse van die ASK en die feit dat die Regskommissie van die NGKA "doelbewus geignoreer" is by die opstel van die nuwe kerkorde.

Op die oomblik is dit meestal wit dominees wat hulle oor die saak uitlaat. Gevra om die rede vir die "swart stilte", sê 'n dominee uit die Ciskei: "Wit predikante verwoord hulle meer geredelik as hulle ongelukkig is oor 'n ding. My ervaring is dat daar 'n stilte oor my swart broeders kom as hulle nie met 'n saak saamstem nie.

"Ek bemerk in dié debat iets van hierdie stilte. Kaapland is lojaal teenoor die ASK, maar die broeders voel ongemaklik. Die gebrek aan entoesiasme is tiperend van 'n bepaalde ongelukkigheid."

Die aktuaris van die Oos-Kaap, ds Koos Oosthuizen, sê hulle besluit in Mei oor die saak. Soos sake nou staan sal dit hom nie verbaas as die kerkleiers hier sou besluit om te vra dat die buitengewone sinode vanweë kerkregtelike besware uitgestel word nie.

"Persoonlik sou ek wou sien dat ons in Oktober verenig, mits ons nie Belhar as belydenis aanvaar nie. Ek weet egter nie of dit vir ons broeders in die Sendingkerk aanvaarbaar sal wees nie."

Die laaste woord kom van die moderator van die NGKA, ds Sam Buti. Hy gee toe dat "dit reg en billik is" as van die manne sê dat streeksinodes eers oor Belhar moet besluit.

"Die buitengewone sinode gaan egter nie oor die belydenis nie, maar oor die saak van eenwording. Dit is nie so dat die moderatuur die saak wil ryp druk nie, maar ons het hard gewerk en is nou gereed vir implementering. As ons dit nie nou doen nie, beteken dit ons moet nog vier jaar wag tot ná die streeksinodes byeen was."

Hy sê 'n spesiale vergadering van die volle ASK vergader op 2 en 3 Mei in Bloemfontein. Dié saak sal hier goed deurgepraat word, en hy meen die mense gaan mekaar hier vind.

AGS word uiteindelik een

INA VAN DER LINDE

DIE wit afdeling van die Apostoliese Geloofsending (AGS) het op sy jongste Werkersraad (sinode) 'n einde gemaak aan die dooiepunt van bykans vier jaar wat tussen die wit, bruin, swart en Indiër-afdelings van dié kerk bestaan het.

Die Werkersraad het dié week 'n voorstel aanvaar wat daarop neerkom dat al vier afdelings een regspersoonlikheid sal vorm, waar die wit afdeling vroeër die alleensê oor die regspersoonlikheid gehad het.

Die een regspersoonlikheid sal dan bestaan uit twee afdelings: die wit afdeling en 'n swart afdeling, bestaande uit die ou Indiër-, swart en bruin afdelings.

Daar is verder besluit dat 'n oorkoepelende grondwet vir die hele Kerk opgestel sal word wat die verhoudinge tussen die twee afdelings sal beheer.

Voorts sal drie spesialiteitskomitees met gelyke verteenwoordiging uit die twee afdelings saamgestel word om oor regsake, finansies en eiendomme, asook leerstellinge, etiese en liturgiese sake te besluit.

Pastoor Japie Lapoorta, moderator van die bruin afdeling, het sy tevredenheid met die verloop van sake uitgespreek: "Ek was nogal verras deur die wyse waarop die bespreking verloop het. Dit het baie verskil van die paternalistiese houding in die verlede."

Hy sê daar is 'n duidelike besef dat dié nie die eindpunt van kerkeenheid is nie, maar bloot die eerste tree in die rigting van 'n nie-rassige kerk.

* Die Uitvoerende Raad van die swart afdelings van die AGS het 'n brief aan pastoor Frank Chikane, algemene sekretaris van die SA Raad van Kerke, gestuur waarin bevestig is dat hy as pastoor van die Kerk herstel is nadat hy nege jaar gelede as pastoor afgesit is weens sy uitsprake oor apartheid.

In 'n brief wat aan Chikane gestuur is, word formeel verskoning aangeteken vir die "ongerief wat die langdurige afsetting" vir hom en sy familie meegebring het.

Chikane se reaksie hierop is dat hy verheug is oor die onvoorwaardelike hertoelating tot die amp.

CASSETTE MAIL ORDER FORM

TYPE	NUMBER	SUB TOTAL
MANDELA SPEECH	X.....X R15.00 EACH =	.....
THE HOME COMING	X.....X R13.00 EACH =	.....
CASSETTE COST TOTAL	=	.....
POSTAGE COST POSTAL *(SEE BELOW)*	=	.....
TOTAL AMOUNT ENCLOSED	=	.....

FROM:
NAME.....
ADDRESS.....
.....
.....

REGISTERED POSTING
ALLOW 7 - 21 DAYS DELIVERY

1 - 4	CASSETTES	= R2.50
5 - 9	CASSETTES	= R4.00
10 - 14	CASSETTES	= R5.50
15 - 19	CASSETTES	= R7.00

EXPRESS REGISTERED POSTING:
(ALLOW 1 - 7 DAYS DELIVERY)

1 - 4	CASSETTES	= R5.00
5 - 9	CASSETTES	= R6.50
10 - 14	CASSETTES	= R8.00
15 - 19	CASSETTES	= R9.50

PLEASE SEND ORDER TO:

FRONTIER PUBLICATIONS
INGWADI PUBLIKASIES
ROOM 201 CAPITOL BUILDING
545 MAIN STREET; NORTH END
PORT ELIZABETH 6001

(A NON-PROFIT MAKING PROJECT)

PROGRESSIVE ORGANISATIONS UNIONS AND INSTITUTIONS TEL (014) 546329 1PM - 4.30 PM FOR BULK ORDER RATES

PLEASE NOTE: OFFER ENDS JUNE 30TH 1990
WE CANNOT ACCEPT C.O.D. ORDERS
WRITE OUT ALL POSTAL ORDERS TO FRONTIER PUBLICATIONS



Ekologie in die voorhuis

Ons kom nog almal van die plaas af



Vat Blommetjie voorhuis toe

GROENPRAATJIES



TIENIE DU PLESSIS

EARTHLIFE AFRICA en Wits reël 'n paneelbespreking vir Donderdag, 3 Mei in Senaatshuis 6, Wits, om seweuur die aand. Almal is baie welkom.

Tony Trahar van Mondi Paper, Japhta "Mr Clean" Lekgetho van Neac (National Environmental Awareness Campaign) in Soweto, James Clark van die koerante, George Ellison en Henk Coetzee van Earthlife Africa het elk net tien minute om ekologie in ons voorkamer te verwelkom. Die onderwerp is: "Green Alert - Bringing Ecology Home".

Daar sal darem meer as tien minute aan vrae en bespreking toegestaan word. En boonop het die organiseerders 'n verdere dag aan dié belangrike onderwerp afgestaan.

Sondag, 6 Mei is 'n oop dag by Wits. Green Alert word dan voortgesit en 'n groot aantal organisasies het reeds aangedui dat hulle teenwoordig sal wees vir gesprek, inligting en idees oor die ekologie van ons stedelike en landelike omgewing.

Dit behoort ten minste tot interessante gesprek te lei. Maar hoekom is bespreking oor dié besondere onderwerp nodig?

Die standpunt dat "ekologie" 'n omvattende begrip is wat elke omgewingsgebied en derhalwe elke aspek van menslike impak binne 'n groter geheel beskou, is sekerlik goed gevestig. Tog is daar veral in "ontwikkelde" Suid-Afrika 'n eensydige beskouing wat sterk oorhel na die "bewarings"-komponent van ekologie. Miskien moet 'n mens oor "ekologie in die huis" praat omdat daar in die verlede nie reguit genoeg hieroor gesels is nie.

Laat ek dit sommer nou vanuit 'n persoonlike perspektief doen (dit is 'n uitnodiging tot gesprek; niks wat volg is enigsins voorskriftelik nie). Hier is my siening:

* In Suid-Afrika het die omgewing, "ekologie" en wat daarmee gepaard gaan, in die laaste aantal jare nuwe energie gekry. Van die redes hiervoor is 'n groeiende bewustheid - met behulp van die media - oor 'n aantal gevalle van oliebesoedeling aan ons kus; suurreën op die Transvaalse Hoëveld; ongewone en wisselende weerverskynsels soos droogtes, vloede, storms en temperatuurwisselings; ivoor en die verbod op handel daarmee; maar veral die geweldige media-belangstelling in die probleem rondom die gat in die osoonlaag en CFC's.

'n Groot deel van dié ekologiese "oplewing" sentreer steeds rondom enkel-vraagstukke soos die programme vir die oorlewing van bedreigde spesies (hier en daar sien 'n mens darem 'n "sticker" wat lees: "NUKE THE WHALES" - miskien 'n teken van gesonde sinisme!"

* Die groot gedeelte van ons stedelike bevolking het nie 'n begrip van die impak wat bloot daaglikse verbruikersgedrag op ons omgewing het nie.

Blankes ondersteun bewaringsaksies soos dié wat mynbou in die duine van noord-Zoeloeland wil verhoed - omdat hulle daar wil rondjol in hulle 4x4's. Die oorheersende gevoel is dat die omgewing "rural" is. Om die een of ander rede word die Krugerwildtuin gesien as ons buffer teen die groot katastrofe. Ekologie is in die wildernis, nie hier by ons in die stad nie.

Stedelike swartmense is gewikkel in 'n daaglikse stryd om ekonomiese oorlewing. Die kettings sal gebreek word en "liberation before ecology" is al dikwels gehoor. Hulle gebruik die stad en sy omgewing as stortingsterrein vir die reste van verlore verwagtings van die "groot gelykmaking".

* Die impak van apartheid op 'n verswakte omgewing word dus slegs in die verbygaan genoem. Apartheid en die gevolge van dié ideologie is tot die fynste besonderhede op elke moontlike gebied van ons menslike samelewing bespreek. Nou bly nog net die holistiese opsomming oor. Polities gesproke is ons politici én groenes tereg "groentjies" genoem.

* Aansluitend hierby kan die wetenskaplike gemeenskap genoem word. Die ou (patroniserende) orde is nog in 'n groot mate van krag. 'n Voorbeeld: 'n weerkundige van Wits het by die Weekly Mail se boekeweek in Johannesburg (November 1989 - voor 'n "algemene" gehoor) sy toespraak oor die "broeikas-tendens" in wêreldklimaatsverandering, gelaai met woordkeuses soos die volgende: Ons "weet" dat dit volgende "sal" gebeur. Dit "gaan" die gevolg wees. Die toekomstige situasie "sal" die volgende behels...

Wanneer dié professor voor sogenaamde "professionele" gehore optree, sê hy: Ons "vermoed" dat dit "moontlik" volgende kan gebeur. Toekomstige situasies kan "miskien" die volgende permutasies behels.

Wat ek eintlik wil sê, is dat wetenskaplikes hier nog weet wanneer hulle met paloekas praat - die chauvinisme slaan net so nou en dan duidelik en hard deur!

* Wanneer "die mens in die straat" deur die "kenners" aangespreek word, is daar gevolglik te dikwels 'n enkel "sound ecological position". Klink dit nie bekend nie? Dit smelt saam met die politieke gedagte van 'n enkel "sound ideological view" vir Suid-Afrika. Dat daar so 'n ekologiese beskouing kan wees, is vir my ondenkbaar; dit kom eerder vir my voor asof selfs die ekologie demokrasie vereis!

* Ekologiese bewustheid in die stad en om die huis behoort 'n geweldige klemverskuiwing van belange en persepsies by almal teweeg te bring. Tans lewe ons nie naby ons omgewing nie, die land is nog te groot - ons kom nog almal "van die plaas" af.

Onthou jy dié rympie?
Ek kom van die plaas af
die dorp op
Ek val van die motorbike
my kop op

Miskien moet 'n mens nie altyd fout soek nie. Keuses kan in iedergeval deur almal gemaak word, dan nie? Ondersteun Green Alert.

(Tienie du Plessis is 'n mede-direkteur van Taurus-uitgewers)

Die 'cop-out': van gesindhede alleen kan ons nie lewe nie

TEKS EN KONTEKS

BY verskeie geleenthede vanjaar het Johan Heyns, moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk, benadruk dat die Kerk nie daar is om strukture te verander of beleid te formuleer nie. Die taak van die Kerk is, so sê hy, om gesindhede te verander.

Dié standpunt, wat vir baie al te veel na 'n nuwe piëtisme klink, het skerp kritiek uitgelok. David Bosch, bekende sendingkundige, praat van 'n "cop-out" - verwysend na 'n Kerk wat die werklikheid ontvlug en nie standpunt wil inneem nie.

Die verontwaardige antwoord van segspersone van die Kerk hierop is dat hulle eenkeer die fout gemaak het om hulle met die politiek te bemoei, iets wat nóóit weer moet gebeur nie. Deur apartheid te propageer, wou die Kerk strukture verander en beleid voorskryf. Dit weet die Kerk nou - na die pyn van Belhar en die ketteryverklaring van Ottawa - was 'n fout. Voortaan sal die Kerk hom wend tot sy eintlike terrein - dié van gesindhede.

Op die oog af 'n redelike en verstandige standpunt.

Maar waarom bevredig dit dan niemand nie? Nie die gewone lidmaat nie en ook nie die kritici van die kerk nie. Daar is rede om te vermoed dat daar 'n dieper oorsaak is vir die kerk se huiwerende houding.

Eers moet 'n misverstand uit die weg geruim word. Niemand verwag werklik party-politieke leiding van die Kerk nie. Lidmate wil nie hê dat die dominee van die kansel af sy kudde raadgee oor waar om hulle kruisies te trek nie.

Die leiding waarna soveel lidmate naarstig uitsien, is van 'n ander aard. Die lidmaat vra nie van die Kerk watter party om te ondersteun nie, maar verwag leiding en morele ondersteuning om die geweldige veranderinge in die land te interpreteer, te verwerk, en om die toekoms positief tegemoet te gaan. Dít is die geestelike nood van die lidmaat.

Die fyn onderskeiding tussen strukture, beleid en gesindhede gaan by die lidmaat nie op nie. Al wat hulle wil weet, is dat die Kerk hulle nie in hul nood in die steek laat nie. En wat hulle verder dronkslaan, is dat die "kerkleiding" ten spyte van hulle eie voorskrif, dan wel om elke hawerklap regstaan om kommentaar in die pers te lewer oor elke belangrike of minder belangrike politieke verwikkeling.

Nou moet ons ook vra wat dan agter die Kerk se geneigdheid sit om in die stadium in sy dop te wil kruip en net met gesindhede besig te wil bly? Die argument dat die Kerk 'n fout begaan het, het meriete. Dit is so dat 'n Kerk wat te nou geassosieer is met die belange van 'n bepaalde groep, sy kritiese afstand verloor.

Maar dit is natuurlik nie die volle waarheid nie. Die probleem met apartheid was nie dat die Kerk leiding geneem het nie, maar die verkeerde leiding gegee het. Sou dit nie beter wees as die Kerk die foute regmaak as om nou summier van die veld te stap nie?

Kan daar dalk ander oorsake vir dié onttrekkingsimptome wees? Twee lyk waarskynlik. Eerstens is die Kerk lamgelê deur politieke verdeeldheid in eie geledere. Ons moet onthou dat die afsplitsing van die Afrikaanse Protestantse Kerk van die NG Kerk nie die kerklike ekwivalent was van die skeuring tussen die NP en die KP nie. Dit sou hoogstens met die destydse afsplintering van die HNP vergelyk kon word.

Die grootste deel van die KP is getroue en ongesensureerde NG lidmate - dr Andries Treurnicht inkluis. Dié lidmate gaan rustig voort om apartheid met oorgawe te verkondig - ondanks sinode-besluite wat dit as sonde uitwys.

Het die Kerk 'n gevangene geword van dié innerlike verdeeldheid wat hom magteloos maak om effektief op te tree? Het kerkrade, soos skoolkomitees, net nog een van die stoeikryte geword waar die NP en KP probeer om mekaar onder te sit?

'n Tweede moontlike rede vir die Kerk se huiwerende houding is dat die Kerk self nog nie die onvermydelikheid van fundamentele veranderings in die samelewing aanvaar het nie. Nog erger: die Kerk weet maar al te goed dat dié veranderings kom, maar sien dalk nie kans vir die gevolge wat daaruit voortvloei nie? Is daar moontlik 'n vrees vir die toekoms? Weet die Kerk nie hoe om 'n apartheidsvrye samelewing te hanteer en hoe om daarin te lewe nie?

Iemand wat self vrees, kan nie vertroue by ander inboesem nie. Wie nie self die konsekwensies van 'n situasie deurdink en aanvaar het nie, kan nie positiewe leiding aan ander gee nie.

So 'n kerk kan net op die kantlyn staan, kan net waarsku, kan net die ergste vrees. Maar dan moet so 'n kerk ook nie verbaas wees as sy lidmate, ook hulle wat dit die ernstigste met die kerk bedoel, hulle uiteindelik elders vir hulp wend nie.

Op die vooraand van die Franse Revolusie was die amptelike kerk ondanks tekens van verandering nog te verknog aan die status quo om enigsins positiewe leiding in dié krisistyd te gee. Vandag is Frankryk waarskynlik die mees gesekulariseerde land in Europa, waar die kerk weinig of geen invloed op die gang van sake het nie.

Iewers moet hier 'n les wees om te leer.

(Die tweeweeklikse godsdiensrubriek word deur 'n paneel van bekende teoloë geskryf)

Vrye Weekblad

Die eerste rondte

Woensdag is 'n groot dag in die geskiedenis van Suid-Afrika.

Dit is die dag waarop die Suid-Afrikaanse regering die eerste keer formeel met 'n afvaardiging van die African National Congress om 'n tafel sit om te praat oor vrede en oor die toekoms.

Dit is die eerste keer sedert Uniewording dat die verteenwoordigers van die swart meerderheid in ons land met die wit bewindhebbers onderhandel.

Die ANC-leierskap en die Nasionale Party-regering verdien die dank van alle Suid-Afrikaners vir hul aandeel in 'n klimaat wat praat begin moontlik maak het.

Daar is 'n hele nasie - 'n hele vasteland - wat bid dat die eerste ontmoeting tussen die twee groepe in so 'n goeie gees sal afloop dat werklike onderhandelinge baie binnekort kan begin oor hoe 'n volwaardige demokrasie hier gevestig kan word.

Meer as enigiets anders hoop ons dat die twee kante gaan ooreenkom dat geweld - staatsgeweld én teengeweld - nou finaal gestaak gaan word.

Jammerlik

Die onttrekking van die familie van die vermoorde Swapo-leier Anton Lubowski aan die verrigtinge van die Harms-kommissie is 'n jammerlike refleksie op die kommissie en die regering.

Die kommissie het opdrag om die gediskrediteerde minister van verdediging, Magnus Malan, se beweringe dat Lubowski 'n spioen vir die Weermag was, te ondersoek, maar dit mag nie ondersoek wie hom vermoor het nie.

Die Harms-kommissie, net ingeval iemand vergeet het, is opdrag gegee om polities-geïnspireerde moorde te ondersoek.

Dit word nou algemeen aanvaar dat die Weermag se Burgerlike Samewerkingsburo vir Lubowski vermoor het - 'n daad wat polities geïnspireerd was. Die polisie in Windhoek het selfs gevra vir die uitlewering van spesifieke mense vir wie hulle van die moord verdink.

Die enigste probleem wat in die pad staan van 'n bevredigende oplossing van dié en heelwat ander probleme rondom die kommissie is die regering se weiering om die opdrag van die Harms-kommissie te verbreed om ook buitelandse operasies in te sluit.

As die regering voortgaan om te weier om dit te doen, glo ons regter Harms kan net sy eie geloofwaardigheid red deur amptelik self 'n versoek tot die regering in dié verband te rig.

Doodstraf

Die regering se indiening van 'n wetsontwerp om die verpligte doodsvonnis vir sekere misdade af te skaf, verdien lof.

Dit is 'n beskaafde stap en hopelik die eerste stap op die pad na die algehele afskaffing van die doodstraf in Suid-Afrika.

Saam met die regering behoort dié drukgroepe soos die Regslui vir Menseregte erkenning te kry vir die nuwe houding.

So sê hulle...

"**Die taal** van geweld is die taal van vreesbevange rassiste." - Allan Boesak tydens 'n openbare vergadering op Boksburg dié week.

"**Amerikaners het** die probleem dat hulle beïndruk is deur die inisiatiewe en moed van pres FW de Klerk en hulle aanvaar sy integriteit en opregtheid, maar hulle het nog die gevoel dat die blankes dalk tog die swartes en die wêreld gaan verneuk." - Gerrit Viljoen oor sy besoek aan Amerika.

"**Who will** rescue me from the living hell of vivisection." - 'n Hond se banier tydens 'n protesoptog buite die Dierewetenskapsentrum dié week.

"**The three** of you have a grudge against the police, for obvious reasons, and that is why you are telling these stories." - L Visser teenoor Tshikalange by die Harms-kommisie in London.

"**There are** two motives for Sunday observance. One is humanitarian, a day off work, but this has nothing to do with sport. The second is religious, a day of worship. But even Calvin was known to play bowls on Sundays" - Eerw Douglas Bax, moderator van die Presbiteriaanse Kerk, oor die Natal-rugbyunie se besluit om rugby op Sondae te speel.

"**We are** looking for a deeper liberation of the student-empowerment of the young person to enter the world as an active subject, not a passive object." Bobby Godsell, direkteur van Anglo American.

DIE VOLK RUK OP



BRIEWE

Onnadenkende verbale geweld

Homo Sapiens van Stellenbosch skryf:
Vrye Weekblad se selfopgelegde rol as bydraer tot die daarstelling van die "Nuwe Suid-Afrika" word met waardering erken, ook sy eksplisiete standpunt in verband met die status en regte van die vrou.

Waarom dus toelaat dat die waardigheid van die vrou implisiet aangetas word deur die smalende, buite-kontekstuele bysleep van 'n deel van 'n vrou se liggaam deur u resensent Charles Malan in sy resensie van RR Ryger, wat twee maal herhaal word in Johan Labuschagne van Pretoria se reaksie op die resensie (Vrye Weekblad, 6 April)? Ek kan myself nie bring om die term "m***" hier te tik nie. U sal weet waarna ek verwys. Die term is 'n kragwoord, dus 'n vorm van onnadenkende verbale geweld.

U sou kon argumenteer dat dit vroulike resensente, skrywers en lesers vrystaan om die een of ander falliese term te besig, as beswering, weerwraak of teenvoeter vir die algemene gebruik om vrouedele buite konteks te noem as uiting van minagting. Dit sou egter teenproduktief wees, en juis dié tipe tussen-geslag-polarisasie aanwakker wat ingeligte denke oor vroueregte probeer bekamp (soos byvoorbeeld beliggaam in Pearlie Joubert se artikel "Verkeerde waardes verlaag vrou se status", (Vrye Weekblad, 6 April). Mans en vroue is nie twee opponerende "groepe" wat mekaar oor en weer moet beledig nie. Ons is almal mense met gelyke aanspraak op menseregte.

Insgelyks is die foto van die model by die Nederburgveiling wie se rok haar in die verleentheid gebring het, met sy "skalkse" kommentaar ("bra" dit en dat, en "vol en ronde" wyn, ook 6 April) nog 'n voorbeeld van die dubbele standaarde wat Vrye Weekblad tog implisiet oor vroueregte handhaaf. Deur die waardigheid van die vrou te respekteer, sal Vrye Weekblad sy selfopgelegde rol met groter waardigheid vervul. Weer sou die plaas van 'n foto waar 'n man se klere hom in die steek laat, geen antwoord wees nie. Meer nog, dit sou Vrye Weekblad nog een stappie verder verlaag in die rigting van die gehalte van die agterblad van Rapport.

Oor die gebruik van skatologiese terminologie in Vrye Weekblad het ek ook my eie persoonlike afkeer, maar dit lê op 'n ander vlak. Gebruik egter asseblief ten minste u redaksionele diskresie om die afstootlike en kwetsende terminologiese en visuele misbruik van die vrou se liggaam uit u blad te sny. Sonder dié soort "selfsensuur" sal Vrye Weekblad ook maar nog lid wees, nie eens van die "Nieuwe Zuid-Afrika" nie, maar van die Ouwe Zuid-Afrika.

Stabiele demokrasie

Harry Green van Seepunt skryf:
Charles Leonard, in sy artikel "Regse fanatici verontrus die Joodse gemeenskap" (Vrye Weekblad, 16 Maart 1990), beskryf Gerald Leissner as "een van Suid-Afrika se magtigste mans". Ek het nog nooit van Leissner gehoor nie.

Onlangs in Johannesburg het ek kennisse gevra en die meeste het gesê dat hy 'n werknemer by Anglo is. Wanneer ek dink aan die "magtigste man" (net finansieel natuurlik) duik name soos Rhodes, sir Ernest en Harry O, John Martin en Anton Rupert op.

Ek dink ook terug aan Ronald Segal wat op sy dag in "Africa South" vir die einste Harry O gevra het hoekom daar g'n Jode in Anglo is nie, maar net mense van die Oxbridge Establishment.

Maar dit daar gelaat. Die Joodse Raad van Afgevaardiges is op die been gebring toe die demokrasie in die Kaapkolonie baie swak was, en het hom ten doel gestel om die belange van die Joodse immigrante te beskerm. Vandag lyk dinge heeltemal anders en is daar vele instansies om rassisme te bekamp. Ek stem saam met Leissner, maar voeg by dat álmal beter oorleef in 'n stabiele demokrasie.

Grootste klug

Koos Botha van Arcadia skryf:
Vrydae loop ek lang draaie om u blad onder oë te kry. Een ding tickle my al maande, te wete u oordonderende pro-swart-simpatie.

Eendag het 'n Beeld-man my vertel dat u aanvanklik 'n meningsblad wou wees, maar nog nie daarby uitgekom het nie. Seker die rede hoekom u saam met die Net-Wat-Jy-Wil-Party se napraat-pers die Groot Karwarts probeer sink het. Sy geprivatiseerde groep sal dan nou Walgnet heet, aldus Brolloks en sy pêl. Dis ongelooflik, gee tog vir ou Eugene 'n write-up.

Nou die aand (16 April) tydens 'n TV-debat spring Conrad Sidego ook op die versekerings-uitdeel-bandwagon toe hy versekerings uitdeel aan prof Carel, bid jou dit aan. Wonder wat dink die heer Sidego gaan sy bruin vriende se posisie in Zuid-Afrika se favourite black se drogparadys wees.

Ons geslag is bevoorreg om getuie van die grootste klug van alle tye te wees.

Laat weet tog hoe vorder genl Doepa se aksie teen u.

Dankie vir 'n lekkerlees-koerant.

Bedank nou

Besorgde Anglikaan van Mmabatho skryf:
Through the medium of this newspaper, I would like to heartily congratulate the Evangelical Lutheran Church's Pampoenstad-based presiding bishop, Rev Tisane and Dean Mascher of the Rustenburg Council of Churches for publicly condemning "the continuing harassment and brutal torture of the people of Tlhabane by the Bop police and Defence Force following their disruption of the peaceful march in Tlhabane".

I challenge all other clerics in Bop to openly and loudly speak out against Mangope's violation of basic human rights. As an Anglican, I would like to warn the clerics (especially the Anglicans) that their silence is deafening: their silence will soon be interpreted as consent to Mangope's corruption.

I challenge all the clerics to align themselves with the oppressed by resigning from Bomifra (Bop Ministry Fraternity). Bomifra was formed to serve the selfish interests of Mangope and such collaborators as Rev Seodi and Rev Kgobokoe. Enough is enough.

Mangope has unlawfully enriched himself and his children. His son Kwena virtually owns 75 percent of the Bop economy. His other son Eddie (who is unemployed in the US) is subsidised at the expense of poor tax-payers.

Mangope fears re-incorporation because of dirty linen and skeletons in his cupboards. Very soon he will have to account for missing millions of rands exactly like the Matanzimas en Sebes.

It is certain that Bop will be re-incorporated into the RSA: it is a question of when.

Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113.

Bittergal het weer moed vir ons landjie se toekoms. Daar is nou onteenseglike bewyse dat ons mense bereid is om die verlede te begrawe en 'n nuwe toekoms in te gaan.

Dis nou Durban se deurbraak-besluit wat tot dié nuwe optimisme lei. Die besluit dat wit en swart nou in dieselfde akker begrawe mag lê. Wat met 'n skrale meerderheid van een stem deur die stadsraad aanvaar is.

Ten minste vir Durbaniete is die hiemamaals nou nie-rassig.

Dis nie seker hoe ander NP-beheerde stadsrade op dié besluit gaan reageer nie. Want is dooie mense nie "eie sake" nie?

Is dooie swartmense se beendere ook wit, wonder Brolloks skielik. Is 'n swart spook swart?

En sit ou staatsmanne soos Albert Luthuli en Hendrik Verwoerd vandag saam en koffie drink daar Bo en lag vir ons nier onder? (Is dit móóntlik dat Hendrik in die hemel kan wees na alles wat hy gedoen het, wil 'n kollega weet...)

Skielik duik daar 'n stortvloed vrae op. Is daar demokrasie in die hemel? Is dit magsdeling of is dit simplistiese meerderheidsregering? Is alles genasionaliseer? Is daar minderheidsgroepe? Is hulle beskerm? Is dit 'n Eenkamer-Hemel?

* En het die hemel ook 'n osoonlaag?

Gatsha se twee monde

Hoofman Buthelezi, of Sy Hoogdrawendheid, soos buurman Egbertus hom noem, het verlede week hoog opgegee oor vrede en samesyn en nogal bitter gereageer oor 'n spotprent wat hom met twee gesigte uitgebeeld het.

Maar in dieselfde week kry ons nog 'n voorbeeld van hoe dié hoofman oor 'n paar honderd uit twee monde praat.

Brolloks haal aan uit die Natal Witness van laas Woensdag, waarvolgens Gatsha in die Wetgewende Vergadering van KwaZulu gesê het die demoralisering van Inkatha spruit voort uit die feit dat hy nog nooit toestemming gegee het dat Inkatha tot gewelddadige aanvalle mag oorgaan nie.

BROLLOKS EN BITTERGAL

"God knows if I had to say yes, let us go and clean that mess up, there would be an awesome spectacle of absolute brute power sweeping all the muck out of the greater Pietermaritzburg area."

* Die arm man se Andries Treurnicht?

Wat van die blekes?

Volgens die Kommissie vir Menseregte was daar teen Woensdag dié week altesame 320 mense in aanhouding ingevolge die Noodtoestand.

Daar is 18 in Natal, 142 in die Vrystaat, 9 in Kaapland, 69 in Noord-Transvaal en 77 in Wes-Transvaal.

Verdere navrae het aan die lig gebring dié aangehoudenes is almal swart.

Bittergal is erg gekant teen die Noodtoestand of enige maatreël waarvolgens mense sonder verhoor aangehou word.

Dis nou amptelik: die hemel is nie-rassig

Maar dit laat 'n mens wonder hoe opreg die veiligheidsmagte is om die ver-regse revolusie in die kiem te smoor.

Luister ons nie al die laaste drie weke elke dag na 'n TerreBlanche en 'n Van Tonder en 'n Veenendal en diesulkes wat openlik met 'n terroriste-aanslag dreig nie? Is daar nie al genoeg getuienis dat dié mense aktief aan die organiseer is aan kommando's en moordbendes nie?

* Is die Noodtoestand dan net gemik teen swartmense?

Sê maar 'skuus

Op 17 November verlede jaar het Vrye Weekblad die storie gebreek van kaptein Dirk Coetzee wat erken hy was die leier van 'n moordbende van die Polisie. Hy het in besonderhede vertel watter aaklighede hulle alles in opdrag van bo aangevang het.

Die meeste koerante, veral dié wat die Afrikaanse taal gebruik, het onmiddelik gereageer met entoesiastiese ontkennings en party het selfs sover gegaan om te skryf Vrye Weekblad en Dirk praat twak.

Die volgende deel van die strategie was om in Dirk Coetzee se verlede en sy gesinsake te gaan krap en hom as persoon te diskrediteer. Nog later skryf Rapport ewe dramaties van 'n half-mal Coetzee wat sterwend êrens op 'n plaas in Transvaal lê.

En daar kom alles nou in Londen uit.

* Lyk dié Dirk Coetzee wat julle op televisie en in koerante sien, vir julle na 'n half-mal maniak en 'n leuenaar?

Gatsha, I mean to say, skryf aan doktor Klaagvoort

My dearest doctor Klaagvoort

In Ulundi we are accustomed to calling one another Doctor, so I assume I mean to say presume you will not take umbrage I mean to say object in the circumstances or at all, whichever comes first if at all. I have just returned from Germany where I have been promoting I mean to say selling my latest but not late book called "Der Welt according to Gatsha", which is my maiden name, as you may or may not know in the circumstances or at all. Having completed a fruitful trip to Europe I feel much more like a European which I mean to say is not a bad thing for Inkatha, of which you may not know I am the President for life and thereafter, weather permitting. I digress I mean to say I am dilly-dallying more than usual, which is unusual, both in the circumstances and otherwise, if at all.

Upon my valiant and dignified return I was delighted to read your column which I mean to say is my favourite political newsletter, a couple of hours analysing it each Friday leaves me none the wiser but mercifully better informed. Wisdom is not acquired in a couple of hours, as I told my valiant and dignified King the other morning over sundowners. Sunset of Ulundi now occurs in the early morning, since I issued a decree to that effect, of course properly endorsed by parliament.

I thought your column very fair, but I mean to say I despised the cartoon which depicted me in a very serious light I mean to say I did not like it in the circumstances. Or at all, of course. It was not nearly as pretty as the one in my favourite newspaper Die Bugger which I read ardently especially with a view to my joining the National Party sometime in the future, assuming of course that I have not belonged to it for years. Die Bugger's cartoon shows comrade doctor Mandela tripping the light fantastic at a pop concert while I am quelling the flames in Natal. I particularly like the subtlety of it. Of such half-truths is greatness born. Can you believe it, I was not invited to that concert?

I am studying remarks about an Inkatha/NP Alliance with interest. The idea sounds good, I mean to say it is only a matter of timing. I smack my lips at the thought of becoming Hoofleier of the Nats. Will I then still be everyone's favourite European black? If only possible, My beloved SABC would then have given me more exposure I suppose, but you caanot squeeze blood from a stone. Pardon me for mentioning stones. Did I mention blood? Oh well.

Yours in the struggle in the circumstances.

Mango.

HOE RYM DIT DAN?

EGBERTUS KLAAGVOORT

Klipoorlog

Vrinde, is dit nou nie 'n riem onder die hart nie? Seg moeder eerder 'n meulsteun om die nek, maar wat weet moeder nou van realpolitik?

Iedergeval, van klippe gepraat: Staatmaker Vlok, vroomste onder die vromes en deesdae uitermate vroom, al sê ek dit self, het tog so 'n mooi manier om dinge te stel, veral wanneer dit in die beeldspraak verstrengel raak.

In 'n onlangse meesterstukkie wat Magnus PI van afguns moes laat kwyl het, sê die stomme siel dat hy intimidasie nie sal duld nie. Nie net sal hy dit met wortel en tak uitroei nie (Oswald snak na sy asem), hy sal inderdaad geen steen onaangeroer laat in die proses nie. Seg moeder die liewe dier gaan seker nou ook klippe gooi. Het hy 'n keuse? Dis 'n klipoorlog, en bowendien is daar seker nie meer ander wapens beskikbaar vir die polieste nie, dié in die winkels is deur die angstiges opgekoop, en dié in die arsenale is deur die nuwe wit antichris gegaps. Geen wonder die Reserwebank moes 'n nuwe credit squeeze aankondig nie, jy kry immers geen groter credit as diefstal nie. Dis mos koop op die never-never.

Ore in die pad

Een ding lei darem so maklik na 'n ander. Van redenaarskuns gepraat, en van diefstal, hier volg 'n immortal gesegdetjie van 'n militêre siel wat maar net sy meester wou nadoen. Seg ene Kommandant Louw van die public relations kant van die weermag (en het hulle public relations nodig!): "Theft, including theft of weapons, is a criminal offence regardless of who steals it or for what purpose."

Net in geval ons nou dalk gewonder het, sien. Te sappig. Intussen is Magnus PI aan die kop krap oor hoe om sekuriteit by sy kantore te verbeter, dis skoon 'n aardigheid, want as gedagtes nie in die pad beland nie dan is dit ore. Iedergeval, met dié dat daar oënskynlik so 'n grote regse teenwoordigheid in die gewapende magte is, is dit nie te veilig om die wapens deur dié wesens te laat oppas nie.

Nou is daar twee moontlikhede: roep Umkhonto we Sizwe in om die goed te bewaak, of verminder die wag van drie regse manne na twee. Dit worstel in die ministerie.

Hoop beskaam

Oswald was onlangs op pad deur die tuinroete, dis glo te pragtig en vrugbaar. Seg hy oral is daar sappighede te sien. In Knysna byvoorbeeld dra haas elke swartgenoot 'n ANC das, dit lyk amper soos Kersfees.

En die comrades staan in sulke swart en geel en groen groepies en gesels neffens lamppale wat KP vergaderings adverteer.

Seg Moeder hy lieg, hoe kan die suidpool en noordpool nou skielik bymekaar sit? Moeder is tog so skerpsinnig, en delikaat natuurlik. Seg Oswald met al die ANC bedrywigheid op die dorp loop hy toe die CNA binne en vra na Vrye Weekblad. Dit giggel van agter die till en sê jy's seker laf, ons hou dié ding nie meer aan nie. Toe stap Oswald na 'n vakansieplekkie om oor te bly, en daar staan dit geskryf: We are not multiracial.

Die liewe tuinier was ekstaties van opgewondenheid. Seg hy hy dog die Nuwe Zuid-Afrika het gedawn, die plek is seker net oop vir swartmense. Die hoop beskaam.

Het jy iets op die hart? Bel ons en lug jou mening. Die nommer is (011) 836-2151. Een van ons verslaggewers sal notas van die gesprek maak en 'n opsomming daarvan sal op dié bladsy geplaas word.

Stefan Veldsman van Port Elizabeth sê sy bloed het gekook toe hy lees Tinus Horn skryf in sy voorskou van die Benson & Hedges-eindstryd dat Carl Bauermeister geen kolwer is nie. "Ek wou nog skryf om te kla, maar 'n week later, ná Carl se briljante 49, sien ek julle sportredakteur het 'n verskoning geplaas - sonder dat iemand hom met die hof gedreig het. Watter ander koerant het die moed om so iets te doen?"

Doreen van Edenvale se mening is dat "ons al hierdie mense wat terroriste is - of hulle AWB of ANC is - tot verantwoording moet roep".

Kleinadvertensies

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Cathy (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Fordsburg 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede wens Lady Krog geluk met die prys

Bleskoppe teen Apartheid sê party swart leiers is ook kaalkop

Kaapse Afrikanernooi, dromer, tekenaar, breytenbedonnerd en dies meer soek nice skinder-, teater- en ander escapist-vriende aangesien veeleisende werklading geen tyd beskikbaar stel vir ontwikkeling van siel. Skakel (indien jy in dieselfde booitjie voortslog) Karen: (011) 793-2135

WERK

Alle meisies en vroue, asook klein seuntjies en dogtertjies, om op sekere Saterdae as modelle vir ons modes in ons modeteater in Johannesburg op te tree. Geen ondervinding nodig nie. Vir meer inligting skakel (011) 834-4738 of (011) 836-9171 X 15 slegs in die aande. Of kom sien ons by The Star Spangled-promosies, 1ste Vloer Connaught Mansions, Breëstraat 215, Johannesburg

Experienced committed tutor needed for a Saturday Education programme in Pretoria.
Subjects: English, Afrikaans, Maths, Science, History, Biology & Geography.
Teaching through the medium of English.
Please phone Jenny (011) 339-2392

PARALAW
A (non profit making) legal association requires an Attorney. Preferably newly admitted, for more information phone (011) 838 4740

WOONPLEK

Florida-heuwels. Ek het 'n yupple-meenthuis te koop in dié gesogte gebied, 234 vierkante meter. Prys R250 000, gehalte afwerkings oral. Eikehoutpanele, wolmatte. Skakel Susan by (011) 679-4640 of (011) 764-4778

Florida-heuwels.
Vyfslaapkamerhuis, ondervloerse verhitting, uitsig, privaatheid en nog baie meer. Gehalte huis vir groot gesin of konsultant. Skakel Susan(011) 679-4640 of (011) 764-4778

Twee progressiewe vroue soek ruim "granny flat" in die universiteit- of Walmergebied - lang termyn vanaf Mei of Junie, bel (021) 462 2358

GARDEN ROUTE: Riverside House, Great Brak River R50 per person per day B & B. Lunch/Dinner extra. River frontage. Splendid beach nearby. Phone (04442) 3387

Nagraadse student of professionele persoon om aangename woonstel in Kenilworth, Kaap te deel, skakel (021) 619233 na 6nm

Bekwame, betroubare huishulp benodig akkommodasie in Brixton. Beskikbaar vir huiswerk drie dae per week. Werk reeds twee dae. Vergoeding onderhandelbaar. Vir getuigskrif en navrae skakel 782-471/6 kantoorure of 837-1358 na ure

DIENSTE

REGTERBREIN-DINAMIKA
Vermeerder jou kreatiwiteit, produktiwiteit, probleemoplossingsvermoë, intuïsie en kommunikasie - dramaties. Werkswinkel van 67 aangename oefeninge aktiveer jou artistieke brein. Skakel (011) 643 4659

Bedrewe verwer. Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 Maandae.

Tik- en vertaalwerk, bel Louise by (012) 46-6577

Set builder any time period. Specialises in far away places. Good CV. For more information phone 788-4501

Yoga Class - A garland posture. Ashtanga, Iyengar, Hatha, Tantra, Kundalini. Private tuition available. Special classes for pregnant women. Please call Ushke at (011) 614-5398

TAROT readings
Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

Diensplig Adviesdiens.
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301-5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689-1194 (5.30nm tot 7.30nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56-1483, Pretoria (012) 320-2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30nm tot 7.00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

Visual art courses
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evening for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

Vertaalwerk/proefleeswerk: Engels/Afrikaans, Afrikaans/Engels, alle tekste (ook tegnies). Billike tariewe. Faksdiens ook beskikbaar. Skakel Julia (021) 797-3412.

African Language: An introductory Zulu language and culture course will start early April. Twelve sessions will be held in evenings in Parktown for more information phone Viv at (011) 483 1572

CRAFTS
Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788 3994

GEBEURE

SCRIPTWRITING SEMINAR: A panel discussion on the opportunities in writing for television, film and corporation is planned for Sunday, April 29 at the Sunnyside Hotel, Parktown. Fee R40 for members of the SA Scriptwriters Association, R75 for non-members. Information and registration available at PO Box 349, Elkenhof 1872, or phone 948-9257

Die Johannesburgse Kindertehuis bied die volgende program aan: STEPTEEN, program vir ouerpare - sistematiese onderrig vir doeltreffende ouerskap van TIENERS. Vanaf 25 April tot 20 Junie 1990. Die program word oor nege weke op Woensdagaande aangebied. Alle belangstellende ouers moet Joan Rubinstein of Cheryl Lyons skakel by 648-1120

Woensdag 2 Mei - U word uitgenooi om u wegneemete om 1nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's. Almal welkom

OPEN CLAY DAY: JOHANNESBURG
STUDIO ROUTES
Last Sunday of the mont (29 April) is OPEN CLAY DAY at the Kim Sack Gallery and Craft Centre. There will be demonstrations by Leading Potters in their different fields; Demonstrations on how to throw porcelain tea bowls; hand work; decorating techniques and ceramics sculptures.
There will also be an exhibition of rural and contemporary craft from all over the country. Studio Routes Maps available.
Open from 10am to 5pm at Corner Cavendish and Francis Street, Yeoville. Tel (011) 648-6107

MARK

Illustrations, comics, logos and graphics designed and executed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339-6880 day and night

JACOB REGOP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: .....
Adres: .....
.....
..... Poskode: .....
Telefoon: .....

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

Kashgar

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566

Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

Tom, Evette dui weg aan

Bok-atlete kan wêreld pak



Karen Kruger

WANNEER Suid-Afrika die dag sy hertoetrede tot wêreld-atletiek maak, gaan hy dit met mening doen.

Veral die briljante vertonings van Evette de Klerk in die 100 meter en Tom Petranoff (wat volgende jaar vir die Bokke sal kwalifiseer) in die spiesgooi by verlede week se nasionale byeenkoms laat 'n mens moed skep vir die toekoms - en asem ophou vir vanaand se Nedbank-byeenkoms in Bloemfontein.

Albei atlete is skitterend op dreef en kry vanaand hul laaste kans van die seisoen om wêreldklas-prestasies te lewer.

Evette het wêreldroem rakelings misgeloop deurdat die wind van agter net 'n raps te sterk was toe sy verlede Vrydag die 100 meter in die uitdunne in 'n ongelooflike 10,94 afblits. (In die wedloop net voor hare was die windsterkte nog toelaatbaar).

Wat sy met strawwer mededinging sal vermag, kan 'n mens net raai. Die 11,06 wat sy in die eindronde behaal het, was in elk geval 'n Afrika-rekord en sou haar verlede jaar vyfde op die wêreldranglys geplaas het.

Petranoff moes toe die beste gooi van sy loopbaan met die nuwe spies kies om buite perke te beland!

Berig: TINUS HORN
Foto's: TIM SANDHAM

Sy allemintige 88,10 sou tot 'n maand of wat gelede 'n nuwe wêreldrekord gewees het (mits dit binne perke was) en is slegs 'n meter kort van die rekord wat Patrik Boden van Swede in Maart opgestel het.

Petranoff is die beste ding wat in jare met ons atletiek gebeur het. Hy het verlede naweek gewys sy loopb

aan is nog lank nie verby nie en die beste nuus is dat Hennis de Wet onder Tom se aansporing so dramaties verbeter dat ons binnekort vertonings van wêreldgehalte van hom gaan sien.

As 'n mens 'n voorspeling moet waag, lyk die naelope vir mans na die volgende nommer waarin ons 'n prestasie-ontploffing kan verwag.

Daar is dié seisoen geen werklike wêreldtye in die 100 of 200 vir mans opgestel nie, maar die magdom nuwe talent, wat strawwe mededinging meebring, skep grootse verwagtinge vir volgende seisoen.

Verlede week se 200 was 'n skitter-wedloop; uit 'n toeskouer-oogpunt dalk die groot hoogtepunt van die byeenkoms.



Tom Petranoff



Evette de Klerk

Uit die draai was Tshakile Nzimande gerieflik voor, maar Jannie Viljoen het vanuit die sesde plek vorentoe geskiet en met 'n asemrowende eindpoging gewen.

Ons het nog lank nie die beste van Karen Kruger in die verspring gesien nie. Sy het verlede Saterdag half lusteloos gelyk - totdat Luzaan du Preez met 'n afstand van 6,54m die voortou geneem het. Hierna het Karen 6,75m behaal.

Die 800 het ook vir groot opwinding gesorg en Jantjie Marthinus se skitter-sege het sy onbetwiste potensiaal onderstreep.

Die nasionale byeenkoms was nie net oor glorie nie. Dit het ook getoon dat die roemryke Johan Fourie-tydvak in die middelafstande verby is.

Fourie - wat weens 'n ligte griepaanval nie heeltemal fiks was nie - het in die 1 500m in 'n teleurstellende vierde plek geëindig - sy eerste nederlaag in dié nommer in 134 wedlope!

(March Fiasconaro, ons gewese wêreldrekord-houer in die 800m, het by geleentheid gesê 'n atleet met 'n besering of kwaal het 'n keuse: òf hy onttrek hom, òf hy hou sy mond as hy verloor. Fourie het nie gekla nie, maar almal wou na die wedloop vir hom verskoning maak).

Op sy beste is Fourie sekerlik tot beter in staat, maar sy drome van wêreldroem kan hy nou maar laat vaar. Hy sal nooit die myl in minder as drie min. 50 sek. aflê nie.

Middelafstande vir mans, wat 'n paar jaar gelede een van Suid-Afrika se sterk punte was, beleef beslis 'n insinking. Thomas Werner se wentyd in die 1 500 (3:50,96) sal deesdae in wêreld-atletiek nie eers meer hoog bo seevlak as 'n uitsonderlike tyd vir die myl (1 600m) beskou word nie.

Sportbeserings (7)

Evolusie se skade

HAZEL WOODWARD

Regop loop het aan ons twee meganiese wonderwerke, die hande, besorg, maar ons ook duur te staan gekom. Die rug word hierdeur oorlaai en boonop moet hy die las orent dra.

Beserings van die rug sluit 'n wye spektrum kwale in, van chroniese pyn tot verlamming.

Rugbeserings is te ernstig om binne twintig reëls te bespreek en dié artikel is dus beperk tot voorsorgmaatreëls. Die ruggraat bestaan uit 29 werwels wat die delikate rugmurg beskerm. As jy nie ag slaan op die rugmurg se kwesbaarheid nie, loop jy groot risiko.

Leer die gewoonte aan om altyd reg te staan, te lê en te sit.

Kantel jou bekken agtertoe, trek jou maag in, hou jou skouers breed en lig jou ken op.

Buig jou kniëe om iets op te tel.

Sit met jou rug teen die leuning van 'n stoel indien moontlik. Jou kniëe behoort dieselfde hoogte of laer te wees as jou heupe.

Slaap op 'n harde matras of een met 'n plank daaronder. Soggens as jy opstaan, draai op jou sy, buig jou kniee en gly jou voete van die bed af vloer toe.

Die soort oefening wat nie te veel druk op die rug plaas nie is swem, touspring en fietsry (maar onthou om regop te sit. Jou trendy lae handvatsels moet liewer vervang word!)

Moenie probeer om rugpyn weg te oefen nie. Hou op sodra die oefening ongemaklik word.

Rugby-voorspelers - veral in die voorry - moet sterk skouers en nekke ontwikkel. Spesiale oefening is noodsaaklik op skoolvlak, waar 'n kwellende hoeveelheid verlammingsbeserings voorkom.

Gelukkig is die skrumreëls oor die laaste paar jaar ten goede verander.

Die aller-gevaarlike "hupstootjie", waar die twee agttalle, wat op senior vlak saam sowat 16 metrieke ton weeg, mekaar met mening stormloop, is deesdae onwettig.

Swaai van die skrum, wat dikwels tot gevaarlike ineenstortings lei, word nou beperk en voorrymanne se skouers moet hoër as hul heupe wees.

'n Laaste woord van waarskuwing aan swemmers: Kyk waar jy duik.

Moenie duik voordat jy heeltemal seker is daar is niks in of onder die water nie. Verlamming is vir altyd.



Reg

Verkeerd

Vrye Weekblad
Sport

BI 23: SA atlete reg vir die wêreld

Toets vir tjekboek-rugby

Berigte deur TINUS HORN

NATAL sal môre weet of sy tjekboek-aanslag op die Curriebeker vanjaar gaan werk.

Die Piesangboere se geldbrigade pak die Westelike Provinsie in die hoofwedsryd van die jaarlikse toetsunie-dag, wat vanjaar op Kingspark gehou word, en die uitslag sal 'n vroeë aanduiding wees van die welslae wat hy kan verwag.

Die WP, wat ten spyte van Carel du Plessis se uittrede net so gedug lyk soos verlede jaar, bêre altyd sy beste vir laaste en is kwesbaar vroeg in die seisoen. As Natal hom nie môre klop nie, is die kanse skraal dat hy dit later sal regkry.

In WP-geledere gaan die soeklig skerp op Danie Gerber val. In die afwesigheid van Faffa Knoetze en Kobus Burger moet hy die vuurwerk verskaf wat deur die jare die kenmerk van die WP se agterspel geword het.

Hy het glo goed gespeel in sy span se wegholsege teen Suid-Westelike Distrikte vroeër in die week, maar as die telling (71-10) enige aanduiding is, kon die teenstand nie te waffers gewees het nie.

Sy verdagte verdediging gaan ook deur Jeremy Thompson beproef word.

Laasgenoemde word juis as 'n moontlike opvolger vir Gerber gesien. Dié wedstryd bied die nasionale keurders 'n vroeë kans om hulle teen mekaar op te weeg.

'n Kwaai stryd wag in die los. Wahl Bartmann se kragspel pas goed in by Natal se patroon, wat vanjaar vir die eerste keer in menseheugenis om sy agttal gebou is.

Bartmann en Andrew Aitken kan net so 'n formidabele kombinasie word as wat hy en Jannie Breedt in die laat jare tagtig was, maar môre moet die Piesangboere nie daarop reken dat hulle baas in die los gaan wees nie.

Tiaan Strauss van die WP is vinnig besig om in die beste losvoorspeler in die land te ontwikkel. Hy was verlede jaar ongelukkig om nie die Springbokspan te haal nie. Vanjaar kan hy Breedt lig.

Riaan Gous, wat verlede jaar tot die WP se redding op losskakel gekom het, gaan uitvind dat jou tweede jaar in die kalklig veel moeiliker kan wees as jou eerste.

Hy is nou nie meer 'n onbekende faktor nie en as daar tekortkominge in sy rugbymondering is, gaan hulle blootgelê word.

Gelukkig speel hy saam met ervare losmanne wat weet hoe om 'n losskakel te beskerm en sy skakelmaat, Freddie Ferreira, het verlede jaar met sy lang aangeë gehelp om die druk van Gous af te hou. Dit sal waarskynlik weer vanjaar hul strategie wees.

Gous se tweestryd met Joel Stransky gaan interessant wees omdat hulle twee uiteenlopende benaderings tot die spel verteenwoordig.

Stransky is 'n opwindende speler wat sterk breek en weet hoe om sy agterlyn te gebruik, terwyl Gous, soos Transvaal se Cameron Oliver, meer staatmaak op 'n venynige skopvoet wat hy met groot welslae inspan.

Tiaan Strauss...dalk nou ons beste losvoorspeler

Noord-Transvaal, wat verlede Saterdag lag-lag met Transvaal afgereken het, kan veel strawwer teenstand van die Vrystaat verwag, maar sy voorspelers sal sorg dat hy wen.

Die Blikore het vier drieë teen Transvaal ingeryg in die eindstryd om die Yardley Gold-trofee en sy agterspelers lyk heelwat skerper as die Noorde s'n.

Henry Honiball is straks die opwindendste jong losskakel in die land en skep hope aanvalskanse vir sy senters Eben Scheepers en Helgard Muller.

Die regtervleuel Chris Badenhorst en die heelagter André Joubert is ook goeie aanvallers. Kortom - 'n dekselse goeie agterlyn.

Daar is agterlangs min fout te vind met die Noorde, maar teen Transvaal was opportunisme - eerder as beheersde agterlynbewegings - sy vernaamste wapen.

JJ van der Walt en Deon Oosthuysen is goeie vleuels. Hulle moet beter benut word.

Die goeie vertoning wat die Noorde se agttal teen Transvaal gelewer het, het weer die Bloues se diepte onderstreep. Watter ander provinsie kan in een seisoen spelers soos Burger én Adri Geldenhuys en 'n afrigter soos John Williams afstaan en dan nog sulke goeie rugby speel?

Die span wat vanjaar die Curriebeker wil wen, moet eers by Uli Schmidt en sy makkers verby kom.

Die Oostelike Provinsie, wat Dinsdag met die Grens gemors het, is op die oog af in alle afdelings van die spel 'n raps beter toegerus as Transvaal. Daardie skaars bestanddeel in elke wenresep, wat in die sportwêreld sommer as "hart" bekend staan, het hy egter nie.

(Dit is tog vreemd, want dit is juis waagmoed en deursettingsvermoë wat in die verlede aan Despatch, die OP se top-klub, soveel welslae besorg het.)

En Transvaal? Soos die OP het hy die spelers om enige span in die land te klop, en soos die OP vermag hy nie veel op die veld nie.

Transvaal het dié seisoen al met Natal afgereken, maar is deur Noord-Transvaal en die Vrystaat geklop.

Die OP het sy eerste twee wedstryde, teen die Vrystaat en Natal, albei verloor, maar na berig word speel hy nou veel beter. Vir 'n span in Afdeling A is dit darem ook nie 'n aardskudende prestasie om WP-Liga en Grens te klop nie.

In die voorry is Frans Erasmus, wat vinnig besig is om sy beste vorm te herwin, die OP se troefkaart. Geen vaskop in Suid-Afrika, met die uitsondering van Jan Lock, is indie skrums teen "Domkrag" opgewasse nie.

Vanweë Erasmus se krag het Despatch die sterk Tukkie-skrum, wat ook met 'n Springbok-loskop (Heinrich Rodgers) spog, swaar laat leef in die eindstryd van Toyota se klubtoernooi.

As die OP Transvaal in die skrums kan vasvat, is die stryd halfpad gewonne.

Dan is daar nog die lynstane, waar Adri Geldenhuys deesdae skitterende werk lewer.

Transvaal se Kobus Wiese en Lappies Labuschagne is vurige spelers maar het nog nie vanjaar in die lynstane oortuig nie, deels omdat hul verstandhouding met die hakers nie na wense was nie. As dit môre lol, gaan hulle sukkel.

Die OP spog met twee briljante senters, Michael du Plessis en Riaan Potgieter, wat beslis die gebreke in Transvaal se verdediging kan uitbuit.

Boonop is klein Jacques du Plessis op linkervleuel moeilik om neer te trek, wat beteken dat dit selfmoord sal wees om die senters so kwaai te merk dat jy die druk op die ander agterspelers verlig.

Sonder sy twee blitse, James Small en Warren McCann, is Transvaal se agterlyn sonder skop en die heelagter, Martin Knoetze, kry veels te min kans om sy vernuf op die aanval ten toon te stel. En of Philip Bronkhorst en Pieter de Haas die regte senterkombinasie is, sal die tyd moet leer.

Kies elke jaar 'n Bokspan

DIT lyk byna na 'n uitgemaakte saak dat die boogde besoek van 'n wêreld-rugbyspan aan Suid-Afrika nie gaan plaasvind nie. Dit beteken dat daar nie 'n Springbokspan gekies sal word nie, wat ons spelers van hul vernaamste dryfveer beroof.

Dalk het dit nou tyd geword dat ons elke jaar 'n Springbokspan kies, of hulle internasionale mededinging kry of nie. Só kan ons verhinder dat spelers van internasionale gehalte hul kleure misloop.

('n Man soos Robert du Preez, wat tot dusver in Garth Wright se skaduwee moes speel, kan dalk vir 'n enkele seisoen ons voorste skrumskakel wees. As daar in die betrokke seisoen geen toetse is nie, is hy sy kans op kleure kwyt).

'n Mens kan net hoop die keurders gebruik dieselfde maatstawwe as wat hulle voor 'n toets teen die All Blacks sou gebruik. (Keurders wat 'n vete teen 'n topspeler het, sal hom byvoorbeeld veel makliker oor die hoof sien as daar niks op die spel is nie, as wat hulle andersyds sou).

En in hemelsnaam - moenie vir die Bokke 'n wedstryd teen die land se naasbestes of 'n provinsiale span reël nie. Dit kan net groot verleentheid tot gevolg hê.

In 1985 het die Bokke op hul binnelandse toer teen die Kaapse Barbarians slae gekry en verlede jaar het Transvaal - van alle spanne - die skadu-Springbokke geklop.

Vrydag

onder redaksie van
ANDREA VINASSA

No time to waste

for Fellini as he turns 70

JEAN-PAUL CADORET

ROME - Italy's legendary film director Federico Fellini may have turned 70, but his passion for working is stronger than ever. The only thing that has changed with the passing years is his "shame at having to waste time outside the studio."

In his apartment in central Rome, he says: "I'm full of ideas. The problem is, there are so many people who waste time, who come up with obstacles before shooting of a film can begin."

He was besieged with interview requests and messages from around the world for his birthday, but it was an event which had little significance for him.

"I found this birthday hard to believe. Not because I was surprised at being so old, but because I always felt 70."

He says he has always lived a solitary life, that "I became known, and since then almost nothing has happened to me."

He delves into the past for much of his material, but his vision of reality is set in celluloid. "If I had to choose between the Rimini I grew up in, and the one I showed in 'Amarcord', I'd say the one I created at Cinecitta (studios) was more authentic."

For Fellini, memories are "what one creates, what one invents. The rest is confetti, fragmentary."

While his admirers spend their lives examining his works, once Fellini finishes a film, he is finished with it. "I never watch my old films", he says. "It would be like looking at an X-ray of myself."

His life has been full of the ambiguities of the artist. "I am always reinventing myself, to the point that an idea of authenticity has been lost."

He marked his birthday with the release of a new film, "La voce della Luna", which, three years after the austere introspection of "Intervista", finds him back in the world of dreams which always inspired his best work.

It tells of the nocturnal adventures of two "lunatics", moving from the baroque to poetic, with a heavy dose of the absurd. "It is a film about the countryside, where one sees the moon best," he says.

He uses the capture of the moon by villagers to show, yet again, his hatred for television, which has become an obsession in his old age. The moon is kept in a hangar and the significance is debated on television between local officials, a bishop and government ministers.

The episode may be a "phoney television scoop, nobody knows," says Fellini, a reference to recent hoax stories on Italian television which have caused widespread controversy.

He says the film is about the absence of sentiment or ideology, on the breakup of reality in the modern world. If there is no end, he says, it is because "the film has no beginning".

The final phrase of the film, however, leaves no doubt about the distaste with which Fellini views much of the modern world: "If we can have a bit of silence, perhaps we shall finally understand something." - AFP

Groter as Jesus,

maar beslis nie ongewens nie

ANDREA VINASSA

DAAR is geen kuns wat as gewens beskou word nie. Net kuns wat ongewens en nie ongewens is nie, peins Warrick Sony. Sony en sy musiekgroep, The Kalahari Surfers, was die eerste wit Suid-Afrikaanse groep om in Oos-Berlyn en Moskou op te tree en hy is die man wat verlede week gehoor het sy jongste langspeelplaat is ná 'n appèl nie meer ongewens nie.

Die langspeelplaat wat Sony aanvanklik "Bigger Than Jesus" genoem het, word nou onder die titel "Beachbomb" uitgereik. Die oorspronklike titel word nog as ongewens beskou. Maar die liedjie, "Gutted with the Glory", wat as ongewens beskou is deur 'n publikasiekomitee, word nou, ná ratse woordskermutseling deur sy prokureur, nie meer as ongewens beskou nie.

"Beachbomb" is die eerste Kalahari Surfers-plaat wat plaaslik opgeneem is. Die eerste een, "Own Affairs", is in 1984 deur Recommended Records in Londen uitgegee en daarna "Living in the Heart of the Beast" (1985) en "Sleep Armed" (1986). Shifty reik nou "Beachbomb" uit.

Buiten enkele bydraes deur Chris Cutler, James Phillips, Mark Bennet en Pete Townshend, het Sony die lirieke en musiek behartig. Dit is sy lirieke - Sony werk dikwels met opteltekste en -klanke wat hy met behulp van opnametoerusting manipuleer en saamsnoer - wat die publikasiekomitee gepla het. Sony kry sy begeestering van die poësie van Brion Gyson en komponiste soos Karl-Heinz Stockhausen en John Cage, asook die Dada-kunstenaar Kurt Schwitters.

In "Gutted with the Glory" het Sony woorde van die "Onse Vader" met koerantknipsels oor voorvalle van weermaggeweldpleging teen burgerlikes vermeng. "Die gebed van die Here is vir die redelike en volwasse christen 'n heilige aangeleentheid, veral omdat dit beskou word as die modelgebed," was die komitee se mening.

"Uiters problematies is (egter) die liriek (die diksie is goed en alles word helder gehoor) van 'Gutted with the Glory'. Die gebed van die Here Jesus, die 'Onse Vader' word hier gebruik en aangepas sodat die sanger sy weersin kan uitspreek teen, soos hy dit sien, die optrede van die polisie (veiligheidswagter) gedurende die tyd van die noodtoestand. Hier word die gebed van die Here, sonder enige teologiese of godsdienstige verwysingsraamwerk, gebruik vir politieke doeleindes. Indien die inhoud van die lied op een of ander wyse meriete gehad het, indien hier sprake was van poëtiese semantiek, indien die liriek na godsdienstige aangeleenthede verwys het of slegs net iets van die sogenaamde bevrydingsteologie wou verwoord, sou die redelike, volwasse christen dalk oorweging kon skenk aan die beginsel van die voordeel van die twyfel. Hier is egter geen sprake daarvan nie. Die feit dat die lied in alle waarskynlikheid 'n wye luisteraarskring sal hê, is 'n verswarende faktor." Aldus die komitee.

Sony se prokureur het aangevoer dat die komitee die liedjie misverstaan het en dat dit nie kommentaar gelewer het op die noodtoestand nie. Sony gebruik die tegniek van "cut-up/collage" - hy het die lied in 1983 geskryf nadat hy William Burroughs se werk ontdek het - wat 'n ondergrawende uitwerking het en sorg dat die luisteraar meer betrokke raak by die inhoud.

Sony sê dit is 'n gewone anti-oorlogliedjie wat universeel inslag vind. "A close reading of the lyrics reveal a critical lyrical approach to the invasion, pillage, killing and wrecking which is done by soldiers during wartime. The moral message contained in the song is that people should not use religion to justify political ends."

Dit is ook interessant dat die komitee meen die gebruik van "liberation theology" sou die liedjie regverdig: "This song is also a condemnation of liberation theology which promotes a political ideology through religious tenets," lUi die argument.

Sony sê hy is aanvanklik afgeraai om die titel "Bigger Than Jesus" enigsins te oorweeg. Hy was ontstel deur die gedagte dat enigiemand self-sensuur kon oorweeg en het met die behoud van die titel sy teenkanting uitgespreek.

Oor "Bigger Than Jesus" sê Sony se prokureur: "... the song should be contextualised as a modern day reference to the statement made by John Lennon in the 60's which caused such an uproar. This song is an attempt to show how John Lennon through his brilliant songwriting and musical skills, became a hero of a generation. But rather than being one-sided, a found text is inserted into this song where two protagonists, presumably people offended by the Lennon statement at the time, Doug Lincoln and Tommy Charles remind people ... that they should burn all Beatles' records and paraphernalia."

Sony sê die liedjie is geskryf in reaksie op wat verlede jaar by die Weekly Mail Boekweek gebeur het toe Salman Rushdie genooi is om as gasspreker op te tree: "Een van die lede van die groep was in die Weekly Mail se kantoor toe 'n bomdreigement ingebel is deur 'n fanatiese Moslem-groep wat ook gedreig het om vir Rushdie dood te maak as hy Suid-Afrika toe sou kom.

"Ironies, terselftertyd het die Weekly Mail die gevaar geloop om ingevolge die media-noodregulasies deur Stoffel Botha ingeperk te word." Hy is herinner aan die tyd toe John Lennon in 'n onderhoud met 'n Britse koerant gesê het: "Christianity will go, it will vanish and shrink. I needn't argue about that. I'm right and will be proved right. We're more popular than Jesus now."

'n Wêreldwye fundamentele Christen-backlash het gevolg. Sonder dat die meeste mense ooit die oorspronklike artikel gelees het, het 'n globale histerie losgebars. Beatles-plate is regoor Amerika verbrand.

"Dit was 'n irrasionele reaksie wat waarskynlik uiteindelik gelei het tot die tragiese sluipmoord op Lennon.

"Ek wou 'n liedjie skryf om my teenkanting teen enige vorm van sensuur uit te spreek. Dit is 'n huldeblyk aan Lennon en sy groot invloed in ons musikale ontwikkeling, asook 'n onwrikbare standpuntinname teen die magte van konserwatisme wat ons planeet meevoer," sê Sony.

**** Clarens is dié naweek die inplek: die kunstenaars Louis Scott, Braam Kruger, Hannetjie de Clerq, Patrick Rourke, Wouda, Simon Parkin, Marie Strauss, Andrew Olivier, Nathan Honey, Martin Wessels, Shifty Records, Taurus-Uitgewers, Kirsty Thomas, Theresa Naudé, Tina van der Walt, Pienaar van Niekerk, Hardy Botha, Vader Frans Claerhout en Botsabelo-beeldhouwerke stel hulle werk ten toon. Jennifer Ferguson tree in die Holkrans op. Vir verdere inligting bel: (014326) 643 of 661.***

Fyuproe

Nettie Pikeur

Amerika verloor Viëtnam oor 'n potjie rys

SNAAKS hoe 'n snedige opmerking soms 'n goeie uitwerking het: die rede waarom Amerikaners eintlik *no good* was in Viëtnam, sê die skrywer Nicolas Freeling, is omdat hulle nie van rys hou nie.

Op sy agterpote staan my Amerikaanse pal. Nee wat, sê hy, dis sommer oordryf. Ons rysgeregte is nie watwonders nie, maar ons eet darem rys.

Ja, vrind David, hulle eet rys, maar watter soort rys? Parboiled, seg hy, en bly daarmee verder stil.

En vandag bring David ons by rys. Ons boere hou van rys, 'n smaak geërf van die Hollanders via hulle empire in Indonesië. Maleise mense eet omtrent elke dag rys, en Afrikaners skep dit by elke pot bredie en braaiboud. Gesondheidsbewuste kinders kla elke Sondag as ma rys en aartappels opskep, maar hulle eet dit met smaak op.

Rys as bygereg word egter deesdae gruwelik onderskat, hoofsaaklik weens 'n sekere handelsnaam wat die mark oorheers. Ongelukkig dink almal dis wat rys is.

Gooi weg daardie TV-rys. Dit smaak na niks, dis simpel om te sê elke grein moet apart wees, en moenie bang wees jou rys gaan aanbrand of rou wees of toekook as jy nie daardie soort koop nie. Rys is 'n plesier, en daar is verskeie soorte vir elke gereg en smaak.

Stap na jou plaaslike groente-en-kruideverkoper. Vra hom of haar waar kry 'n mens basmati-rys. Koop 'n kilo. Dis goddelike kardamom-gegeurde rys, hulle sê uit Tibet, sal ek weet, en dit maak die fynste sneeuwit hopie onder jou bredie. 'n Stryery oor hoe om rys gaar te maak loop altyd uit op 'n messtekery, maar ek stel dié metode voor, en julle kan self voortborduur:

Plaas 2 koppiesvol rys in 'n pot met 2 koppies water plus nog 'n skoot. Voeg 'n teelepel sout by. Wanneer die rys hard borrel, hou dop tot dit op die oppervlak gaatjies maak. Haal die pot af van die vlam. Maak nou dig toe met 'n vadoek én die deksel, en los eenkant tot julle gereed is om te eet, sowat 15-20 minute. Die rys stoom op die manier gaar.

Die rys is perfek vir bredies en souserige geregte. Die geur alleen is die moeite werd. Die Maleiers berei dit anders voor vir brejanie en so meer, maar elkeen ontwikkel naderhand sy eie smaak oor rys.

'N ANDER soort rys wat jy gerus kan soek, is Italiaans. Dis genaamd arborio, en is skrikwekkend duur, sowat R10 per kilo (ingevoer), maar dis ambrosyn.

Arborio is risotto-rys. Hierdie heerlike Italiaanse manier om van rys 'n hele gereg te maak, werk soos 'n droom met arborio.

Maak dit so: Sny een klein ui aan stukkies, en smoor in botter in 'n ysterpot. Voeg by 'n skoot droë witwyn en kook. Hou goed dop en roer af en toe. Nou kook jy water in die ketel en maak stock met 'n stock-blokkie of twee. Wanneer die rys drooggekook is, gooi 'n koppievol stock by, asook 'n fyngesnyde tamatie, en as jy lus het, 'n stukkie goeie wors soos chorizo.

Kook weer laag, kyk en roer. Wanneer dit drogerig is, gooi nog stock by. Doen dit drie of vier keer en moenie haastig wees nie. Skielik begin die rys romerig lyk. Roer weer, moenie aanbrand nie.

Nou, na 40 minute, is jou arborio gereed. Gooi bo-oor soveel Parma-kaas (vars is beter) as jy wil, met 'n draaitjie swartpeper, en fyngekapte kruie.

Eintlik is die rysgereg een op sy eie, maar as jy wil oordadig wees, bedien dit met bredie.

NOG 'n rysgereg wat ontwerp is vir 'n koue aand wanneer jy sit en video's kyk in die bed, is ook Italiaans, maar hy het nie 'n naam nie.

Maak eerstens vir jou 'n koppievol of so loperige kaassous met sterk Cheddar. Kook terselfdertyd sowat 4 zucchinis tot taamlik sag. Maak hulle fyn met 'n vurk of in die Magimix.

Kook ook soveel rys as waarvoor jy lus het - Amerikaanse langkorrel in die blou pakkie is piekfyn hiervoor.

Wanneer alles gereed is, (nie parboiled nie!) meng die groente met die kaassous, en meng dit dan weer liggies met die rys.

Dien op in bakkies, dalk met nog Cheddar bo-oor. Dis 'n besonder sussende gereg op 'n reënaand.

LES bes, skep vir jou 'n bordjie rys en eet net so met 'n paar lepelsvol ongegeurde jogurt bo-oor.

Dis dit wat mense in die Midde-Ooste eet as hulle te arm is om vleis of groente te bekostig.

Proe weer - dis 'n milde, bevredigende happie as jy lus is vir iets, maar nie weet wat nie.

Die rys moet egter op sigselwers lekker wees. En dit bring ons weer by daai TV-rys. Ek belowe jou, dít sal agteruit smaak met jogurt bo-oor ...

Ateljee-uitstappie vir kunsliefhebbers

SONDAG stel meer as 20 kunstenaars hul ateljees vir Johannesburgse kunsliefhebbers oop. Die Johannesburgse Ateljee-uitstappie bied mense die geleentheid om pottebakkers, leerwerkers, skilders, beeldhouers en klere-makers in hulle ateljees te ontmoet en word die laaste Sondag van elke maand van tienuur in die oggend aangebied.

Vir verdere inligting bel: David of Felicity by (011) 646-1170, of Dorothea by (011) 728-3194, of Wendy by (011) 728-3070.

dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 5.45nm & 9.15nm
TOWNSHIP FEVER
- DIE MUSIEKONTPLOFFING deur MBONGENI NGEMA -

UPSTAIRS-TEATER
JUST LIKE HOME - teks en regie deur Pieter-Dirk Uys
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER
A DOLL'S HOUSE - regie deur Clare Stopford
"Ma tot Vr: 8.15nm Sa: 6.15 en 9.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK
BLUES IN THE NIGHT - regie deur Cole Cameron Di tot Vr: 7nm vir 8.30nm. Sa-middag: 6nm So: 7.45nm vir 8.30nm.

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
Mandla Masuku - 832-1646

MARKGALERYE
Groot Galery
Foto-uitstalling deur Paul Weinberg en Jenny Gordon: open 18 April
Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm.
Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9.00 vm tot 4.00 nm.

Wyn vir die people

BJ LANKWARDEN vra om 'n vrye mark

BY die nuuskonferensie aan die einde van die onlangse Nederburg-veiling het Dave Marlow, die uitvoerende voorsitter van Stellenbosch Boere-Wynmakers, gesê die grootste probleem wat die wyn-industrie in die gesig staar is om mense te kry om te begin wyn drink.

Feit is, in ons land het ons 'n sogenaamde wyn-surplus. Dié surplus manifesteer sigself nie soveel in die hoë pryse nie, nóg nie, maar hoofsaaklik in die lae prys-wyne.

Interessant om hier te meld dat sowat 20 jaar gelede goedkoop wyn en bier op 'n gelyke grondslag meegeding het. Ja, bier was net so goedkoop soos wyn.

In daardie dae was Lieberstein 'n wêreldnaam in grootmaat en selfs in Johannesburg het mense dié wyn by die gelling gedrink.

Die wynindustrie het duidelik 'n ander Lieberstein nodig, maar met pryse soos hulle nou lyk sal dit 'n illusie bly. 'n Mens sou kon sê die wynboere het hulself uit die mark uit geprys, maar dit los nie die probleem op nie.

Die probleem is eintlik dié van 'n beskermde mark wat geensins 'n vrye-markstelsel is nie. Wanneer mense 'n minimumprys gewaarborg word, moet daar 'n bottelnek ontstaan, en om die minimumprys te kanselleer sal ons surplusprobleem byna outomaties oplos.

Natuurlik sal party (of miskien selfs baie) seerkry, maar onthou, die koste kom voor die winste. Die wynprys sal daal, natuurlik, en ons sou 'n nuwe begin kon maak om ons landgenote te kry om wyn te drink.

Om wyn te kan drink, moet dit natuurlik beskikbaar wees. Wyn word nie as 'n landbouproduk beskou nie, eerder as 'n gevaarlike dwelmmiddel. Die regulasies wat vir die verkoop van wyn geld, gaan die verstand te bowe. Gelukkig is daar veranderings op pad, maar soos gewoonlik nie genoeg nie.

Om die wyn by die mense uit te kry, behoort daar geen beperking te wees op die verkoop van die goedkoopste wyn nie.

Venters behoort stalletjies te hê of oop wynhuise waar die publiek met leë koeldrankbottels daagliks kan gaan hervul. Of, as hulle 'n waterkannetjie of melkbottel wil volmaak, behoort wyn oral beskikbaar te wees.

Restaurants behoort ook outomaties 'n wynlisensie te kry sonder om oor die tapyte of toilette te bekommer om iets te bekom wat basies hul reg is. As iemand in 'n plek belê om kos te verkoop, behoort wyn, wat 'n onontbeerlike deel van kos is, ook verkoop te word.

Party reëls en regulasies het reeds verval, soos die boek waarin die kleinhandelaar die naam en adres moes skryf van iemand wat meer as nege liter wyn koop. Stel jou voor, nege liter is net een kas wyn!! Ek kan verstaan dat dié reël verval het, deesdae wil jy jou drankwinkel eerder een of twee keer 'n maand besoek as elke vierde of vyfde dag.

Daar is ook gerugte dat die goue superieur-seël vanjaar gaan verval, en nie 'n dag te vroeg nie.

Die superieur-konnotasies was eintlik 'n grap. Beter as wat? Beter as ander wyne in die wêreld of net beter as die volgende wyn? In baie gevalle het dit net van die gemoedstoestand van die proepaneel afgehang of die wyn 'n superieur-toekenning kry of nie.

Hopelik sal vrye mark-pryse in die toekoms beslis of 'n wyn superieur is of nie. Neem asseblief kennis: 'n hoë prys is nie 'n aanduiding van 'n beter wyn nie. Die feit dat 'n wyn deur die publiek opgeraap word wel.

Al hoe meer wynmakers sit baie of al hul wyne teen 'n te hoë prys op die mark. Wyne soos Le Bonheur Chardonnay en die hele Delair-reeks is veels te hoog geprys. Gevolglik bly sit die wyne in die mark en aanstaande jaar gaan hulle dalk sukkel om van die voorraad ontslae te raak.

Ander nuwe verbeterings is eintlik bloot party toegewings wat al van die begin af gemaak moes gewees het. 'n Boer kan nou op die agterste etiket die samestelling van die versnitwyn aandui. 'n Mens kan nou dieselfde variëteit uit verskillende gebiede versny. Dis waarskynlik omdat niemand rêrig die verskil kan proe tussen die kommersiële wyne van een gebied na 'n ander nie. 'n Mens kan nou aandui of 'n wyn van 100% van 'n bepaalde wynvariëteit gemaak is. Die wet vereis 'n minimum van 75% om die wyn 'n bepaalde naam te gee. 'n Mens wonder of die publiek enigsins belangstel in die feit.

Al dié maatreëls is eintlik net 'n paar druppels op 'n warm stoof en nie gemoeid met die hoofprobleem nie: kry die wyn by die mense!

TRUK TONEEL
SANDRA DUNCAN in
PERSONA
regie: Terrence Shank
Windybrow: 4 – 26 Mei

DALRO POT-POURRI KUNSTEFEES 1990
Opwindende toneel, dans, musiek & kabaret.
Staatsteater, PTA: 3 – 12 Mei

Haakvas

CHARLES LEONARD

Grafskrif vir rockmusiek

101 Damnations - Carter the Unstoppable Sex Machine (10)

The Who het in die jare sewentig 'n liedjie gehad waarin die woorde "Rock is dead" (nie Hudson nie) ontken word met die titel Long Live Rock!

Ek is egter nie so seker nie. As 'n mens luister na wat "nuut" is, bevind jy jou amper sonder uitsondering in 'n ouditiewe deja vu.

Wanneer na Engeland gekyk word, is die nuwe groepe almal van die ek-is-so-misrabel-en-het-'n-rammelende/jangling-kitaar-en-'n-mopkop-sanger-soort. Die enkeles klink effens anders, maar het steeds hul wortels in The Byrds, Velvet Underground en meer onlangs The Smiths.

Van die Amerikaners praat ek nie eens nie. Hul musiek beliggaam alles wat voorspelbaar en medioker is.

In die jongste (wat in Suid-Afrika beskikbaar is) Rolling Stone word hul lesers se gunstelingkunstenaars vir 1989 ná 'n meningsopname bekend gemaak. Ek kon dit nie klaar lees nie want daar was trane van frustrasie in my oë. Die verrimpelde pruimedant lookalikes, die Stones, is die kunstenaars van die jaar. Die ergste is egter die vrouemusikant van die jaar: Paula Abdul! Ja, ek kon dit ook nie glo nie. Verder kon ek rêrig nie lees nie.

Prince is werklik die enigste bekende kunstenaar wat nuwe grond breek. Die res val maar terug op hul bekende ou musikale Kook en Geniet.

Die musiekpubliek (ekself is geen Heilige Hannie nie) hunker in elk geval terug na die bekende. Dit word verder versterk deur die musiekbedryf wat skepties staan teenoor enigiets selfs effens anders as die beproefde ou bleddie resep. Die grootskaalse uitreiking van ou plate op CD is 'n verdere slaappil vir die reeds snorkende musiekgehoor.

Almal is op een vet nostalgie-trip terug na die sestiger- en sewentigerjare. Die verklaring lê daarin dat die rockgehoor al hoe ouer - nes die musikante - raak en wat daarmee saamgaan, is dat hulle meer geld het. Hoe meer geld mense het, hoe konserwatiewer raak hulle.

Na die musiekbedryf vir 'n rukkie geskud was toe die punks op hulle naar geword het, is alles nou weer terug na, kom ons noem dit maar, normaal.

Die kapitaliste trek al weer die toutjies en nog meer (hier dalk andersom, as jy verstaan wat ek bedoel).

Dit laat ons met 'n dooie rockbedryf. Pete Townshend is toe 'n profeet.

Ek weet bogenoemde jeremiade is vrot van growwe veralgemenings, maar ek sal daarby staan en volstaan.

Die rede vir die kermrede lê by Carter the Unstoppable Sex Machine. Ek lees nou die dag dat 'n skamele 2 000 pond beskikbaar was vir die opname van 101 Damnations. Dit is deksels onregverdig, om die minste te sê.

Ek wil nie elke week kla oor ons plaaslike platemaatskappye (hulle het seker ook maar 'n job om te doen en dít word deur die konserwatiewe musiekbase bepaal) kla nie, maar hulle is nog erger as die Britte. So moenie 101 Damnations ooit op plaaslike en meer bekostigbare druk verwag nie. En dit is 'n helse verlies.

Raait, dit is nou van my hart af.

Carter the Unstoppable Sex Machine

Jimbob en Fruitbat is Carter. Hulle naam moet mense nie onder die verkeerde indruk bring nie. Hulle is twee nie-seksistiese sosialistiese kêrels uit die suide van Londen wat glo aan humor, maar met genoeg sosiaalbewuste ems oor die rommelhoop waarin die Ysterkoei van Downingstraat hul land gelaat het.

Dié kombinasie is reeds duidelik voordat jy nog na die plaat geluister of selfs die lirieke gelees het.

Die wit omslag is bespikkel met swart kolle - nes 'n dalmation. Daar is egter 114 kolle op. Hoekom weet ek nie.

Ek het met my inleiding al hard genoeg slim probeer wees om nou te probeer om een of ander mistieke rede te soek oor hoekom dit nie 101 is nie.

Die duet se musiek bestaan uit twee elektriese kitare, 'n ritmekas, samples en dringende punkerige vokale wat my aan Johnny Lydon s'n laat dink. Hoewel Jimbob se stem nie so klink nie, herinner sy sangstyl aan dié van Michael Stipe van REM.

Dit is een van die warmste dansplate wat ek in 'n lang tyd gehoor het. Dit is melodieus, opwindend en vars. Anders as die gemors waarna ek hierbo verwys het.

Die tweestuks se lirieke is net so heerlik. Dit wemel van puns en ek was nog altyd een vir puns (die twee-vuis een natuurlik).

Elke keer as ek op 'n raaf oor die plaat gaan en dit die eerste keer vir mense speel, sit hulle effens ongemaklik deur die eerste minuut. Dit is die snit, Road to Domestos, wat 'n hemoemde kerkgesang is en beëindig word deur 'n masjiengeweersarsie.

En dan begin die pret. Eintlik emstige pret as jy gaan luister na die lirieke van Everytime a Churchbell Rings. Dit gaan oor selfmoord, oor "bonny Clive" en eindig sinies met "and walking back to happiness/ whoop bye oh yeah yeah!".

Daarna jaag hulle na Tulse Hill soos die Beasties se No Sleep Till Brooklyn met 'n nog opwindender kitaar.

An All American National Sport gaan oor 'n persoonlike hel met die skerp openingsfrase "I unpacked my troubles/ from an old Safeways bag". Die rou Pretenders-tipe kitare trek soos 'n stadige flikkerlig in stereo tussen die twee luidsprekers.

Die algehele hoogtepunt van die plaat (tot sover) is Sheriff Fatman. Soveel spoed, soveel adrenalien, soveel melodie gaan jy nie maklik weer in vier minute kry nie.

Die laaste snit op kant een, The Taking of Peckham 123, het een van die beste aanbevelings in popmusiek vandag. Dit laat Tom Waits (o ja, sit hom saam met Prince op die troon) dadelik in jou musikale geheue opkom. Nie net die kitare nie, maar ook die strofe "and the carnivore queen/ who's looking for the 3 scrooges".

Kant twee begin met Crimestoppers A' Go-Go - ska in die Bad Manners-pret op die dansvloer sin.

A Perfect Day To Drop The Bomb is 'n nagmerrie in lewende lywe met kitare teen nekbreekspoed en sampling wat jou 'n voorsmakie van die armageddon gee.

Die plaat sluit op 'n hartseer noot af met GI Blues. Dié liedjie het dieselfde struktuur as Lennon se God en eindig met 'n verlate playground-weergawe van "I wish I was in Dixie".

Ek is skoon uitasem.

Carter moet tog nooit stop nie.

Long Live Carter!

Engel links en engel regs

VICTOR MUNNIK

DIS opwindend om van week tot week deur baas Frikkie die toekoms ingelei te word, wie kan nou daarmee stry?

Wat my egter laat kopkrap is die beeldmateriaal uit die parlement, waar hy telkens 'n engel oor die regter- en 'n engel oor die linkerskouer het.

Terwyl baas Frikkie die een wet na die ander afskaf, sluimer en slaap die engel op sy regterskouer. Terwyl 'n algemene stemlys en oop stede beplan word, knik sy kop effens. Die bebaarde linkse engel sit en kyk net mooi voor hom.

Soos die kenners op M-Net gesê het oor die kinderprogramme: "Geweld wat nie realisties uitgebeeld word nie, word ervaar as interaksie tussen goed en kwaad." Ja-nee.

My probleem

Die einste geleerdes waarsku dat te veel TV-kyk kan lei tot anti-sosiale gedrag en emosionele probleme.

Dis waar, hoor. Hier teen die einde van Ramadaan wys M-Net hoe vrouens in Pakistan in die tronk gegooi word omdat hulle probeer trou en slaap met mans van hulle keuse.

En dan adverteer M-Net nog hul program "Essence" met die sappige stukkie: "My probleem. Ek wil graag my man doodmaak maar ek is nie sterk genoeg nie."

Dinosourussie

Verder sê die kenners ons moet oppas om nie duistere dinge te lees in onskuldige simbole soos sterre en reënboë nie.

Dit bly tog vir my duister hoekom M-Net so 'n vrot fliek op aardedag moet vertoon. Twee verliefde wetenskaplikes vind 'n verloopte dinosourusfamilie naby Nelspruit. 'n Mal geleerde beroof hulle, met die hulp van 'n tuislandregering, van die lewende fossiel. 'n Jaagtog en skietery volg. 'n Dorpie in Gazankulu word uitgewis. Die bakkie val om met die kleintjie agterop.

Die dinosourusse is vertolk deur hurkende mense met grysgeverfde stukke seil oor.

Die aand van aardedag het M-Net se Carte Blanche egter deeglik bewys gelewer dat hulle better kan 50/50 as 50/50 self.

Veral die regverdige verontwaardiging oor die ondergrondse vuur van Witbank, wat 'n ondergrondse gifdam geword het toe dit met rioolwater probeer doodgooi is.

Penaries

Ai, die arme Sandra en Simon, stout soos hulle is. Nes hulle regstaan om die liefde in 'n modderdam te ontdek, kom die polisie daar aan.

Die rooikop Dolly Dull, ook op M-Net, beland ook in vreemde penaries. Nadat sy haar siel sessie vir sessie aan 'n shrink blootgelê het, raak die shrink verlief op haar!

Ek en jy raak mos verlief omdat ons so min van mekaar weet.

Dis lekker

Het u geweet in Pretoria werk net 1200 mense vir die belastinggaarder?

Grappies op 'n stokkie, hier is nou 'n voorbeeld van TV wat sy werk mooi doen. Noodsaaklike inligting is op 'n boeiende wyse oorgedra. En daar is sommer 'n wysheidjie by: "Dis 'n voorreg om genoeg geld te verdien om belasting te betaal."

Swangerskap maak goeie drama

SO WHERE TO?
Deur Smal Ndaba
Met Lindeni Mahlobo, Busisiwe Zofuka, Tina Jaxa, Doris Sihula en Smal Ndaba.
Regie: Phyllis Klotz en Smal Ndaba.
In die Joseph Stone Auditorium.

ARNOLD BLUMER

JOHN KANI het tereg onlangs opgemerk dat al die groot toneelpryse in die land uitgedeel word aan opvoerings wat plaasvind in die sogenaamde hoofstroomteaters, terwyl dit wat op teatergebied in die townships plaasvind skaars opgemerk word. En dit is jammer, want daar in die townships word nie net die meeste, maar ook van die mees opwindende teater opgevoer.

Smal Ndaba en die Sabikwa Players se "So Where To?" is so 'n stuk, 'n slim geskrewe didaktiese drama, maar nie van die eensydige, vingerswaaiende soort nie, eerder een wat rondom verskeie temas vrae vanuit verskillende perspektiewe stel. Dit gaan om drie swanger skoolleerlinge wat in 'n kliniek wag om geboorte te skenk.

Amanda (Tina Jaxa) se pa (Smal Ndaba) daag op en na 'n hewige argument - Amanda wil nie sê wie is die pa van haar kind nie - en die geboorte word vasgestel die pa van die kind is 'n wit soldaat.

Die regisseurs het aan elk van die vroue 'n duidelik omlynde karakter gegee; Clara is die comrade in die struggle wat witmense verfoei, Busi (Busisiwe Zofuka) is die verwende rykmanskind wat dink niks is mooier as seks met 'n witman nie en Amanda verlang net na liefde. Die uiteenlopende karakters sorg natuurlik ook vir heelwat dramatiese spanning en vermaak.

En dan is daar die formidabele speeltalent van al vyf akteurs, al had sommige van hulle maar relatief min ondervinding. Kostelik is byvoorbeeld die manier waarop die drie vroue hulle swangerskap deur hulle liggaamshouding uitdruk, elkeen anders en tog speel hulle saam as 'n hegte ensemble. Ook daarom is die uit Amerika ingevoerde beoordelingsskaal vir beste akteur, beste aktrise ensovoorts nie toepasbaar op sulke opvoerings nie, want hier sou die hele ensemble bekroon moet word. Dit gaan om gemeenskapswerk, om 'n kollektiewe poging om saam iets op die been te bring, terwyl die Westerse maatstok wat ons sonder om te dink in Suid-Afrika oorgeneem het, net nog individuele prestasies kan meet.

Ten slotte: ek het al meermale gepleit vir teater wat die jeug (12 tot 18 jaar) se probleme aanspreek. By die hoofstroomteaters skitter dit in sy afwesigheid. Maar hier wys die Sabikwa Players hoe dit gedoen word.

Van spogbuurt tot uithangplek vir ducktails



Twee uiteenlopende foto-tentoonstellings is nou in die Mark se galerye te sien: Paul Weinberg se "Shaken Roots", foto's wat hy oor vyf jaar van die Boesmans in Namibië geneem het, hang nog tot môre. Heel bo is 'n foto van Vasekela-soldate net voor demobilisasie.

Jenny Gordon se "Around Troyeville", is nog tot 19 Mei in die Foto-Galery te sien. Dié foto's bied 'n intieme insig in die lewens van die mense van 'n "grys gebied" waar middelklasmense van alle rasse, jong kunstenaars en arm pensionarisse in die moderne "urban renewal"-huise en Viktoriaanse spoghuise woon.

Toe Morkel en Du Toit in 1889 erwe in die Diggers News geadverteer het, het hulle die nuut geproklameerde Troyeville, Jeppe en Fairview in Johannesburg só beskryf: "Beauteous in its natural loveliness, with a view of the rugged hills on either side and the picturesque vale beneath, the limpid stream in the distance, the view of the city stretching round... "

In die jare vyftig het 'n stadsraadslid dit as 'n uithangplek vir "ducktails en juvenile delinquents" beskryf. 'n Opname het in 1965 bevind dat "lae-inkomstegroepe insluitende kleurlinge en mense wat sosiaal wanaangepas is" daarheen gaan. Na dekades van "urban renewal", kla inwoners nog oor prostitusie, rondlopery, aanvalle, vullis wat onwettig neergegooi word en "nie-blankes".

'n Honderd jaar na die stigting van die spogbuurt word Troyeville beskou as 'n voorbeeld van stedelike verderf. Bo en links is twee van Gordon se foto's.

'Talk Radio' versterk 'n mens se oortuiging dat die mensdom 'n walglike, onverdraagsame klomp dwepers is in 'n wêreld wat al regser en meer bekrompe word . ANDREA VINASSA ondersoek dié verskynsel in twee rolprente wat vandag being draai

Geiger-teller

vir menslike vooroordeel



Kevin Kline as Donald Woods en Denzel Washington as Steve Biko in 'Cry Freedom'

TWEE "belangrike" rolprente begin vandag draai: albei is doku-dramas gegrond op ware verhale waarin die hoofkarakters "moeilikheid gesoek het" en dit gekry het toe hulle deur vuil spel om die lewe gebring is.

Die een is Oliver Stone se minimalistiese "Talk Radio" - dit is beslis sy beste prent naas "Salvador" - wat 'n mens se oortuiging, dat die mensdom 'n walglike, onverdraagsame klomp dwepers is in 'n wêreld wat al regser en meer bekrompe word, versterk.

Die ander prent is Richard Attenborough se omstrede "Cry Freedom" wat gegrond is op die redakteur Donald Woods se verhouding met die Black Consciousness- aktivis Steve Biko, meer spesifiek op Woods se outobiografie, "Asking for Trouble". Dis 'n opruiende prent, meer skouspel as dokument.

"Talk Radio", 'n toneelstuk deur Eric Bogosian wat ook die hoofrol speel, is binne enkele weke, vir 'n appel en 'n ei, in een vertrek en met net 'n paar akteurs vervaardig; terwyl "Cry Freedom" jare lank in pre-produksie was en miljoene gekos het. Albei prente is vir ons in hierdie land uiters betekenisvol: dit is prente wat meer as blote vermaak is.

"Talk Radio" is gegrond op die omstrede dood van die aanbieder van 'n radio-geselsprogram en die boek "Talked to Death: The Life and Murder of Alan Berg" wat daaroor geskryf is. Berg is na verskeie waarskuwings van allerlei vreemdsoortiges deur 'n neo-Nazi-moordbende vermoor.

Praat van doodsdreigemente: die verspreiders en van die individuele bestuurders van die teaters waarin "Cry Freedom" vertoon word, is nou die teikens van die soort regse verontwaardiging wat Berg sy lewe gekos het. Hulle het al weke voor die uitreiking begin dreigemente kry. Wie weet, dalk breek daar soos julle hierdie woorde lees geweld in die teaters uit.

Champlain, die naam van die professionele kakprater in die prent, is 'n soort eietydse Lenny Bruce met 'n skerpioenangel, 'n wrede, siniese en baie snaakse man met 'n kompulsiewe behoefte om sy luisteraars se verborge vrese, onsekerhede en inhibisies te konfronteer. Hy is 'n Geiger-telbuis vir menslike vooroordeel.

Wat dit so aangrypend maak is dat 'n mens nooit seker is waar Champlain se vooroordele en onsekerhede eindig en dié van sy luisteraars begin nie. Stone en Bogosian se uiteensetting van Champlain se veeldimensionaliteit as 'n karakter, sy lewenslustigheid, verwikkeldheid en sy weerloosheid boei deurgaans.

Dit is baie meer as wat gesê kan word van "Cry Freedom". Terwyl Stone en Bogosian in die donkertes van hul karakters se siele delf, krap Attenborough op die oppervlak rond met imposante tonele van polisie-klopjagte in die townships en optogte van kinders. Maar dit is 'n epiese huldeblyk aan Biko en Woods wat allermins die kompleksiteit van die karakters en hul politieke milieu raakvat.

Net 'n mens met 'n hart van klip sal nie ontroer word deur Denzel Washington se vertolking van Biko, sy marteling en die moord op hom nie. Ek het die prent so twee jaar gelede gesien en kragtige tonele soos Biko se begrafnis, Casspirs in Crossroads en enkele gesprekke tussen Biko en Woods het my bygebly. Dit is moeilik om die prent as artistieke eenheid te beoordeel voor ek dit weer onder oë gekry het.

Attenborough is van alle kante gekritiseer... Azapo het aanvanklik gesê hy het Biko se filosofieë vervals om aan te voer dat Suid-Afrika aan wit en swart behoort en nie net aan swart nie. Die PAC het die suggestie van 'n verband tussen hulle en die ANC verwerp. 'n Amerikaanse kritikus het gekla Attenborough fokus op die middelklaslewens van wit liberales en negeer die lyding van miljoene swartmense.

Dit is natuurlik nie heeltemal waar nie. Attenborough het nooit gesê hy maak 'n prent oor Biko nie, dit sou te aanmatigend gewees het, het hy gesê. Hy het 'n kompromie aangegaan en die dramatiese fokus gedeel tussen Woods en sy ontvlugting uit Suid-Afrika en Biko se lewe. Ongelukkig is die sentimentele afskeidstonele, die finale partytjie, die belaglike hond en die grapperige "chase", inherent minder dramaties as Biko se marteling en van die middel van die prent stuur alles op 'n monumentale anti-klimaks af.

Attenborough trivialiseer ook die traumatiese ervaringe van die Woods-gesin: hulle huis was vol afluistertoestelle en hulle is voortdurend lastig geval. deur die veiligheidspolisie. Die besluit om die gesin te ontwortel - die jongste kind was 5 en die oudste kind was 14 toe hulle gevlug het - kon nie maklik gewees het nie. In teenstelling met die gewilde opvatting dat hulle geword het uit Donald se boeke en anti-apartheidswerk, woon hulle die afgelope dertien of wat jare in betreklike armoede. Die dreigemente het nie geëindig toe hulle in Londen gaan woon het nie en die psigologiese druk het veral by Wendy Woods sy tol geëis.

Daar is ook derduisende besonderhede waaroor 'n mens kan kibbel: die polisie word noodwendig as dom boewe uitgebeeld, die klein strandmeer in Jimmy Kruger se tuin, en die manier waarop sy berugte stelling - "the death of Steve Biko leaves me cold" - uitgebeeld word.

Maar die redes vir 'n mens se frustrasie is die fatsoenlike vroomheid van Attenborough se regie, die gebrek aan ideologiese deurdagtheid en die steun op emosionele manipulasie eerder as die serebrale.

As Oliver Stone maar net vir Biko beetgekry het...

'Cry Freedom': *Waar Afrikaners [redacted] almal 'closet'-polisiemanne is*

ANDRÉ VAN NIEKERK

EK het "Cry Freedom" in Londen gesien toe ek 'n soort "tydelike exile" was en dus nogal na Suid-Afrika verlang het. Ek het gehoop vir 'n klomp nostalgiese beelde-van-Afrika. My hoop is net gedeeltelik verwerklik.

(Ek dink nou aan sulke bekende beelde soos polisie wat ongewapende mense agternajaag om hulle pap te slaan, of stootskrapers wat pondokkies platstoot, of lede van die veiligheidstak wat arme liberale redakteurs teister: daarvan kry jy beslis genoeg in dié fliek.) Ek het eintlik goed soos asemrowende vergesigte, Suid-Afrikaanse aksente en bekende plekke gesoek, maar ek was op dié gebied teleurgesteld.

"Cry Freedom" begin met 'n toneel van 'n plakkerskamp, kompleet met kaartuitknipsel van Tafelberg in die agtergrond. Die beeld het blitsvinnig van die skerm verdwyn, maar ek het die gevoel gekry dat as 'n plakkerskamp daar opgerig was waar 'n mens dié lekker lang plat berg met twee klein pieke aan weerskante kon sien, dan het die mense lank voor die onvermydelike polisie-klopjag verdrink.

Na dié vestigende tonele om die oorsese mark te laat weet hulle is in 'n "heavy" land, begin die bekende storie van die ontwikkeling van 'n vriendskap tussen Donald Woods en Steve Biko.

Ongelukkig verteenwoordig die verhouding net 'n klein gedeelte van die globale verhaal, want wat Richard Attenborough eintlik wou doen is om "The Sound of Music" in die jare tagtig oor te vertel.

Hy wy die meeste van die prent aan die regering se vervolging van die Woods-gesin, en dan, as Hollywoodagtige hoogtepunt, hul ontsnapping oor die SA-Lesotho-grens toe daar, ongelukkig vir Attenborough, geen polisie, honde of Berlynse muur was om dinge vir Woods te bemoeilik nie.

Inteendeel, nadat Woods Lesotho bereik het, kon die res van die gesin Suid-Afrika seker wettig verlaat. Daar word in elk geval nie verduidelik waarom hulle so bang was om die grens openlik oor te steek nie.

Die beste aspek van "Cry Freedom" handel oor Woods en Biko se ontmoeting en gesprekke.

Dit is jammer Attenborough het nie hierop gekonsentreer nie. Hoewel Attenborough Brits is, is dit deur en deur 'n Amerikaanse prent. Hy offer die intieme psigologiese aspek op vir 'n vinnige avontuurfliek vir die Amerikaanse massa-mark. Ironies was die prent juis hiér 'n groot flop.

Buiten enkele werklik dramatiese oomblikke - Biko se inhegtenisneming, die vergiftiging van die Woods-kinders met besmette T-hemde - is die verhaal 'n intieme een en het 'n mens 'n meer serebrale aanslag gemis, byvoorbeeld die ontwikkeling van Woods se politieke bewussyn en hoe Biko hom geleidelik begin vertrou het.

Nog drie prente oor Suid-Afrika is sedert "Cry Freedom" in die buiteland uitgereik: "A World Apart", "A Dry White Season" en "Mapantsula". "Cry Freedom" is waarskynlik die een wat die minste geslaag het.

"A Dry White Season" is nog vis nog vlees. Dit is gegrond op 'n roman wat die gewetensbotsings en die ontwikkelende politieke bewussyn van 'n gewone burger uitbeeld en het as 'n mislukte politieke riller op die silwerdoek doodgeloop. Pleks daarvan dat Euzhan Palcy getrou gebly het aan André Brink se roman, of die draaiboek heeltemal as riller oorgeskryf het, beland die fliek in dieselfde kategorie as "Cry Freedom": as 'n riller sonder spanning of 'n avontuurfliek sonder avontuur.

Dit is interessant dat "A World Apart" en "Mapantsula" kop en skouers bo die ander staan: albei bemoei hulle by gebeure waarmee die Suid-Afrikaanse skrywers vertroud is, is ingestel op individue se ontwikkelende bewussyn en is verreweg minder bewus van die internasionale pseudo-anti-apartheidsmark.

"Cry Freedom" kort al die sterk punte van die twee bogenoemde flieks en het nog 'n klomp irriterende aspekte daarby, soos Nkosi Sikelel iAfrika wat op Hollywood se duisend vioolsnare gespeel word, en Amerikaanse akteurs wat met wisselende sukses die Suid-Afrikaanse aksent naboots. Die ergste is die rassistiese houding wat uitslaan in die uitbeelding van die polisiemanne en die implikasie dat alle Afrikaners "closet"-polisiemanne is, terwyl al die goeie ouens of swart of Engelssprekend is.

"Cry Freedom" is dus 'n prent wat gemik is op die "concerned" internasionale mark, en daardeur sy aanspraak op eerlikheid en diepsinnigheid kwyt is. Die prent bly getrou aan die buitelandse beeld van Suid-Afrika en paal die heersende vooroordele.

TEATER

JOHANNESBURG

Mbongeni Ngema se TOWNSHIP FEVER is tans by die Markteater te sien. Elke aand om 8nm.
Tel: (011) 832-1641.

By die Laager, Markteater is THE GOOD SOLDIER SVEJK onder regie van Neil McCarthy te sien. Elke aand om 8.30.
Tel: (011) 832-1641.

WE'LL MEET AGAIN is terug by die Soundstage in Midrand, omdat die mense dit so wil hê, sê hulle.
Met Dianne Chandler.
Tel: (011) 805-1845.

BLUES IN THE NIGHT met Mara Louw, Natalie Gamsu, Lionel Petersen en Felicia Marion is by die Warehouse, Markteater elke aand om 8.30. Tel: (011) 832-1641.

By die Alexanderteater is Richard Loring in JOSEPH AND THE AMAZING TECHNICOLOR DREAMCOAT te sien.

ROMANCE ROMANCE met Kate Normington en Mark Richardson is by die André Huguenet-Teater te sien.
Tel: (011) 725-6300.

By die Windybrow teater is dit die Dalro Pot-Pourri kuns fees.
Tot 28 April.
Tel: 724-3301.

Bill Flynn en Jana Cilliers tree in THE MAINTENACE MAN by die Alhambra-Teater op.

PRETORIA

TRUK opera se DER ROSENKAVALIER met Carla Pohl and Regina Klepper in die Staatsteater.

KAAPSTAD

Baxter-Teater, Mainstraat: Hoofteater: Kaapstadse filmfees tot 5 Mei.
Tel: (021) 685-7880.

In die Studio is dit die opvoering HAPPY JACK met Charles Komein and Joyce Dalton. Tot 12 Mei.
Tel: (021) 685-7880.

In die Concert Hall lewer Max Collie, die gewilde hipnotiseur, vanaf 30 April tot 26 Mei 'n vertoning.
Tel: (021) 685-7880.

Nico Malan, Strandgebied; STILLE NAG is te sien in die Teater.
Tot 21 April.
Tel: (021) 21-5470.

In die Operahuis is dit SLEEPING BEAUTY.
Tot 19 Mei.
Tel: (021) 21-5470.

NU METRO THEATRES

NOW SHOWING
27 April-3 May. BOOK AT COMPUTICKET

HYDE PARK METRO 447-3091 1-6

SEX, LIES AND VIDEOTAPE
James Spader, Andie MacDowell (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.30, 10.00

TANGO & CASH
Sylvester Stallone, Kurt Russell (2-15)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

WE'RE NO ANGELS
Robert DeNiro, Sean Penn (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.30, 10.00

TALK RADIO
Eric Bogosian, Alec Baldwin (2-16)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.30, 10.00

BORN ON THE FOURTH OF JULY
Tom Cruise, Willem Dafoe (2-19)
DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.30

HARLEM NIGHTS
Eddie Murphy, Richard Pryor (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO CITY 1-8
(Formerly Ster City)
Cnr. CLAIM/PLEIN ST.
337-3033/23-5871
Safe parking at Jack Mincer

CRY FREEDOM
Denzel Washington, Kevin Kline (2-19)
DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45

TANGO & CASH
Sylvester Stallone, Kurt Russell (2-15)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

WE'RE NO ANGELS
Robert DeNiro, Sean Penn (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

LAMBADA
SET THE NIGHT ON FIRE
The Hottest Dance Movie of the Year! (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

CAT CHASER
Peter Weller, Kelly McGillis (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

SHIRLEY VALENTINE
Pauline Collins, Tom Conti (2-16)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

WITHOUT A CLUE
Michael Caine, Ben Kingsley (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

HARLEM NIGHTS
Eddie Murphy, Richard Pryor (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BALFOUR PARK METRO 887-8548

CRY FREEDOM
Denzel Washington, Kevin Kline (2-19)
DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45

TANGO & CASH
Sylvester Stallone, Kurt Russell (2-15)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

ALBERTON METRO 907-2362

CRY FREEDOM
Denzel Washington, Kevin Kline (2-19)
DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45

TANGO & CASH
Sylvester Stallone, Kurt Russell (2-15)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

LEBA KLERKSDORP (018) 24564

BORN ON THE FOURTH OF JULY
Tom Cruise, Willem Dafoe (2-19)
MON-THUR: 10.00, 2.15, 5.30, 8.30
FRI-SAT: 10.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.30

HOMEBOY
(2-16)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339

CRY FREEDOM
Denzel Washington, Kevin Kline (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

TANGO & CASH
Sylvester Stallone, Kurt Russell (2-15)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266

400
CRY FREEDOM
Denzel Washington, Kevin Kline (2-19)
MON-FRI: 5.45, 8.30. SAT: 2.30, 5.45, 8.30

150
HARLEM NIGHTS
Eddie Murphy, Richard Pryor (2-19)
MON-FRI: 6.00, 8.30. SAT: 2.30, 6.00, 8.30

BEDFORDVIEW METRO 616-6828 1-6

TANGO & CASH
Sylvester Stallone, Kurt Russell (2-15)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

CRY FREEDOM
Denzel Washington, Kevin Kline (2-19)
DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45

WE'RE NO ANGELS
Robert DeNiro, Sean Penn (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

CAT CHASER
Peter Weller, Kelly McGillis (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

SHIRLEY VALENTINE
Pauline Collins, Tom Conti (2-16)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

SEX, LIES AND VIDEOTAPE
James Spader, Andie MacDowell (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

HILLBROW METRO 724-2511
1-7 (Parking in basement)

CRY FREEDOM
Denzel Washington, Kevin Kline (2-19)
DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45

TANGO & CASH
Sylvester Stallone, Kurt Russell (2-15)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

SEX, LIES AND VIDEOTAPE
James Spader, Andie MacDowell (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

TALK RADIO
Eric Bogosian, Alec Baldwin (2-16)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

CAT CHASER
Peter Weller, Kelly McGillis (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

WE'RE NO ANGELS
Robert DeNiro, Sean Penn (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

WITHOUT A CLUE
Michael Caine, Ben Kingsley (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

RANDBURG METRO 787-0340

WITHOUT A CLUE
Michael Caine, Ben Kingsley (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

7 ARTS NORWOOD 483-1680

THE READER
Miou-Miou (2-18)
Directed by Michel Deville
DAILY: 2.00, 6.00, 8.00, 10.00

SHARE THEATRES 494-1137
1-8 ALL ADMISSIONS R2,50

MYSTIC PIZZA
William R. Moses, Julia Roberts (2-16)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

CRY FREEDOM
Denzel Washington, Kevin Kline (2-19)
DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45

HARLEM NIGHTS
Eddie Murphy, Richard Pryor (2-19)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

LEAN ON ME
Beverly Todd, Robert Guillaume (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

TANGO & CASH
Sylvester Stallone, Kurt Russell (2-15)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

UNCLE BUCK
